

# *DIE AFRIKAANSE SPREEKTAAL*

# Die Afrikaanse Spreektaal

deur

P. de V. PIENAAR

(Hoogleraar in Fonetiek en Spraakheelkunde,  
Universiteit van die Witwatersrand)



J. L. VAN SCHAIK., BEPK., PRETORIA

1947



— Gedruk in Pretoria en uitgegee deur —  
J. L. van Schaik, Bpk., Librigebou, Pretoria.

## INHOUD

### HOOFSTUK

I	Fisiese eienskappe, Spraak en Skrif . . . . .	7
II	Die Spraakorgane . . . . .	17
	Die Ontvang-apparaat . . . . .	29
III	Taal en Spraak . . . . .	33
IV	Die Afrikaanse Spreektaal . . . . .	40
V	Die Afrikaanse Spraakklanke . . . . .	45
VI	Die Sosiale Funksie van Spraak . . . . .	87
VII	Die Spraakgesteurde . . . . .	100

## HOOFTUK I

### FISIËSE EIËNSKAPPE, SPRAAK EN SKRIF

Ons woon in 'n *heelal* van *lig*, maar in 'n *wêreld* van *geluid*. Wat bedoel ons daarmee? Ons gewaar die lig van son en sterre 'wat miljoene myle ver deur 'n lugleë ruimte na die ontvangtoestel van die mens, die oog, kom teen die verbasende snelheid van omstreeks 186,000 myl per sekonde. As die oog so beskuldig is dat dit nie meer die liggolwe kan opvang en na die harsings stuur nie, dan bestaan vir so 'n persoon geen lig nie, net donkerte.

In die *wêreld* van geluid staan sake anders. Om met ons ontvangtoestel, die oor, geluide te gewaar, moet ons omgewe wees van lug, want dis hoofsaaklik deur lug dat ons bewus word van geluid, soos ons strakies nader sal verduidelik. As daar tussen die oor en die bron van geluid 'n lugleë ruimte sou ontstaan, sou die oor niks hoor nie. Ook vir diegene wie se ontvangtoestel so beskuldig is dat dit nie die „geluid” na die harsings kan bring nie, bestaan daar geen geluid nie.

In teenstelling met die groot snelheid van lig beweeg geluid redelik stadig deur die lug, naamlik teen omstreeks 1,100 voet per sekonde of ongeveer 760 myl per uur. Dit is waarom ons die wit rokie van die treinfluit in die verte sien 'n rukkie voordat ons die geluid hoor.

Wat het die lug dan met geluid te doen? As u 'n stukkie rek sou vat, dit span en daarna daaraan pluk, dan beweeg die rek heen en weer totdat dit naderhand tot stilstand kom. Ons sê die rek is elasties, en soos 'n veer as dit saamgedruk word, skiet dit uit as die drukking verwyder

word, ruk weer terug, beweeg heen en weer, totdat dit eindelijk tot stilstand kom. Die lug het ook hierdie eienskap: dit kan saamgepers word en as die drukking verwyder word, sal dit heen en weer beweeg totdat die eindelijk tot stilstand kom. Dit spreek dus vanself dat ons feitlik niks kan doen wat nie die lug rondom ons in beweging stel nie. As die voorwerp wat die lug in beweging stel, sy bewegings reëlmatig herhaal, dan het ons 'n reeks lugdrukveranderinge wat net soos watergolwe, vanaf die plek waar 'n voorwerp die oppervlakte raak, in alle rigtings van die trillende voorwerp weg beweeg. Verstaan goed, dis nie die lug wat beweeg nie, net die denkbeeldige lugdeeltjies wat so heen-en-weer skommel. Die een gee aan die ander die verhoogde lugdruk aan om dan terug te skiet, selfs verby die russtand om oomblikke van verminderde lugdruk te laat ontstaan. Dis hierdie luggolwe van vermeerderde en verminderde druk wat, as hulle sterk genoeg is, en as hulle nie te laag of te hoog is wat hulle trillingsaantal per sekonde betref nie, deur die ontvangtoestel, die oor, opgevang word. Vandaar word hulle na die harsings geneem, waar ons dan geluid geword word. Ek sê: nie 'n te hoë of nie 'n te lae aantal trillinge per sekonde nie, want die mens hoor geen geluid as die trillings hoër as omstreeks 20,000 per sekonde of laer as ongeveer 16 per sekonde is nie.

Nou wil ons nie voorgee dat geluid net deur die lug oorgedra kan word nie. Water, draad, hout, enige stof waarvan die samestellende deeltjies heen-en-weer kan beweeg, kan geluid oordra, en hoe digter die samestelling van die stof, hoe vinniger die geluid oorgedra word. Die geluidsgoleiding langs 'n staaldraad sal bykans 16 keer so vinnig wees as die snelheid daarvan deur die lug. Daar is natuurlik 'n baie vinniger manier om geluid oor te dra, maar dit vereis tegniese middele om die geluidsgolwe om te stel in elektriese golwe wat dan 'uitgesaai' word en teen die snelheid van lig beweeg. Hulle kan egter nie deur die gehoor opgevang word nie en moet eers weer deur apparaat omgestel word in luggolwe, voor 'n mens die geluid kan hoor.

Geluid kan op verskeie maniere tot stand kom: deur byvoorbeeld gespanne snare te stryk, te slaan of te tokkel; deur lugkolomme te laat tril soos wanneer 'n mens oor die bek van 'n bottel blaas; deur 'n rietjie of die lippe voor 'n buis te laat tril; deur gespanne membrane van vel of yster te laat beweeg. In die meeste genoemde gevalle sal *musikale geluide* of *tone* ontstaan. Hulle verskil van *geruise* wat ons hoor: as die wind deur die boomtakke suis; as 'n skoot afgevuur word; as lug deur 'n gaatjie in 'n wielband ontsnap; as 'n stuk papier in die wind fladder. Gewoonlik hou ons meer van tone as van geruise, maar ons voorkeur hang nog van ander dinge af, soos ons later sal sien.

Die verskil tussen 'n musikale toon en 'n geruis is hierin geleë dat die golwe van die musikale toon reëlmatig herhaal word, terwyl die golwe van 'n geruis onreëlmatig, chaoties mekaar volg. †

Kan die mens albei soorte golwe deur sy spraakorgane voortbring? Fluit 'n noot en vergelyk die toon met 'n siggeluid as u lug tussen die tande deurblaas, of met die knalgeluid wat volg op 'n skielike verbreking van saamgeperste lug agter geslote lippe. Op die gestelde vraag moet ons dus instemmend antwoord. Later gaan ons die spraakklanke self ontleed of hulle tone of geruise of albei bevat.

Voorlopig wil ons eers nagaan watter eienskappe die geluidsgolwe nog het., Vireers natuurlik vind ons dat vir 'n bepaalde tydsduur, byvoorbeeld een sekonde, verskillende geluide verskillende aantalle golwe toon. Gestel ons neem 'n gespanne snaar wat 64 keer per sekonde tril. As ons dit halveer, sal die trillingsaantal van elke helfte verdubbel en die toonhoogte van die lang snaar sal 'n oktaaf laer wees as die kort snaar s'n.

Soos ons reeds gesê het, kan ons net trillings as geluid waarneem, as die frekwensie of die trillingsaantal daarvan tussen 16 en 20,000 per sekonde lê. Natuurlik het ons glad nie so'n groot trillingsomvang vir die spraak nodig nie, hoogstens tussen 80 en 6,000 trillings vir van die laagste manstem tot die hoogste vrouestem. En nou het ek sommer 'n geheim verklap wat ek eers later wou openbaar, naamlik dat ons die trillings-

aantal van die geluidsgolwe met die gehoor waarneem as *toonhoogte*. 'n Hoë stem, 'n hoë noot verskil van 'n lae dus net vanweë die trillingsaantal van die geluidsgolwe. Hoe gebruik ons hierdie toonhoogte in ons spraak? Die antwoord volg later.

Laat ons nou weer aan die snaar dink wat ons gespan en laat tril het. As ons na die bewegende snaar kyk, sal ons sien dat die afstand van die bewegings van die russtand al kleiner en kleiner word, die geluid al hoe dowwer, totdat dit heeltemal versterwe as die snaar stilstaan. Die toonhoogte bly altyd dieselfde. Hier vind ons dus 'n tweede eienskap van die geluidsgolwe, naamlik die grootte van die uitslag vanaf die russtand, of die „*amplitude*” wat, as die toonhoogte nie varieer nie, die *intensiteit* van die geluidsgolf bepaal. Die gehoor interpreteer hierdie wisseling van intensiteit as *geluidsterkte*. Dowwe geluide het dus geringe, harde geluide groot geluidsterkte. Dink solank na oor die gebruik hiervan in ons spraak.

Wanneer die snaar tril, kan ek te eniger tyd 'n end aan die trillings maak. Die tydsduur van die geluid se golwe kan dus wissel. Party geluide is kort, ander weer lank. Ook hierdie eienskap van geluid kan ons afwisselend in die spraak gebruik.

Eindelik een van die belangrikste eienskappe van die geluidsgolwe! Omdat lesers beter sal weet wat hulle gehoor waarneem, vra ons u om die geluid te vergelyk wanneer dieselfde noot op 'n klavier, 'n viool en 'n hobo gespeel word met dieselfde geluidsterkte en met dieselfde geluidsduur. Sal die resultaat nou drie presies eenderse geluide wees? U sê nee; elke instrument het sy eie *geluidskleur* of *kwaliteit*. Waaruit bestaan dit?

'n Geluidsgolf kan 'n eenvoudige patroontjie vertoon, soos die geluid van 'n gewone fluittoon wat net uit een toon, die sogenaamde grondtoon bestaan. Met 'n gevoelige apparaat opgeneem, lyk die golfspoortjies soos in fig. 1 afgebeeld is.

Daar is egter min geluide waarvan die golwe so eenvoudig saamge-



stel is. Ons kom gedurig saamgestelde geluide teen, wat uit die grondtoon (wat ons die noot gee) bestaan en 'n samestelling van *deeltone* waarvan die trillingsfrekwensie dikwels heelgetal-veelvoude van die grondtoon is, soos die van fig 2. Hierdie deeltone kan elk sy eie intensiteit hê en elke verskillende geluidskleur sal 'n eie golfpatroontjie vertoon. Die verskil tussen twee geluide met dieselfde grondtoon bestaan dus in die deeltone-samestelling. U het natuurlik opgemerk dat verskillende musiek-instrumente heeltemal anders van bou is en dis hierdie bou van die instrument wat bepaal wat die deeltone-samestelling sal wees wat die grondtoon moet vergesel.




Fig. 1 Enkelvoudige trilling (tussen A en B lê een trillingsperiode).

G'n musiek-instrument besit so'n ryke veranderingsmoontlikheid as die spraakorgane nie en derhalwe kry ons 'n eindelose aantal geluidskleur-moontlikhede wat die spraakorgane kan voortbring.




Fig. 2 Saamgestelde trilling. (Tussen A en B lê een trillingsperiode).

Dis vandag moontlik om gou instrumenteel te bepaal watter deeltone-samestellings verantwoordelik is vir die geluidskleur van 'n bepaalde

instrument of spraakklank. Amerikaanse geleerdes het hierdie uitkomstige gebruik om 'n apparaat te bou, die „Voder”, wat 'n mens soos 'n tikmasjien bespeel en as jy dan die deeltoon-samestellings vinnig na mekaar druk, kan jy sintetiese spraak deur die luidspreker hoor kom.

Ons het pas gesê dat die deeltoon-samestellings deur die instrument se bou bepaal word, maar hoe? Wie van u het al van *resonans* gehoor en van 'n *resonator*? Elke liggaam wat kan tril of lug wat in 'n ruimte is, het 'n natuurlike trillingsfrekwensie wat in laasgenoemde geval deur die grootte van die ruimte en die openinge bepaal word. As 'n trillende orgaan waarvan die trillingsfrekwensie 'n noue ooreenkoms met die van die lug in 'n omslote ruimte vertoon, in verband met die ruimte gebring word, dan hoor ons trillinge baie versterk weergegee. Tussen die resonator (lug-in-ruimte) en die trillende medium bestaan dan 'n toestand van *resonans*. Die viool het sy resonansbodem in die ruimte van die kisse onder die snare en selfs die ramkie met een snaar het 'n lampolieblik of 'n kalbas vir klankkas.

Die mens se spraakmeganisme kan meer as een resonator tegelykertyd in diens stel en dis deur hierdie resonatore se versterkte tone dat die deeltoon-samestellings waarvan ons so-ewe gepraat het, ontstaan.

Dis ook bewys dat die mure van die resonator 'n invloed op die uiteindelijke geluid het. Harde mure versterk die hoë deeltone en maak so'n klank skel of hard, terwyl sagte mure die hoë deeltone uitskakel en die geluid 'n dowwe kleur gee. Deur die spraakorgane se spier-mure wat hard of sag gemaak kan word, is die keuse van 'n geskikte bekleding van die ruimte moontlik.

Die mens gebruik geluid willekeurig om sy gedagtes, sy wense en gevoelens aan ander bekend te maak. Hy kan 'n ander middel ook gebruik—wat op die gesigsintuig gerig is, nie op die gehoor soos by geluid die geval is nie—naamlik skriftekens. Soos ons later sal sien, het hierdie twee stelsels nie baie gemeen nie, behalwe die feit dat albei die gebruiker in staat stel om met ander lede van sy gemeenskap in verbinding te tree.

• Hierdie geluide wat die mens gebruik, word deur die *spraakorgane* voortgebring. Ons noem dit *spraakorgane*, hoewel ons weet dat die organe wat ons gebruik om betekenisdraënde geluide voort te bring, ook vir ander doeleindes gebruik word: die mond vir die inname van kos; die neus vir asemhaling en reukwerk; die strottehoof om te keer dat vaste stowwe in die longe kom; die longe vir asemhaling.

• Allerhande soorte geluide kan deur die „spraakorgane” gemaak word, o.a. geruise soos knalle, sis- en wrywingsgeruise, ratelgeruise, en tone sonder en met geruise. Hierdie tone en geruise, musikale en nie-musikale geluide, is die boustowwe waaruit spraakklanke saamgestel is, en ons sal later uiteensit waarvoor die verskillende organe elk verantwoordelik is.

Ons wil hier egter benadruk dat die tone en geruise nie afsonderlik enige betekenis inhou nie, maar dat elke taal 'n *stelsel* van tone en geruise gebruik wat in verskillende verbindings met mekaar vir ons begrippe en voorstellings voor die gees roep. Nie alleenlik het ons dus in die taaluiting deur middel van spraak te doen met die verhouding van tone en geruise tot mekaar nie, maar word die ander elemente van geluid waaroor ons hoërop gesels het, nl. toonhoogte, geluidsterkte en duur ook vir betekenis aanduidende doeleindes deur die spraak gebruik.

As ons praat, dra ons nie net betekenis oor nie. Ons gee ook uiting aan ons gevoelens en ons wil 'n bepaalde indruk by ons luisteraars skep. Hierdie gevoelsbetoonde uiting kan ook die klankbestanddele van ons mededeling wysig. Vergelyk byvoorbeeld die spraak van iemand wie se toorn ontstoke is met diegene s'n wat om genade pleit; van die opgewekte met die bedroefde s'n; van die doelgerigte, vasberadene s'n met die van die weifelaar of huigelagtige. Vrolik kan die spraakklanke kabbel op die deining van 'n lewendige spraakritme met ryke tinteling van kleur (as ons 'n gesigsbeeld hiermee kan vergelyk), maar dit kan ook voorhamer-mokerhoue slaan, afgemete, onverbiddelik, swaar.

Hoe oneindig groot is die moontlikhede van uiting deur middel van

die *spraak*, die mens se algemeenste en oudste middel vir sosiale verstaanbaarheid. Heelwat jonger is die *skrif*, beperk ook wat sy gebruik-sfeer betref tot die meer beskaafde wêreldrasse. Maar die skrif is ook net so beperk waar dit die *spreektaal* moet weergee. Hierdie armoede word veral geopenbaar in die weergawe van die musikale spraakeienskappe, in die vertolking van gemoedstemminge. Daarteenoor het die skrif ook sy voordele. Wat op skrif gestel is, kan vir die nageslag bewaar word, kan maklik deur middel van die drukpers onder 'n groot leserkring versprei word. In een gedrukte werk van middelslag grootte kan 'n verbasende hoeveelheid feite-materiaal versamel word.

Ons kan natuurlik vandag die spreektaal ook so vaslê, maar dis 'n kosbare proses. Op die grammofoonplaat word die spreektaal in gleufies vasgelê wat weer in klank omgetower kan word. Op die klankfilm verskyn spoortjies of strepies van verskillende ligdigtheid wat, deur gebruikmaking van die liggevoeligheid van selenium-metaal, in elektriese golwe omgestel word. Hulle kan daarna weer deur middel van 'n luidspreker in klankgolwe verander word.

Met die alom-bekende radio het ons in hierdie eeu ook 'n middel om die spraak binne een sekonde vyfkeer om die aarde te stuur en kan ons dus oombliklik, waar opvangtoestelle bestaan, 'n oneindig groter hoorderkring bereik as met die skrif. Die wetenskap staan egter nie stil nie. Hierdie eeu sien ook die uitvinding van die televisie-apparaat, waarmee gesigsbeelde teen dieselfde snelheid as die radio-klankbeelde deur ruimte gestuur kan word.

Die skriftekens is maar, by benadering 'n voorstelling van die spraakklanke. Ons neem aan dat elke teken een bepaalde spraakklank moet voorstel. Dit sal ten minste die verband tussen die twee baie eenvoudige, al het ons behalwe die leestekens, of 'n aksentstrepie geen skriftekens om die spraakwysies, beklemtoning en wat dies meer weer te gee nie.

Ons vind in die verskeie ouer skryftale vandag gruwelike inkon-

sekwensies deurdat die spreektaal verander het, terwyl die skryftaal konstant gebly het. Lloyd-James meld met skalksheid dat „ghoti” in Engels „fish” spel (*gh* in *laugh*=*f*, *o* in *women*=*i*, *ti* in *Nation*=*sh*). Geen wonder nie dat daar in Engeland 'n baie sterk beweging, gelei deur taalgeleerdes, bestaan om die Engelse spelling te hersien.

Ná die Afrikaanse skryftaal van die ou Patriot-skryfwyse afgesien het, kry ons ook allerhande onnodige verdubbelings en ongerymdhede: *v* in *veel* en *f* in *fraai* is dieselfde klank; beide *ie* en *i* stel dieselfde klinker soos in *sien*, *universiteit*, voor; *i* en *e* het dieselfde klankwaarde in *hitte*; *y* en *ei* verbeeld dieselfde tweeklank; *kk* in *pokke* is een klank; *o* in *pote* is dieselfde klank as *oo* in *poot*, maar nie dieselfde as *o* in *pot* nie; *d* in *hand* is dieselfde klank as *t* in *toe* maar nie dieselfde as *d* in *daar* nie; *tj* en *dj* is twee tekens wat een spraakklank voorstel in *bietjie* en *mandjie*, maar *tj* in *tjap* is 'n heeltemal ander spraakklank-samestelling. So kan ons nog baie voorbeelde aanhaal wat aantoon hoe deur ons aansluiting-by-Nederlands-politiek die verhouding tussen spreektaal en skryftaal bemoeilik is.

In hierdie „wêreld” van klank en „heelal” van lig word die kindjie gebore. As hy 'n normale wesentjie is, sal sy eerste begroetings van die wêreld 'n skreegeluid wees, al dadelik dus 'n gebruik van die organe waarmee hy later sal praat. Hy begin daarna dinge rondom hom waarneem en maak allerhande geluidjies, eers speelgeluidjies en daarna aap hy na wat hy in sy onmiddellike omgewing hoor. Hy is dus met die spraakmoontlikheid gebore en dis net 'n kwessie van tyd voordat hy leer hoe om spraakklanksamestellings te maak waaraan hy 'n betekenis heg, en hoe hy dié naderhand weer saamgroepeer om sy gedagtetjies weer te gee. Om die vorming van hierdie spraakklanke aan te leer, sal hy aanvanklik baie hulp van sy kyk-sintuig verkry; later leer hy al hoe meer op die gehoor vertrou. As hy hom nou deur middel van die spraak in sy omgewing verstaanbaar kan maak, het hy as 't ware burgerreg in sy gemeenskap verwerf.

Maar praatwerk beteken meer as net gedagtes deur middel van spraakklankgroeperings weergee. Dit beteken: die selfopenbaring van die spreker, die fynste roersele van sy siel, sy beskawingspeil, sy temperament, sy karakter. Dit beteken ook 'n blootlegging van die beroep wat hy op sy hoorders wil maak, van die doelgerigtheid van sy mededeling.

Die persoon wat praat, is nie bloot 'n sprekende mens nie, maar is 'n mens wat hom tot ander mense rig deur middel van sy spraak en hierdie wisselwerking behoort die spreker goed dop te hou. Dit kan wees dat sy spraak die luisteraars irriteer of afstoot deurdat dit vanweë swakheid of onduidelikheid te veel inspanning vereis; deur te hard of te skel te wees of te eentonig en kleurloos, te vinnig of te stadig, te veel in die keel, te neusagtig, te hoog of te laag, te hees, te uitasem; deur 'n te afwykende uitspraak te hê (veral as dit onder invloed van 'n ander taal staan); deur die sinsgroepe verkeerd in te deel; deur verkeerde gedeeltes van woorde en van die sinsgroepe te beklemtoon; deur verkeerde spraakwysies vir verskillende soorte mededelings te besig; deur die spraakuiting nie te deurvoel nie; deur bombasties, minderwaardig, sieklik, temerig, aggressief, liefdeloos, senuweeagtig, onseker, e.d.m. te klink.

Dis hier waar die praatkuns die spreker te hulp kom. Ons lewe vandag in die eeu van spraak. Ons is almal gemeenskapswesens wat deur die spraakband saamgesnoer word. Daarbenewens bestaan 'n hele boel beroepe waarvan die sukses hoofsaaklik van die regte spraak- en stemgebruik afhang: ons dink aan die prediker, die onderwyser, die dosent, die politikus, die afslaer, die instrukteur van liggaams- of militêre oefeninge, die sanger, die toneelspeler, die advokaat — om net 'n paar te noem.

Laat ons vervolgens dus nagaan hoe die spraakorgane gebou is en diens doen.


## HOOFSTUK II

### DIE SPRAAKORGANE

Die kennis van die gewone mens van dinge buite sy werkgebied verbaas 'n mens soms; die kantoor-klerk kan knaphandig sy motor 'n nuwe stel ringe aanbring; pa se grootseun bou self vir hom 'n radiostel terwyl hy nog op die skoolbank sit; ander is deskundiges op die gebied van vetplant-versameling. In skerp teenstelling hiermee staan die onkunde oor die bou en funksie van die spraakorgane, om van die vorming van spraakklanke nie eers te praat nie.

Ons het almal al met onself gepraat sonder dat ander dit hoor, deur net die mondorgane te beweeg vir spraakklankvorming. Hoe word geluid aan hierdie bewegings verleen? Daar moet 'n dryfkrag wees, wat vireers teen afsluitings kan stoot om hulle te verbreek en tweedens om golwe te veroorsaak (i) deur 'n skuring deur nou openinge, (ii) deur die aanblaas van ruimtes (soos wanneer ons blaas deur die opening tussen die twee duime van ons saamgeslote hande waarbinne 'n holte is) (iii) deur elastiese organe, wat in die pad van die dryfkrag kom, te laat tril. Hierdie dryfkrag kom van die longe af. Die lug wat ons inasem, word by die uitasem so beheer dat dit gelykmatig uitstroom, en hierdie uitgeasemde lug vorm die dryfkrag vir spraakklankvorming.

Die asemhaling vir spraak is 'n bietjie anders as die natuurlike proses om aan die lewe te bly. Die inaseming is vinniger en dieper en kom deur mond en neus sodat die asemhaling nie hoorbaar is nie. Die uitaseming



**DIE SPRAAKORGANE** (skematies harsings en hart verwyder)

1. tandeboog
2. hardeverhemelte
3. sagteverhemelte
4. kleintongetjie
5. agtertong
6. voor van tong
7. tongblad en punt
8. tongbeen
9. valsstemlip
10. egte stemlip.



is stadiger en word beheer deur die maagspiere wat stadig die ingewande van die maag teen die middelrif of mantelvlies druk, wat by die inaseming vinnig afwaarts beweeg het en nou alleenlik skietgee onder die gelykmatige druk daarteen.

Vir diegene wat die borskas baie uitsit by die asemhaling, vind gekontroleerde uitaseming plaas deur 'n stadige skietgee aan die spiere tussen die ribbes. Of dit nou maag- of borsasemhaling, of 'n mengtipe van die twee soorte is, kom daar nie op aan nie — as dit net nie skouer-asemhaling is nie. Laasgenoemde geskied deur optrek van die skouers, wat baie vermoeiend is.

Daar moet voor gesorg word dat genoeg ingeasem word en dat die uitaseming nie te vinnig geskied nie, want anders sal veral die tone van die spraak te „geasem” klink en sal die spreker te gou „uit-asem” raak. Hierdie uitaseming vir spraak en sang moet ook maar soos die spraak-klanke aangeleer word, en dis nie so maklik om die spreektaal-materiaal daarby in te pas nie.

As ons iets wil sê, asem ons eers diep in, dan gelykmatig uit terwyl ons praat, tot ons by die end van 'n betekenisgroep kom. Hierna kan ons weer 'n bietjie asem aanvul deur nie noodwendig so diep te asem nie; dan weer uit, elke pouse vir inaseming gereël volgens die groepe woorde wat 'n betekenis uitdruk. Aan die end van die gedagte word dan diep uitgeasem en weer diep ingeasem. Onthou net dat in- en uitasemingsprosesse geluidloos moet geskied en dat daar altyd 'n goeie reserwe-hoeveelheid lug in die longe moet wees, sodat ons nie uitasem raak nie.

Kom ons volg nou die pad van een van die lugdeeltjies uit een van die longe se lugsakkies. Deurdat die borskas kleiner word by die uitaseming word die longe saamgepers en word die lug uit die lugsakkies gedruk. Daarna beweeg dit langs klein longpypies tot dit eindelik in die groot longpyp van die linker- of die regterlong kom wat uitmond in die gorrelpyp. Met hierdie wye pyp van omtrent 'n duim deursnee by die volwassene beweeg die lugdeeltjies boontoe, omtrent 4 duim ver. Daarna

kom dit in die *strotklep-meganisme*. Hierdie strotklep-meganisme bestaan uit twee spierlippies wat voor bymekaar vas is en agter elk aan 'n kraakbeentjie geheg is, wat die lippies soos gordyntyjies oop en toe kan skuiwe. Sodoende word die pad na die longe afgesluit. Dis 'n oulike samestelling om te verhoed dat vaste stowwe as ons eet en drink deurgaans longe-toe en ons laat versmoor deur gebrek aan lug. Maar dis meer as net 'n klep vir die verkeerde keel. Deur 'n merkwaardige spierbeheer-stelsel kan daardie lippies of die lug vry laat deurstream of dit kan die uitstromende lug keer. Sodoende kan die lugstroom of volkome afgesluit word, om dan met 'n ontploffinkie verbreek te word, soos wat ons hoor as ons die aanvangsklinkers van die volgende woorde insit: *Oom Andries eet agt appelkose*; of die lippies kan in 'n sekere mate gespan wees en as die lug van onder daarteen druk, kan hulle begin tril, vinnig of stadig al na hulle lengte en spanning is. Ons noem die resultaat van hierdie trillings *stem* en die resultaat van die lengte en spanning die *toonhoogte* van die stem. Namate die stemlippe kragtig of swakker tril, is die *geluidsterkte* van die stem meer of minder. Waar die stemlippies gedurig baie kragtig teen mekaar slaan, soos by beroepsangers, toneelspelers of politici wat nie weet hoe om hulle stem-instrumente te gebruik nie, kan dit gebeur dat die stemlippe „liddorings” kry. Dit is dan baie pynlik om stem voort te bring.

'n Hees stem kan ontstaan as daar ontsteking is van die slymvlies van die stemlippe en hulle te geswel is om behoorlike trillings uit te voer.

Die lengte en bou van die stemlippe bepaal die *omvang* van die stem. Die omvang is die aantal tone wat tussen die hoogste en die laagste toon-uiterstes lê wat deur die stemlippe voortgebring kan word. Ons weet dat die sopraanstem se grense baie hoër lê as die basstem s'n. Die bas het lang, breë stemlippe: die sopraan kort, smalles. Daartussen lê die bariton, die tenoor (hoogste manstem), die alt (laagste vrouestem) en die mezzosopraan. Ons gebruik natuurlik nie die hele omvang van die stem as ons praat nie; gewoonlik net om die laagste kwart van die omvang. Om die

beste toonhoogte te verkry waarom die natuurlike spreekstem moet beweeg, bereken ons die omvang in halftone, verdeel dan die aantal deur vier en neem die hoogste halftoon van die laagste kwart. Daaromheen sal die natuurlike spreekstem gewoonlik beweeg, as ons kragtige gevoelsuitings uitsluit. Baie mense praat met 'n te hoë of 'n te lae stem, met die gevolg dat hulle gou moeg word. Dit gebeur veral as hulle 'n toespraak moet hou. Onnodige stremming, pyn en heesheid word daardeur veroorsaak.

Eienaardig is die verandering in stemomvang as 'n mens die puberteitsleef tyd bereik. As gevolg van die skielike groei van die strottehoof se kraakbeengeraamte en die spiere van die stemlippe (veral by die manlike geslag), word die stemlippe met gemiddeld een derde verleng. Die resultaat is dat die persoon heeltemal ontuis voel met hierdie nuwe lang stemlippe en nie goed weet hoe om hulle te span nie. Ons sê dan dat die stem „breek” as iemand deurslaan van die oorspronklike kinderstem na die nuwe stem, wat 'n oktaaf laer is. Geleidelik moet die seun hom aan sy nuwe manstem wen en dis uiters belangrik dat hy gedurende hierdie oorgangstydperk nie aan veeleisende stemgebruik, soos koorsang of osse- aanjaag deelneem nie.

Baie keer verseg so'n seun om sy kinderstem prys te gee, omrede hy skaam is vir die growwe manstem. Die stemmetjie wat hy dan gebruik is hoog, dun, pieperig aangesien dit net die stemlippe se randjies is wat tril. Hy gebruik dan die sogenaamde *falsetregister*. Dit mis die kragtige stemlip-beweging van die gewone *borsregister*, waarby die hele stemlip tril.

Die *stem* is dus verantwoordelik vir die „wysies” van die spraak en sang omdat dit die toonhoogte bepaal, asook grotendeels vir die geluidsterkte. In die spraak het die stem nog 'n ander funksie. Dit is 'n onderskeidingsmiddel tussen spraakklanke wat andersins eenders gevorm word. Vergelyk die eerste spraakklanke in *paar, baar; tam, dam; vaar, waar*. By die eerste spraakklank van elke paar is die stemlippe weg van mekaar,

sodat die lug deur die stemlippe stroom sonder om hulle te laat tril. Anders is dit by die tweede paarlid. Hier tril die stemlippe, laat op hulle beurt die lug rondom hulle tril, en die golwe word na ons gehoor oorgedra en word onderskei as stem, met 'n bepaalde toonhoogte en geluidsterkte.

Ons onderskei dus: *stemhebbend*, *stemloos* en verskeie *tussengrade van stemhebbendheid*. Die volgende spraakklanke is altyd net stemhebbend in Afrikaans: die klinkers en tweeklanke soos die middelste spraakklanke in *riem, been, ses, man, maan, boer, huis, sein, koud*; die eerste spraakklanke in *ry, lam, man, naam, jaar, hand* en die laaste in *ring*.

Spreekers moet oppas dat hulle nie deur die spelling op 'n dwaalspoor gelei word t.o.v. die stemhebbendheid van spraakklanke nie: die laaste spraakklanke van *rib, hand, Suez* is stemloos, hoewel ons weet dat die *b, d, z*, gewoonlik stemhebbende klanke voorstel.

Ons kan ook, as die stemlippe tril, 'n kragtige asemstoot daardeur stuur sodat ons 'n skuurgeluid by die stemtrillings hoor. Dit is die eerste spraakklank in *hand, haar* wat so gevorm word. Leer dit onderskei van die Engelse spraakklank in *hand, her*, waar die stemlippe nie tril nie.

Miskien kan ons hier ook nog die Anglisisme noem wat ons so dikwels by die uitspraak van die eerste klanke in Afrikaans *paar, tree, kool* hoor. In Afrikaans behoort die stemtrillings vir die klinker of stemhebbende konsonant wat na hierdie eerste klanke kom, onmiddellik na die verbreking of ontploffing te volg. In Engels is dit nie die geval nie. Daar bly die stemlippe na die ontploffing 'n rukkie oop en 'n stemlose skuurgeluid word by die plek van die verbreking gehoor. Ons noem dit *aspirasie* van die ploffers.

Laat ons die asemdeeltjies verder bokant die strottehoof volg. Waar hulle die stemlippe laat tril het, kom daar nou 'n nuwe dryfkrag-faktor by, want die stemgolwe plant hulleself deur die res van die spraakorgane voort met die snelheid van geluid.

Maar laat ons eers die asem se koers volg. Onmiddellik bokant die strottehoof gaan dit verby die lepelvormige *strotklep* wat gewoonlik

regopstaan maar by mense met keelagtige, geperste stemme byna horisontaal lê. Dit belande dan in 'n buisvormige keelholte en kan vandaar of deur die twee neusholtes gaan, as die gordyn van die sagteverhemelte nie opgetrek is om die gang daarnatoe af te sluit nie en die deurgang deur die mondholte êrens afgesluit is; of dit kan deur die mondholte alleen stroom as die neusgange afgesluit is; of derdens kan dit deur albei gaan. In die keelholte kan daar geen volkome afsluiting plaasvind nie, net vernouing; dis vir die goeie spreker noodsaaklik dat hy die keelspiere slap hou en geen vernouing hier laat plaasvind nie. Ook aan die neusholtes se ruimtes kan ons min verandering bring. Daar moet net gesorg word dat hulle afgesluit gehou word vir alle spraakklanke wat nie die nasale kleur vereis soos ons by die skuinsgedrukte spraakklanke in *maat*, *naat*, *ring*, *kleintjie*, *mens*, *gons*, *dans*, e.d.m. aangetref nie. Let op dat by die laaste drie woorde die lug vir die onderstreepte klinkers deur beide neus en mond gaan.

As die asem in die mondholte beland, dan kom dit daar die sogenaamde *artikulerende organe* teen, wat net soos die stemlippe die lugstroom kan vernou of afsluit by verskeie plekke. Die vernaamste van hierdie artikulerende organe is die *tong*, 'n spiermassa waarvan die punt, blad, voor of rand kan artikuleer met die *tande*, *tandeboog*, voor, middel en agter van die *hardeverhemelte*, en sy agter met die *sagteverhemelte*. Dan is daar nog die beweeglike *lippe* wat met mekaar of met die *tande* kan artikuleer, of sekere grade van ronding of strekking kan aanneem. Eindelik noem ons die beweeglike onderkakebeen wat vir die duidelikheid van die spraak van groot belang is.

Deur die vernouing of afsluiting van die lug kan daar *skuurgeruise* (soos by *s*, *f*, *g* in *sal*, *fraai*, *gaan*), *ratelgeruise* (soos by *r* in *raas*), *knal of ontploffingsgeruise* (soos by *p*, *g*, *tj*, in *paar*, *berge*, en *bietjie*), en *wrywinglose-vernuiging* (soos by *l* in *lam*, *n* in *naam*, *ng* in *ring*) ontstaan.

By hierdie geruisfaktor kan tegelykertyd ook die stemfaktor intree, soos by die stemhebbende medeklinkers gehoor word.

Beide die asem van die longe en die stemtrillings van die stemlippe beland in die ruimtes bokant die stemlippe. Elke ruimte se lug, soos ons weet, het 'n bepaalde trillingsfrewensie. Uit die saamgestelde trillinge van die stemlippe, soek die ruimtes nou ooreenkomstige trillingsfrewensies uit en versterk hulle deur resonans ('n ander teorie sê die kragtigheid van die stemtrillinge stel die lug in die verskillende ruimtes in beweging en veroorsaak tone op hierdie wyse). By stemlose klanke word die ruimtes deur die asem aangeblaas of deur die ontploffing geskok.

*Elke spraakklank, stemhebbend of stemloos, het sy eie ruimte-samestelling, wat met of sonder die reeds genoemde geruis-eienskappe, sy karakteristieke kleur bepaal.*

Om saam te vat: die asem wat deur die strottehoof kom, met of sonder stemtrillinge, kan òf (i) sonder wrywing deur die oop mondholte of mond- en neusholtes stroom, met die gang na die neus afgesluit of oop, òf (ii) dit kan met 'n oop of 'n toe neusgang *vernou* word met bykomende ratelgeruise of skuurgeruise, òf (iii) dit kan met 'n toe neusgang *afgesluit* word:

- (a) *Oopklanke* is die skuinsgedrukte klinkers en tweeklanke in maat, *wie, deur, skuur; skreeu, roei, oit; mens, gans.*
- (b) *Vernouingsklanke* is die skuinsgedrukte konsonante in raas, *van, kwaad, gee, sjieling, gom, hand, laai, minnaar, ding.*
- (c) *Afsluitingsklanke* is die skuinsgedrukte konsonante in paal, *doel, ghwar, mandjie, eintlik, tnoop (vir knoop).*

Uit hierdie opsomming is dit duidelik dat die spraakklanke van Afrikaans onder twee hoofgroepe ingedeel kan word, naamlik (a) *klinkers of vokale* wat oop-klanke is, gewoonlik stemhebbend is en elk vir sy bepaalde kleur afhanklik is van die ruimte-samestelling in die mondholte, en (b) *medeklinkers of konsonante* wat afsluitings- of vernouingsklanke is en wat, behalwe ruimte-samestellings, elk ook 'n karakteristieke *geruis* het.

Die asemstroom se gang deur die mondholte en neusholtes is reeds bespreek. As dit deur die mondholte gaan, kan daar twee rigtings wees: naamlik (a) deur die *middel van die mondholte* soos vir die skuinsgedrukte klanke in *ses, toe, raas*, en (b) aan die *sykant van die mond* (eintlik van die tong) soos die *l* van *lam* en die *tl* van eintlik of die *dl* van *duidelik* uitgespreek word.

U sal u herinner dat ons hoërop gepraat het van al die artikulerende of samevoegende organe in die mondholte. Laat ons ondersoek hoe hulle diens doen by spraakklankvorming. Ons beskou eers die lippe wat die babbelende kleuter eerste raaksien as hy spraak aanleer. Vir die „oopenklanke” word die lippe in Afrikaans gerond by die vorming van die skuinsgedrukte klinkers en tweeklanke in *vuur, deur, rug, koel, boom, nog, sôre, huis*, maar hierdie ronding moenie ’n stulping afgee nie, of oordrywe word soos ons so dikwels in die klaskamer aantref nie. By al die ander klinkers is die lippe in die neutrale stand, hoewel afstandsverskille tussen die lippe bestaan.

En by die medeklinkers? Net ’n beperkte aantal waarby ons albei lippe gebruik: soos by die skuinsgedrukte spraakklanke in *pal, mal, kwaad* (uitspraak van groot aantal sprekers, veral in die Noorde). By ’n paar word die botande teen die onderlip bo, aan die binnekant, ’geplaas: *van, fraai, waar, nimf*.

Omdat die tong so’n vername aandeel by die spraakklankvorming het, word die woord „tong” soms vir spraak gebruik. Salomo sê in Spreuke dat dood en lewe in die mag van die „tong” is: ons sê ook dat iemand onder die „tong” deurgeloopt het. En tog is die haas ongelooflike waar dat daar mense is wie se tonge deur ’n operasie verwyder is en wat nogtans verstaanbare spraak lewer.

Met die blad-punt van die tong teen die boog net agter die tande vorm ons die skuinsgedrukte spraakklanke in *tol, dol, rol, som, zoem, lam*; met die gedeelte net agter die blad teen of regoor die voorste buiging van die harde verhemelte die spraakklanke in *sjieling* en *tjalie*. As die middel-

ste tongdeel teen of na aan die middelste deel van die harde verhemelte gelig word, kan die volgende skuinsgedrukte spraakklanke ontstaan: *bietjie, mondjie, jaar*. Teen die sagte verhemelte word net die agterste tongdeel gelig. Daar word die skuinsgedrukte spraakklanke in *kom, sorge, gaan, ring* gevorm.

Ons kan ook die agterste tongdeel lig, sodat die kleintongetjie daarteen kan tril. Dit gebeur as ons die *bry-r sê*.

Met uitsondering dus van die vorming van *h* in *hand* in die strottehoof (tussen die stemlippies of in die *stemspleet*), word die meeste konsonante deur middel van artikulasie, veral van die tong, in die mondholte gevorm.

Hoe staan sake t.o.v. klinkers en hulle tongstand? Daar is twee uiterste groepe: die wat gevorm word terwyl die *agter van die tong* na die sagteverhemelte gelig word, soos ons hoor in *laat, nog, môre, rook, roet, koud*; en dan die ander groep met die *voorste tongdeel* na die harde verhemelte wat ons hoor in *skêr, weet, nies, nuus, deur*. Tussen hierdie groepe bestaan die *tussen-klinkers* met die middelste tongdeel gelig na die skeiding tussen harde en sagte verhemeltes soos in *wit, dag, rug* gehoor word.

Vergelyk nou die klinkers in elk van die volgende twee groepe met mekaar: (a) *nies, wees, wet, wat*; (b) *roet, rook, rot, raad*. U *sê* een is 'n voorgroep en een 'n agtergroep, en vir die eerste klinker van elke groep is die tong baie hoog in die mond gelig, vir die laaste van elke groep is die tong baie laag in die mond. Daartussen is die middellae of halfoop en die middelhoë of halfgeslote tongstande.

Dit gaan hier dus om hoe hoog die tong voor of agter na die verhemeltes gelig is. Maar benewens die stand van die organe moet nog die mate van spierspanning in aanmerking geneem word. Party spraakklanke word met meer spierspanning as ander uitgespreek. Ons vergelyk byvoorbeeld die *ie* van *sien* met die *i* van *wit*, waar eersgenoemde 'n groter spierspanning verg.



Natuurlik kan die algemene spierspanning van mense verskil. Jan kan altyd „oor-spanne” wees as hy praat, terwyl Piet heeltemal traag en slap is. Die verskil tussen Jan en Piet se „stemme” sal dan opvallend wees. Jan s'n met sy harde spiermure sal hard en skel klink, terwyl Piet s'n dof en lewensloos sal wees. Vir goeie spraak is dit dus noodwendig dat die spierspanning van die spraakorgane beheer word, nie te veel of te min nie. Die spreker se gevoel sal in 'n groot mate invloed op hierdie spierspanning uitoefen. Terneergedruktheid veroorsaak verslapping, opgewektheid meer spanning van die spiere. As ons praat, wissel ons natuurlik gédurig beide spierspanning en krag van die asemdruk. Wil ons iets benadruk, dan tree daar meer gespannenheid en vergrote asemdruk in en omgekeerd.

Is spierspanning nou die enigste oorsaak van die verskil tussen Jan en Piet se stemme? Nee! Toe ons vaneffe van die spraakklanke se vorming vertel het, het ons die invloed van die ruimtes bokant die stemlippe op die klankkleur verduidelik. Ons wysig die ruimtes en die deurgange om bepaalde spraakklanke voort te bring. Maar afgesien van dié wysigings vind ons by geen twee persone presies eenderse vorm en grootte van die ruimtes en die bekleding daarvan deur spiere en slymvlies nie. Jan en Piet se „stemme” klink daarom verskillend.

Ons kan aan die aangebore bou min verander. Groot sangers word dus gebore. Deur verkeerde gebruik kan ons daarenteë 'n mooi stem bederwe en dis dus ons plig om 'n kennis van goeie stemgebruik te besit. Deur leiding en oefening kan foute verbeter word en kan ons die beste klanke uit ons instrument haal. Laat ons 'n paar soorte verkeerde stemme noem: te sagte fluisterstem; dowwe stem; harde, skel stem; fyn, piepstem; swaar, onweerstem; keelstem; plat stem, deur te oop spraakorgane; hol stem, deur te geslote spraakorgane; geaspireerde stem, d.i. met hoorbare ontsnappende asem; 'n bewerige stem, deur slegte senuwee-beheer; 'n hees stem deur siekte-verskynsels van die stemlippe, soos slymvlieskatar; 'n neusagtige stem, deur gebrekkige sluiting van die gang na die

neus, vanweë 'n gesplete verhemelte, of 'n te kort sagte verhemelte; 'n verhemelte-agtige stem; 'n eentonige stem vanweë te min afwisseling van toonhoogte en kleur.

Vir die goeie stem vereis ons: *draagkrag*, en daarom moet die spraakorgane matig oop wees en die stem genoeg asem-dryfkrag besit; *molligheid*, dus nie te gespanne of te ongespanne spiere nie; *suiwerheid van toon*, dus trillinge van gesonde stemlippe wat eweredig, ritmies beweeg; *volheid en helderheid*, dus goed gebalanseerde resonansruimtes; *mondsuiwerheid* vir nie-nasale klanke, dus geen neusagtigheid nie; korrekte *toonhoogte-aanslag*, dus nie te hoog of te laag nie; *beweeglikheid*, dus afwisseling van toonhoogte en stemkleur om by die inhoud van wat gepraat word te pas; die gebruik van die *borstoon* in plaas van die *falsettoon*, dus 'n trilling van die hele stemlippe, nie net van die rande daarvan nie.


Ons moet ons egter nie verbeel dat as ons 'n mooi stem het, ons noodwendig goed hoef te praat nie. Daarby moet nog kom: die regte vorming en duidelike artikulasie van die spraakklanke; die regte saamvoeging van die spraakklanke; die inagneming van die spraakmelodie; die duurwisseling, en die kragwisseling om by die inhoud en die gevoelskakerings te pas. Maar hieroor later.

U sien dus dat 'n kennis van die bou en funksie van die spraakorgane noodsaaklik is om te weet waarom 'n mens sleg praat en om te weet hoe om die foutiewe reg te maak. Die spraakorgane het in die eerste instansie ander funksies om te vervul, soos asemhaal, eet, ruik, ens. Deur eeue/ se aanpassing word dit deur die mens gebruik om deur middel van willekeurige klankgroepe wat daardeur voortgebring word, met mekaar in verbinding te tree. Die mens word met sy spraak-moontlikheid gebore, maar hy moet, as hy in die wêreld kom, die klanktaal-stelsels aanleer en die organe oefen om maklik en reg te kan praat. Ook as 'n mens verkeerd praat, kan alleenlik naartoe oefening die verkeerde herstel, mits daar

natuurlik nie anatomiese afwykings is wat normale spraak onmoontlik maak nie.


## DIE ONTVANG-APPARAAT

Om goed te kan praat, is dit noodsaaklik dat die spraak van ons omgewing goed gehoor word. Ons spraak is op die gehoor van die mense van ons omgewing gerig. Die mens wat van kleinsaf nie kan hoor



GEHOOR-ORGAAN

nie, sal stom wees — as daar nie ander middels bestaan het om hom te laat praat nie. Net soos die lugdrukgolwe as ons praat deur die mikrofoon omgestel word in elektriese stroomwisselings (wat dan deur die luidspreker weer omgestel word in lugdrukgolwe) so word die lugdrukgolwe deur die oor opgevang en deur die merkwaardige slakkehuis-meganisme



*Syaansig van linkerharsingshelte.*

*Vanaf die spraakmotoriese gebied word die bewegings van die artikulerende organe bestuur as ons praat.*

van hierdie sintuig ontleed en daarvandaan na die harsings gestuur, waar dit weer saamgestel, waargeneem en begryp word. Die oor is dus net

'n apparaat om die lugdrukgolwe in senuwee-impulse om te stel wat langs die gehoorsenuwee uiteindelik die linkerslaaplob van regshandiges se grootharsingskors bereik (omgekeerd by persone wat links is). Hier word klank waargeneem (dus nie in die oor nie) en daarna begryp. Deur senuwee-verbinding met ander dele van die groot harsingskors: soos die gedeeltes wat ons laat verstaan wat ons sien; die gedeeltes waar ons gedagtes ontstaan; die gedeelte van waar die spraakorgane bestuur word as ons 'n gedagte deur middel van die spraak wil weergee; die gedeelte vanwaar die hand bestuur word as ons iets wil skrywe, kry ons 'n ingewikkelde beheer en bestuur-meganisme vir die spraak. As ons praat, hoor ons onself en oefen ons daardeur gedurige kontrole op ons spraak uit. Ons kan wat ons praat, neerskrywe en weer lees wat ons neergeskrywe het.

Deur middel van die oor kan ons dus in die wêreld van klank lewe. Ons ander sintuie kan ons nie die klankgolwe (lugdrukgolwe) as klank laat gewaar word nie.

Watter eienskappe van die lugdruk-golwe van ons spraakklanke laat die oor se oordrag ons gewaar word? Vireers hoor ons die verskil tussen tone en geruise. Tone kan verskillende samestellings hê. Dit bring die verskil tussen die klinkers in weet, wat, wet, woed, as die woorde met dieselfde grondtoon uitgespreek word. Geruise kan sis-, knal-, ratel-, of vernouingsgeruise wees. Hierdie samestellings van tone en geruise bepaal die kleur van die verskillende spraakklanke.

Die oor kan ook bepaal of 'n stemhebbende spraakklank hoog of laag is, of dit 'n sopraan-stem is wat praat of 'n basstem. Voorheen het ons reeds gesê dat die lugdrukgolwe kan verskil ten opsigte van hulle trillingsaantal per sekonde. Waar hierdie trillingsaantal die resultaat is van 'n trilling van die stemlippe, bepaal dit die toonhoogte van die afsonderlike spraakklanke, of die melodie of intonasie van 'n groep klanke wat 'n betekenis weergee.

Derdens onderskei ons met die gehoor of 'n klank hard of sag klink,

m.a.w. die geluidsterkte word deur die gehoor waargeneem. Dit hang af van hoe kragtig die geluidsgolwe tril. In die spraak wissel die geluidsterkte en die krag van die uitspraak gedurig na gelang belangrike woordele of woorde vir die luisteraars op die voorgrond moet tree.

Eindelik ondervind die gehoor ook die lengte of duur van die gehoorprikkel. Derhalwe word spraakklanke lank en kort waargeneem. Ook neem ons op hierdie manier waar of die persoon langsam of vinnig praat.

Sodoende word die klanktekens dus gerig op die gehoor van die luisteraars. Dit wil nie sê dat, as die luisteraar hulle waarneem, hy hulle noodwendig sal begryp nie. Die luisteraar moet vertrou wees met die stelsel van groepering van klanktekens om betekenis uit te druk. Hierdie stelsel noem ons *taal*. Om dus deur middel van klank 'n intelligente verbinding tussen twee persone te verkry, is nodig: (a) die spreker met sy spraakorgane wat van die harsings beheer word, waar die gedagte ontstaan wat moet meegedeel word; (b) die klanktaalstelsel wat gebruik word om die hoorder te laat verstaan; (c) die hoorder met 'n gehoor wat goed funksioneer sodat die boodskap suiwer oorgedra kan word na die hoorder se harsings, waar dit ontsyfer en begryp word in al sy onderdele.

Ons moet hier waarsku dat die spreker nie net die feitlikheid van die boodskap weergee as hy al pratende die taalstelsel gebruik nie. Vireers is daar die bykomende eie „stem”kleur wat deur die anatomiese bou van sy spraakorgane bepaal word. Dan word ook sy gevoelens en persoonlikheid in die boodskap uitgedruk. Eindelik word deur die spreker dikwels 'n beroep op die luisteraar(s) gerig om op 'n gewenste wyse te reageer. Dit alles onderskei die hoorder as die boodskap sy harsings bereik.

Aangesien ons die spraak-apparaat en die ontvang-apparaat reeds behandel het, dien ons nou te let op die taal-stelsel.

## HOOFSTUK III

### TAAL EN SPRAAK

Die mens is 'n gemeenskapswese. Sy hoër verstandelike ontwikkeling bo die dier het hom in staat gestel om 'n reeks stelsels uit te vind waarmee hy met ander lede van sy gemeenskap willekeurig in verbinding kan tree. Hy kan daardeur aan hom feite meedeel, of hy kan sy eie begeertes en gevoelens tot uitdrukking bring, of hy kan 'n beroep op sy medemens doen om gehoor te gee aan die een of ander versoek. Natuurlik kan die dier ook met sy medediere in verbinding tree, maar dan geskied dit instinkmatig en beplan hy nie vooraf wat hy aan sy medediere gaan meedeel nie.

Die bekendste stelsel-medium wat die mens gebruik, is vireers die gebruik van geluid wat deur sy spraakorgane voortgebring word. Elke gemeenskapsgroep wat deur 'n taalband gekenmerk word, gebruik uit die eindelose verskeidenheid geluide van die spraakorgane 'n beperkte aantal.

Hierdie geluidseenhede word dan op verskillende maniere saamgevoeg. Die kleinste aantal geluidseenhede (ons noem hulle *foneme*, maar die leek noem hulle gewoonweg *spraakklanke*) van 'n stelsel wat vir sy luisteraars 'n betekenis inhou, m.a.w. sielkundig by hulle 'n voorstelling laat ontstaan, noem ons 'n *woord*. Woorde kan so saamgevoeg word dat dit 'n gedagte-eenheid weergee, en elke taalstelsel het sy eie reëls waarvolgens die verhouding van woorde tot mekaar uitgedruk word. Dit noem ons die *taalbou*. Die taal bestaan dus uit geluidseenhede wat

betekenis-eenhede vorm, wat op hulle beurt deur bou-eenhede of reëls saamgevoeg word.

Nou moet ons nie aanneem dat dit nêr die *spraakklanke*, soos klinkers en medeklinkers is, wat die betekenis van 'n woord of 'n betekenisgroep weergee nie. Let op die woordjie *roman*. Dit kan as *ro'man* uitgespreek word wat 'n boek beteken, of '*roman*', 'n soort vis of 'n jagspinnekop. Hierdie verskil in betekenis van die woord word net deur die klem of kragaksent aangedui. Iets soortgelyks gebeur in hierdie sinsgroep: *Jaap koop appels by 'n wa*. As ek *Jaap* ekstra klem gee, beteken dit nie *Piet* of iemand anders nie. Beklem ek *koop*, verstaan ons dat hy dit byvoorbeeld nie *verkoop* nie. Doen ons insgelyke met *wa*, dan voel ons dis nie by 'n winkel of enige ander verkoopplek waar *Jaap* koop nie.

Gesteld nou dat ons die twee woordjies *pers* en *pêrs sê*, of *dag* en *daag* (soos sommige dit sê), *pond* en *pont*. Wat laat ons nou die regte betekenis aanvoel? U sê die verskil in die *lengte* van die klinkers. Heeltemal reg. Die tydsfaktor speel dus ook 'n rol in ons klanktaal-stelsel.

As ons in Afrikaans 'n onderskeid wil maak tussen 'n bewering, 'n vraag en 'n bevel deur middel van die groeplike woorde: *Jan staan op die stoel*, hoe doen ons dit? Hierdie keer nie deur klem of lengte van die klanke nie, maar deur 'n wysiging van die toonhoogte. In die Anamese taal kan die woordjie *ma* die betekenis *graf*, *perd*, *maar*, *spook*, aanneem al na die toonhoogte-verhoudings binne die woordjie wissel. In Afrikaans het ons net die toonhoogte-wisselinge in die sinsgroep en nie in die woord self om verskille in betekenis uit te druk nie. Daar is natuurlik eewoord-sinne wat die wysie van die langer sinsgroepe inhou.

Om die verhouding tussen betekenis-eenhede weer te gee, gebruik ons in Afrikaans ook die orde van woorde, byvoorbeeld: *Jan slaan Piet* is iets anders as *Piet slaan Jan*. Of ons kan woordjies of klanksamestellings gebruik wat die verskille aandui, soos *Jan se skoene*, *ek skrywe met 'n pen*, *ek het geloop*, *ouma is lydend*, *'n gebreekte koppie*, e.d.m. In ander tale kan sommige van hierdie taalbou-verhoudings deur toonwysi-



gings, deur klem-wysigings of deur lengtewysigings van die woorde se spraakklanke weergegee word.

Ons het hierbo die spraakklank-, toon-, klem- en duurwysigings so voorgestel asof dit net bedoel was om betekenis veranderings of taalbou-eienaardighede tot stand te bring. Dis nie heeltemal reg nie. Daar is baie geluidsverskille wat eerstens by die klankbeeld van 'n bepaalde taal pas, maar weinig met sy betekenis-, of boufunksie gemeen het. As ek in Afrikaans sou sê rooile' ventel of 'soetemaling sou iemand nog die betekenis begryp, of as ek die aanvangsklinkers in woorde soos *appel*, *oompie*, *eina*! sag sou insit in plaas van met die stemspleet-ploffer, of die stemlose ploffers met aspirasie uitspreek, sou mense my net verdink van 'n uitlander te wees, maar hulle sal die woorde tog volkome begryp. Elke taal het sy eie patroon waarvolgens die klankbeeld van die taal saamgestel is, afgesien van enige betekenisdraende funksie. Luister 'n bietjie na 'n Fransman of 'n Zoeloe-spreker. Word u nie getref deur die gespannenheid van hulle spraakklank-vorming nie? Ons sê die genoemde tale het 'n meer gespanne *artikulasiebasis* as Afrikaans waar die artikulasiebewegings traer, die basis slap is. As ons nou aan hierdie basis gaan torring, kan ons die klankgesig van die taal skend.

Tweedens moet ons nie vergeet nie dat in die bewussyn die gedagte as 'n eenheid ontstaan. As ons die eenheid deur die spraakorgane tot uiting wil bring, dan gaan dit as 'n eenheid na dié gedeelte van die harsings vanwaar bewegings van die spiere van die spraakorgane beheer word. Dit spreek dus vanself dat ons op 'n gegewe oomblik bewus is van al die spraakklanke wat mekaar, die een na die ander, moet volg om die gedagte weer te gee. Die resultaat hiervan is dat ons ons vir die volgende klanke voorberei, terwyl ons die voorafgaandes uitspreek en dat party eienskappe van een spraakklank op 'n volgende oorgedra kan word. Hierdie oor-en-weer beïnvloeding van die spraakklanke het dus met die betekenis-aanduidende funksie weinig gemeen, maar daarmee moet niemin deeglik rekening gehou word as ons die klankbeeld van 'n bepaalde

taal wil weergee, veral waar hierdie beïnvloeding algemeen burgerreg verkry het. Almal sê *ombehoorlik* hoewel ons nog *onbehoorlik* skrywe. Die lipbeweging van die *b* het reeds by die *n* begint sodat dit naderhand *m* geword het. Almal, behalwe die wat kunsmatig praat, sê *pêre*, hoewel ons *perde* skrywe. Hier was die invloed van die *r* te sterk en het die *d* uitgeskakel. Ons kan dus nie die uitspraak volgens die 'skrif reël' nie. Die spreektaal is baie ouer as die skryftaal.

Ons het dit hierbo net oor die formele taalstruktuur gehad, maar daar is nog, afgesien van die indiwiduele verskille, die algemene gevoelskakerings soos dit in die bewussyn van 'n bepaalde taalgroep lewe. Solank hierdie gevoelswysigings nie bots met die formele betekenisdraende taalinhoud nie, kan dit belangrike nuanses van betekenis teweegbring. Soos ons later dus sal sien, is dit nie voldoende om net die formele wilsbeheerde taalreëls vir goeie praatkuns in ag te neem nie, maar moet ons die gevoelskleur ook nie verontagsaam nie, veral die gevoelswysigings wat algemeen erken en begryp word.

Ander taalstelsels is die *skryftaal* en die verskillende soorte *gebaretaal*, maar hulle is eintlik op die spreektaal gebaseer. Die skryftaal probeer om deur skriftekens die spraakklanke (of soos in die Sjinese skryftaal die lettergrepe) voor te stel. In Afrikaans word woorde as eenhede geskryf en in 'n sekere mate word die afbakening van sinsgroepe ook deur leestekens aangedui. Die willekeurig-gekoose tekens sê ons hoegenaamd niks van die vorming van die spraakklanke en hulle samestellings nie. Ons moet leer om 'n bepaalde spraakklank met 'n bepaalde teken te verbind. As dit maar konsekwent gedoen kon word! Ons skrywe *poot* met twee o's vir een klank, maar in *pote* is dit net een o; die deur *tt* voorgestelde klank in *potte* is dieselfde as die *t* van *pote*; die *dj* in *mandjie* is dieselfde as *tj* in *bietjie*, maar nie dieselfde as die *tj* van *tjap* nie. Ons sê *mens* met drie klanke waarvan die klinker deur neus en mond tegelykertyd uitgespreek word, maar skrywe dit met vier tekens waarvan die *n* gladnie uitgespreek word nie.

As die skryftaal eenmaal vasgelê word, bly dit ongewysig tot tyd en wyl daar besluit word om aan die stelsel te verander. Die spreektaal is gedurig aan verander, sonder dat die sprekers bewus veranderinge invoer.

Vir die aanduiding van lengte, klem en toonverskille het ons in die Afrikaanse skryftaal feitlik geen tekens nie. Maar hoe onvolkome ook al wat die weergawe van die spreektaal betref, tog het die skryftaal-stelsel geweldig tot die vooruitgang van die mensheid bygedra. Daarin is sedert eeue die mens se denke vasgelê, vir die nageslagte bewaar en oor die hele aardbol versprei. Die spreektaal moet mondeling oorgedra word van spreker op hoorder, tensy ons dit deur middel van grammofoon-plate vaslê en versprei, wat 'n baie duur en omslagtige proses is, vergeleke met die boekdrukkuns. Natuurlik kan die spreektaal vandag deur middel van die radio binne 'n breukdeel van 'n sekonde om die wêreld gestuur word, maar dit word gewoonlik nie vasgelê nie en dit bereik net diegene wat die ontvangtoestel kan bekostig.

Die skryftaal rig hom tot ons gesigsintuig. As dit donker is, kan ons nie lees wat geskrywe is nie, hoewel donkerte die gebruik van klanktaal nie belemmer nie.

'n Ander taalstelsel wat ons ook teenoor ons medegemeenskapslede gebruik en wat ook van die gesigsintuig vir sy ontvangs gebruikmaak, is *gebaretaal*. Natuurlik gebruik elke spreker gebare in meerdere of mindere mate. Hierdie gebare is gewoonlik „gevoelsbetoon”: hulle is naamlik die begeleidende liggaamlike bewegings wat die gevoelsuiting vergesel. Baie van hierdie bewegings is so gestandaardiseer dat ons hulle willekeurig gebruik om aan ander boodskappe oor te dra, wanneer ons nie die spreektaal wil gebruik nie. Daar is Indië-groepe wat ingewikkelde gebarestelsels het. Ook die gebaretaal van doofstommes is 'n taalstelsel wat vir onderlinge verkeer gebruik word.

Die gebaar, die gesigsbeweging (mimiek) wat met die gevoelsuitdrukking van die spraak gepaard gaan, is 'n spraakvereiste wat die

spraak aanvul. Dit moet egter nie die plek van die spraak probeer inneem nie. Die gebare en mimiek moet deur die gevoelsinhoud van die gesprokene gedra word. Oordrewe gebare of mimiek toon gebrek aan selfbeheersing en pas nie by goeie praatkuns nie. Ook die ondeurvoelde gebaar wat so dikwels die gevolg is van slegte onderrigmetodes, kan die teenoorgestelde gevolg hê as wat beoog word. Strewe dus na 'n eenheid van spraak, gebare en mimiek.

Dit moes uit die voorafgaande duidelik geword het dat die drie taalstelsels: klanktaal, skryftaal en gebaretaal in die brein, waar die gedagte ontstaan, met mekaar in verbinding is. In die harsingskors is die sentra vir die begrip van klankteken-samestellings, die begrip van skrifteken-samestellings en die begrip van gebare in verbinding met mekaar. Hulle verbind ook enersyds met die sentra vir (a) die bestuur van die spraakorgane vir betekenis-draende spraakuiting, (b) die bestuur van die skrywende hand vir betekenis-draende skrifuiting en (c) die bestuur van die gebare- en mimiek-organe vir betekenisdraende gebaretaal. Andersyds is hulle weer verbind met die sentra waar ons gewaarwordings van klank en gesigsbeelde ontvang. Daarbenewens is daar nog die tassen-trium wat ons gedurig berig lewer of ons spraakorgane se bewegings by die spraakuiting, of die hand se beweging by die skrifuiting, of die gebaar so is soos ons dit verlang.

Deur wat ons rondom ons gewaargeword en begryp het, hetsy deur die oog, die oor of tassin, ontstaan in die linkerharsingskors by regshandige persone gedagte-voorstellings in die bewussyn. Ons kan besluit om die voorstellings deur spraak weer te gee. Gesteld ons word in die nag wakker en sien 'n dief by die venster. In ons bewussyn ontstaan die voorstelling van die dief wat wil inbreek. Dit veroorsaak dadelik 'n drang om dit aan 'n vriend in die kamer mee te deel. Die voorstelling word dan in woord-beelde omgesit wat dan vanuit die sentrum in die harsingskors vanwaar die spiere van die spraakorgane beheer word, al die nodige spraakbewegings laat ontstaan wat die woordbeelde in

klankbeelde omstel. Op pad na die spraakorgane vanaf die harsingskors gaan hierdie senuwee-boodskappe deur die harsinggedeelte (die thalamus) waar die gevoelskleur toegevoeg word. Ons mededeling sal nie bloot 'n feit weergee dat 'n dief in die kamer wil inbreek nie, maar sal ons gevoels-houding op die oomblik openbaar en die persoonlike begeerte wat ons verlang dat die vriend moet doen. Al is dit donker, kan, vanweë die gevoelstoestand, gebare ontstaan wat glad nie vir my vriend bedoel mag wees nie, maar bloot die gevolg is van die liggaam-as-geheel se gevoels-uitdrukking.

Vriend B. word wakker, hy hoor my mededeling en verstaan die afsonderlike woorde, voeg hulle saam om die sin of betekenis daaruit te haal. Hy begryp die besonderhede in verband met die dief, tweedens hoe ek voel en derdens wat ek wil hê dat hy moet doen. As hy dan alles begryp, sal hy handel, of deur 'n soortgelyke proses weer met my in verbinding tree.

Op hierdie wyse het ons kortliks uiteengesit hoe die taalmiddel deur die spraak tot uiting kom.

## HOOFSTUK IV

### DIE AFRIKAANSE SPREEKTAAL

Die Afrikaanse taal is een van die jongste lote van die Nederlandse spruit van die Germaanse tak van die Indogermaanse taalstam. Dit het ontstaan aan die Kaap na Jan van Riebeeck die volksplanting hier kom stig het in 1652. Die Nederlandse spreektaal van dié dae was natuurlik anders as die „algemeen-Beschaafde” Nederlands van vandag, en ons kan aanneem dat die sprekers wat van verskillende gedeeltes van Nederland afkómstig was, 'n groot aantal dialekte verteenwoordig het. In Suid-Afrika het die aanpassing plaasgevind. Daarby was daar invloed van ander groepe: Duitse dialek-invloede van die groot gemengde Duitse bydrae tot die volksplanting; Franse invloed van die kultureel-belangrike Hugenote-groep; Maleis-Portugees van die handeldrywende Kaapse gemeenskap en seelui; Hottentots van die vroegste inboorling-kontakte. Dit gaan hier veral om die invloed van optel-Hollands van hierdie groepe gesamentlik op die reeds verwarrende dialekhutspot. Die regstreekse invloed van hierdie verskillende tale self is nie uitgeslote nie, maar die magtsposisie van die Hollandse groep, veral die vroeë bewuswording van hulle eiendomlikheid, sou direkte invloed tot 'n minimum beperk het. En so het dit gebeur dat al die vervormende invloede in die nuwe land, met nuwe klimaat, bodem en nuwe eise — waar tewens die nuut-ontwaakte nasionaliteitsgevoel 'n Barbier kon laat uitroep: „Ik ben een Afrikaander,” — binne 'n honderd jaar na die stigting van die volks-

planting, 'n nuwe eenheidstaalgestalte in die mond van die Kaapse koloniste laat ontstaan het: Gesproke Afrikaans. Die omgangstaal het vinnig sy eie koers gegaan, weg van die skryftaal, Nederlands, oorspronklik die Nederlands wat toe mode was, later die statige Nederlands van die State-Bybel. Dit sou meer as 'n eeu duur voordat die omgangstaal erkenning as skryftaal sou erlang en nog weer 'n kwarteeu voordat dit tot kultuurtaal en amptelike skryftaal sou vorder. Vandag praat, skrywe, lees, leer, bid, preek, sing, dig ons Afrikaans.

Wat 'n mens opval as jy na die Afrikaanse spreektaal van oor die hele land luister, is die groot mate van eendersheid, van homogeniteit wat bewys dat die spreektaal sy beslag gekry het voor die Koloniste begin wegtrek het uit die onmiddellike omgewing van Kaapstad. Met die groter onderlinge verkeer deur vinnige vervoermiddels en snel verbeterende onderwysgeleenthede was die afsondering op die eensame plase te kortstondig om streektale te laat ontstaan. Verstaan goed, ons wil nie te kenne gee dat ons almal eenders praat van die Kaap tot aan die Limpopo nie. Daar is afwykings wat nie alleen aan die aardrykskundige herkoms van die sprekers te wyte is nie, maar wat saamval met die sosiale gemeenskap waaraan hulle behoort en die opvoedingspeil wat hulle bereik het. In hierdie verband kan ook die groepe kleurlinge genoem word wat Afrikaans as hulle moedertaal gebruik (o.a. die Kaapse Kleurlinge en die Rehoboth-basters) waarvan die spreekvorm so afwyk van die blankes se taal dat ons dit vandag dialekte van Afrikaans kan noem.

Omdat daar tog 'n gebrek aan eenvormigheid bestaan, sal iemand al dadelik vra: maar wat is nou reg? Laat ons mekaar goed verstaan. Waar dit Afrikaanssprekendes geld wat hulle taal vry van vreemde invloede praat, betaam dit ons nie om op mekaar se spreektaal neer te sien nie. Die taal is 'n lewende, groeiende, dinamiese verskynsel en ons kan dit nie op een lees probeer skoei nie. Maar sal u vra: moet hierdie stelling dan nie op 'n Babelse verwarring uitloop nie? Nee, omdat die taal beheer word deur beide biologiese en sosiologiese wette, waarvan die eerste groei

en verandering meebring, die tweede groepering en veralgemening. Ons moenie vergeet dat die taalmiddel die band is wat sosiale verkeer tussen die verskillende lede van 'n gemeenskap moontlik maak nie. In elke gemeenskap gee die geestelik-ontwikkelde die toon aan. Soos die samestelling van die gemeenskap verander, sal ook die aard van die vernaamste groep verander. In die vroegste tydperk was dit natuurlik die amptenare van die Kompanjie; later, die toonaangewende boerebevolking; daarna die leiers op opvoedkundige, kerklike, staatkundige en ekonomiese gebied. Waar laasgenoemdes veral in die groot stede nouer saamgetrek word, sal dus van dié sentra 'n invloed uitgaan wat vasstel wat 'n norm gaan wees wat almal sal verstaan en wat ander graag sal wil navolg omdat dit van die toonaangewende groep kom.

Vanaf die Kaap, Stellenbosch, Bloemfontein, Pretoria, Potchefstroom, ook Johannesburg — waar toonaangewende Afrikaners hulle saamgetrek het — sal daar dus normgewende invloede op die spreektaal uitgaan, maar dit spreek ook vanself uit die aard van die saak dat daar geen absolute eenheidspatroon kan wees nie; dat meer as een vorm as „beskaaf” kan geld; en dat so'n „Algemeen-Beskaafde” of standaarduitspraak wat die spreektaal altans betref, bloot van relatiewe aard is. Wat vandag as beskaaf geld, is dit môre nie. Die beskaafdheid lê dus nie in die taalvorm self nie, maar net by diegene wat dit gebruik.

Nou is daar mense wat meen dat jy moet praat soos jy skrywe. Dit is tog onsin, want kyk net hoe lank het die spreektaal van Afrikaans bestaan voordat dit geskrywe is, en het die ou Patriotters nie gesê nie: „ons gaan skrywe soos ons praat?” Dit het natuurlik nie daarby gebly nie. Al meer het die skryftaal hom gaan aansluit by Nederlands en dis miskien om die deftigheidsassosiasie wat indertyd daarvan uitgegaan het wat mense nou laat sê: „Praat soos ons skrywe.” Dis daarom dat mense beweer dat ons uitspraak moet wees: *perde* i.p.v. *pêre*, *mens* i.p.v. *mêns* (met nasalering van die *ê*) e.d.m. Letter-uitspraak is natuurlik 'n verkragting van die taaleie, want letters gee op sy beste net 'n benadering



van die werklike uitspraak en waar die skryftaal steeds die Nederlandse tradisie volg, is die kloof nog wyer. As die skryftaal eenmaal vasgelê is, kom daar nie so maklik verandering nie.

Nog iets wat die skrif bykans nie mee rekening hou aangaande die uitspraak nie, is — afgesien van die ritmies-melodiese eienskappe waarvan ons hoërop reeds melding gemaak het — die nadrukswaarde wat elke woord in die gedagteuiting het. Sommige woorde wat ons in die skrif voluit skrywe, word by die uitspraak verswak of verkort uitgespreek: bv. *hy het gekom* word *hy't gekom*, *Waar is Jan* word *Waars Jan?*

Klankbeïnvloeding deur assimilasie moet ook nie verontagsaam word nie: dus *willebees* i.p.v. *wildebees*, *hoenerkop* i.p.v. *hoenderkop*, *implant*, i.p.v. *inplant*.

By die bepaling van 'n standaarduitspraak moet dus goed geluister word na die beskaafde, toonaangewende sprekers wat, omrede die algemene verstaanbaarheid, sal probeer om die lokale of afwykende soveel moontlik uit hulle spraak te weer.

Hierdie onbewuste eenvormigheidsdrang is maar net 'n ideaal waarna gestrewe, maar nie bereik word nie, want, soos Prof. T. H. le Roux in 'n voorwoord van die Afrikaanse Uitspraakwoordeboek sê:

„Taal is 'n lewende organisme en tewens 'n sosiale verskynsel uit die gemeenskap gebore en die uitingsmiddel van die gemeenskap. So lank as wat 'n taal lewe, solank sal daar verskille in uitspraak wees, ook tussen beskaafde sprekers, en gaandeweg sal daar kleiner en groter wysiginge ontstaan ten opsigte van die erkende uitspraak van bepaalde klanke en woorde. Natuurlik, die verskille wat ons hier op die oog het, is van baie betreklike aard en kom geleidelik. Ten spyte van hierdie onvermydelike en dus natuurlike verskille, bestaan daar egter wel deeglik eenheid van uitspraak, maar 'n eenheid in verskeidenheid.”

So het ons reeds hoërop ook melding gemaak van algemene uitspraak-tendense wat ons by 'n taalgroep, afgesien van die individuele afwykings,

kan bespeur. Ons het dit die artikulasiebasis genoem, 'n grondslag vir die uitspraak wat o.i. nou samehang met die volksaard op 'n gegewe tydstip.

Dit is dus verkeerd om 'n oordrewe gespannenheid te bring in die uitspraak van Afrikaans wat 'n slap artikulasiebasis het, Die ou elokusieskool het hulle verlustig in uitsprake soos: *hand(e)* vir *hand*, *maan(e)* met 'n Nederlandse *aa* en 'n oordrewe *n*, *mens* met ongenasaliseerde *e* en volle *n*, *hierdie* vir *hierie*, die uitspraak met oordrewe lipronding en stulping, die oordrewe rateling van die *r*-klank e.d.m. Andersyds is dit verkeerd om Afrikaans te praat met die artikulasie-basis van 'n ander taal. Iemand wat byvoorbeeld Engels-georiënteer is, sal die stemlose ploffers soos *p*, *t*, *k*, met aspirasie, hoorbare ontsnapping van stemlose lug na die verbreking van die ploffers, uitspreek; hy sal die *r* nie ratel nie en weglaat voor konsonante en na klinkers; hy sal die aanvangsklinkers in in woord nie hard insit, d.i. met 'n stemspleet-ploffer nie; hy sal die klinkers in *huis*, *rug*, *neus*, *muur* met heeltemal ontronde lippe, dus *hys*, *rig*, *nees*, *mier*, uitspreek, e.d.m.

In *Afrikaanse Fonetiek* van le Roux en Pienaar word die vernaamste gevolge van die slap artikulasiebasis van Afrikaans volledig uiteengesit (bl. 43).

Let nou goed op hoe die Afrikaanse spraakklanke beskrywe word, sodat slordige artikulasie nie met slap artikulasie verwar word nie. Onthou die sosiale funksie van spraak. Slordige, onduidelike artikulasie sal die verstaanbaarheid van ons mededeling belemmer. Sondig egter nie deur 'n te korrekte artikulasie nie.

## HOOFSTUK V

### DIE AFRIKAANSE SPRAAKKLANKE

Ons gaan nou die Afrikaanse spraakklanke probeer beskrywe, groepeer en indeel. Dis g'n maklike taak nie, omrede 'n mens moeilik 'n klankkleur kan beskrywe, net so min as 'n mens 'n smaak of 'n bepaalde kleur, soos geel, kan beskrywe. Dis natuurlik makliker om te sê hoe 'n spraakklank gevorm word, of waaruit die spraakklank saamgestel is. Die „klink" van die spraakklank is alleen 'n geheue-klankbeeld wat ons as deel van 'n woordbeeld in die herinnering vaslê. En tog leer ons om 'n beperkte aantal klankbeelde van mekaar te onderskei in 'n bepaalde taal, want dis hulle, die sogenaamde *foneme*, wat hoofsaaklik verantwoordelik is vir die betekenis-verskille wat ons gewaar word as verskillende woorde gesê word. As ons die woordjies *sit, set, sat, siet, soet, saad, sot* sê, dan ondervind ons hier verskillende betekenis al na gelang die klinkerfoneme verander word; of as ons *seet, suut, seut, sut, sêt, sôt, soot* sê word ons dadelik gewaar dat dit hier gaan om woorde wat g'n betekenis in Afrikaans het nie. So kan ek elk van die drie foneme van die woordjie *sit* verander om of woorde met verskillende betekenis, of woorde waarvan g'n betekenis verbind word nie, te vorm, bv. in *sit, pit, lid, wit, git, rit, kit, bid, dit, mit* (swak vorm van *met*), *vit* bring die verandering van die eerste foneem 'n nuwe betekenis, en in die geval van *jit, nit* en *hit* sogenaamde, „sinlose woorde", in *sit, sin, sif, sig, sing* is dit die verandering van die laaste foneem wat 'n betekeniswysiging veroorsaak, terwyl

*sis, sim, sij, sik, sir, sip* weer sinlose woorde is. U sien dus hoe baie moontlikhede daar bestaan om nuwe woorde te vorm. Foneme is spraakklanke wat 'n betekeniswysigende funksie het.

Daar bestaan ook in Afrikaans spraakklanke wat wel van ander verskil, maar g'n betekeniswysigende funksie het nie. Luister na die uitspraak van die woordjie *gee*. Party vorm die eerste spraakklank met die middel van die tong teenoor die harde verhemelte; ander weer met die agterste gedeelte van die tong teenoor die 'voor' of die middel van die sagte verhemelte. Of ek nou die een of die ander gebruik, maak nie 'n verskil aan ons betekenisbewuswording van die hele klankgroep nie. Gewoonlik voor die hoë voorklinker *ee* of 'n *ie* (soos in *gieter*) word eersgenoemde, palatale uitspraak gebruik en in ander gevalle die tweede, velare uitspraak. Ons sê dan dat hierdie twee spraakklanke verskillende lede van dieselfde *foneem* is.

Om 'n taal suiwer te praat, is dit noodsaaklik om nie alleen die foneme reg agtermekaar te span nie, maar ook om die verskillende lede van die foneem op hulle regte plekke suiwer te gebruik.

'n Spraakklank hoef dus nie noodwendig 'n foneem te vorm nie, en 'n foneem kan uit een of meer spraakklanke bestaan. In *laai, looi, loei, lui, lou, leeu, ly* of *lei* kry ons telkens 'n nuwe betekenis deur die verandering van die tweede foneem. Hierdie foneem bestaan in elke geval uit twee klinkers wat dieselfde betekenis-onderskeidende funksie het as die *ie* van *lê*, nl. *aa* plus *ie*, *oo* plus *ie*, *oe* plus *ie*, *u* (*rug*) plus *uu* (*muur*), ens.

Sulke enkelfoneme wat uit twee klinkers bestaan, noem ons *twee-klanke* of *diftonge*.

Net so kan ons by die konsonante onderskei tussen foneme wat uit een spraakklank bestaan, soos die skuinsgedrukte teken in *pa*, rus voorstel, en dié wat uit twee spraakklanke bestaan, soos die *tj* in *tjalie* wat uit 'n voorpalatale stemlose ploffer plus 'n voorpalatale stemlose wrywingsklank saamgestel is. Ons noem hierdie bepaalde saamgestelde konsonantfo-

neem, 'n ploffer plus 'n wrywingsklank wat op dieselfde plek gevorm word, 'n *affrikaat*.

By die beskrywing van die spraakorgane het ons een en ander oor spraakklankvorming gesê. Ons wil egter hier 'n volledige uiteensetting van die Afrikaanse spraakklanke in die standaard-uitspraak gee.

By die uitspraak van die woordjie *string* hoor ons vyf spraakklanke. Laat ons kyk hoe hulle van mekaar verskil. Vireers word al vyf met uitaseming gevorm, maar waar by *s* en *t* die stemlippe nie tril nie en dus *stemloos* is, daar is die *r*, *i* en *ng* *stemhebbend*, word dit met stemtrillinge uitgespreek.

Dan is daar by *s* en *r* 'n vernouing van die asemstroom in die mondholte, by *i* is g'n vernouing nie, by *ng* 'n afsluiting in die mondholte, maar 'n vernouing in die neusholtes. By *t* is 'n afsluiting beide in die mondholte en van die gang na die neusholtes. Hiermee is die *stand van die spraakorgane met betrekking tot mekaar aangegee*.

*s*, *t*, en *r* word met die blad van die tong teen die tandeboog gevorm, by die *i* is die tong in die russtand (effens gelig) en by *ng* is die agter van die tong na die sagte verhemelte gelig. Dit dui die *plek van vorming* aan.

By *s*, *t* en *i* stroom die asem deur die middel van die mondholte, by *ng* deur die neusholte, by *l* in lam oor die sykant van die tong en dan na buite. Dit gee die *rigting van die asemstroom*.

By *s* hoor ons 'n wrywingsgeruis, by *t* 'n ploffingsgeruis, by *r* 'n ratelgeruis, by *i* is dit 'n suiwer toon, by *ng* is dit 'n wrywinglose dundertoon met 'n nasale kleur. Hiermee het ons die *akoestiese resultaat* van die klankvorming beskrywe.

Om op te som: ons kan die Afrikaanse spraakklanke indeel volgens die volgende uitgangspunte:—

- (a) Wat met die asemstroom gebeur as dit deur die aansetstuk gaan:—

- (i) *Afsluiting*—afsluitingsklanke wat deur die skuinsgedrukte tekens in die volgende woorde voorgestel word :  
*pal, bal, tol, dol, bietjie, kan, ghoen.*
- (ii) *Vernouing*—vernouingsklanke in raas, *val, waai, twee, sjef, gee, jaar, gaan, hand, lam, nee, ding, eendjie.*
- (iii) *Oop*—oopklanke is al die klinkers en tweeklanke : *siek, see, sê, ses, sat, ens.*
- (b) Afsluitings- en vernouingsklanke kan stemhebbend of stemloos wees :—
- (i) *Stemhebbend*—*bal, daar, ghoen, duidlik, raas, kwaad, waai, jaar, hand, man, sing, eendjie, lam.*
- (ii) *Stemloos*—*pal, rib, tand, bietjie, kan, val, ses, sjef, gee, gaan.*
- (c) Vir afsluitings- en vernouingsklanke kan die asemstroom in drie verskillende rigtings gestuur word, nl. middelmond, symond, en neus :—
- (i) *Middelmond*—*pal, bal, tal, dal, bietjie, kan, ghoen, raas, kwaai, val, wal, sal, sjef, gee, gaan, haan.*
- (ii) *Symond* — *eintlik, tlaar (vir klaar), duidlik, lam.*
- (iii) *Neus*—*naam, ring, tuintjie, tnoop (vir knoop), buitentoe (by uitspraak buitntoe).*
- (d) (i) Afsluitingsklanke word met 'n ploffingsgeruis verbreek :—  
*Ploffers*—*paal, baal, tand, doen, bietjie, kan, ghoen, eintlik, duidlik.*
- (ii) Afsluitingsklanke kan stadig verbreek word, sodat die ooreenkomstige wrywingsklank gehoor word. As die twee dan 'n funksionele eenheid vorm, wat deur die sprekers beskou word as een „klank”, noem ons dit 'n affrikaat. *Affrikaat; tj in tjalie.*

(iii) Vernouingsklanke word gevorm:—

- (1) met *ratelgeruise*—*ratelklanke* soos deur die *r*-tekens in roer voorgestel word.
- (2) Met *skuurgeruis*—*skuurders* of *wrywingsklanke*: *kwaad, vaal, wal, sal, sjef, gee, jaar, gaan, hand*.
- (3) Met vernouing sonder hoorbare *skuurgeruise*. Hulle moet stemhebbend wees om gehoor te kan word—*wrywinglose kontinuante* of *duurders*: *lam, naam, ring, eendjie*.
- (4) Oorgangsklanke van een klinker op 'n volgende. In Afrikaans word dit gehoor tussen die klinkers in *prieel, skerpioen*, vir sover dit nie 'n *wrywingsklank* soos in *ja* word nie. Hulle het geen betekeniswysigende funksie nie.

#### Oopklanke of klinkers:

1. By oopklanke is die mondholte so oop dat ons geen hoorbare vernouing waarneem nie. Ons kan hier twee groepe onderskei:—

- (i) Waar die gang na die neusholte afgesluit is, soos by klinkers in *sier, weet, pad, gaas, bord, rook, soet, lig*, ens.
- (ii) Waar die gang na die neusholte ook oop is en daar hoorbare neusagtigheid by die uitspraak van die klinkers is, soos in *mens, inja, lamfer, aanrol, aangee*. Hierdie klinkers is genasaliseer. Die nasale *wrywinglose* kontinuante wat op die klinker volg, val weg. Ons onderskei tussen *dos* en \**dōs*, *mes* en *mēs*, *wees* en *wēes*, *gaas* en *gās*, ens.

(a) Hierdie nasalisering vind ons as die klinkers (of tweeklanke) gevolg word deur 'n nasale duurder, wat op sy beurt gevolg word deur 'n skuurder of 'n ratelklank. Verdere voorbehoude is:—

- (i) dat dit nie binne 'n kultuurwoord (soos *onsimpatiek, nuanse, kompetensie* is, waar hierdie klankvolgorde voorkom nie;

---

\* stel die genasaliseerde klinker voor.

(ii) dat dit nie saamgestelde of afgeleide woorde is waarvan die twee dele los van mekaar gevoel word nie (*lemoen/stroop, son/skyn, man/s*);

(iii) dat die klinkers nie 'n *ie* of 'n *oe* is wat voor die nasale duurder staan nie, hoewel baie hulle nie hieraan hou nie.

(b) Heelwat ontwikkelde sprekers nasaliseer ook as die klinker gevolg word deur 'n nasale duurder plus 'n klinker wat hard insit\* (*i-ag-neem, õ-ervare*).

Nasalisering is 'n kenmerk van die Afrikaanse klinkerstelsel en moet by gewone woorde in die spreektaal gebruik word. Diegene wat dit probeer weer uit hulle spreektaal, is lettersprekers en doen die Afrikaanse klanktaal-stelsel geweld aan.

In woorde soos *sien, maan, man, doen* e.d.m. waar net die nasale duurder die klinker volg, vind geen nasalisering plaas nie, maar die gang na die neusholtes is geensins afgesluit vir klinkervorming nie. Ons hoor net nie die karakteristieke neusagtigheid wat kenmerkend is vir die genasaliseerde klanke nie.

2. Kom ons vergelyk die volgende oopklanke met mekaar:—

mier	—	miet
koeël	—	koel
speel	—	Desember
boom	—	moveer
snor (baard)	—	snor (geluid)
pers (kleur)	—	pers (druk)
daag	—	dag
deug	—	
muur	—	nuut
brûe	—	brug
wie	—	wig

---

\*Sien voetnoot bl. 49.



Die klinkers van die eerste groep is lank, die ander groep s'n kort. In 'n paar gevalle kom die kort klinker net in onbeklemde stand voor (*Desember, moveer*) en in 'n paar gevalle veroorsaak net die lengte-verskil die gewaarwording van 'n nuwe betekenis. Baie mense maak vandag 'n betekenis-onderskeid tussen v $\ddot{o}$ lk (*gekleurde arbeiders*) en volk (*nasie*); gr $\ddot{e}$ ns (*huil*) en grens (*langsaaan l $\ddot{e}$* ); p $\ddot{o}$ nd (*geld of gewig*) en pont (*plat skuit*); b $\ddot{o}$ rd (*eetgerei, muurtafel*), bort (*siekte*). Ander persone, en dit hoef nie te geld as 'n sondiging teen die standaard-uitspraak nie, gebruik die lang klinkers in woorde soos *ses, elf, word, melk, bors, dorp, bont* (veelkleurig), waarvan party lang klinkers 'n ou geskiedenis agter die rug het.

As u die volgende woorde s $\ddot{e}$ , sal u oplet dat voor *r* die klinkers *ie, uu, en oe* gewoonlik lank is: *mier, viering, suur, pureman, boer, stoere*. Ook ander klinkers kan deur die *r* gerek word, soos in *ver, dorp, wors, bord* gehoor word. Beide die *l* en die *n* het ook in Afrikaans hierdie invloed op voorafgaande klinkers, veral as 'n konsonant op hierdie klanke volg en veral ook ten opsigte van die klinkers *e (wet)* en *o (tot)*.

Uitsonderings kom natuurlik voor, soos u in *voering, hierdie, dierasie, piering, koerasie, kurang* hoor.

As 'n klinker in Afrikaans 'n woord afsluit, is dit gewoonlik lank (vgl. *see, so, ja, s $\ddot{e}$* ), maar daar is uitsonderings. By *wie, sku, d $\acute{e}$ , waarso, opa* is die laaste klinker kort.

3. S $\ddot{e}$  die volgende drie groepe woorde en let op hoe die klinkers in Afrikaans uitgespreek word:—

I	II	III
s $\ddot{e}$	wit	m $\ddot{o}$ re
miet		moet
see		so
nuus	dag	daag

Die verskil tussen die eerste en die laaste groep is heeltemal duidelik. Die eerste groep word voor in die mond gevorm, die laaste agter, met die middelste groep tussen die twee. Die eerste groep verteenwoordig dus voorklinkers en die tweede groep, agterklinkers.

4. Vergelyk nou weer die volgende twee groepe met mekaar :

I	II
nies	nuus
keer	keur
rig	rug
sê	moet
dag	moot
daag	mot
wit	môre

In die geval van die eerste drie woordpare is dit alleenlik die lipron- ding wat ons die verskil in betekenis tussen die lede van die woordpare laat aanvoel. By groep I is die lippe in die neutrale stand, by groep II is die lippe gerond. Watter van die volgende tweeklanke het geronde lippe?

leeu	laai
roei	baie
rys	nou
ruis	mooi
	nôi

Alleenlik by *ui* en *ou* is die lippe deurgaans gerond. By *aai*, *ai*, *y* is die lippe deurgaans neutraal. By *oei*, *ooi* en *ôi* is die eerste klinker van die tweeklank gerond, by *eeu* is net die tweede lid gerond.

Ons wil weer benadruk dat die lippe vir die geronde klinkers gladnie gestulp of oorrond is in Afrikaans nie, en dat oordrewe ronding net so verkeerd is as glad geen ronding, soos veral by die klinkers van *nuus*, *keur* en *rug* dikwels gehoor word nie.

5. Vergelyk nou weer die volgende klinkers met mekaar, veral wat die tongstand in die mondholte en die kaakwydte betref:

Groep A:	mier	moet	muur		
Groep B:	meet	moot	neut		
Groep C:	sê	mes	wit	nog	môre
Groep D:	dag	maar			

By groep A lê die tong die naaste aan die verhemelte en is die afstand tussen die kakebene die kleinste: (*hoë of geslote klinkers*). Dan volg groep B (*middelhoë*) of *half-geslote klinkers*); dan groep C (*middel-lae* of *half-oop klinkers*) en by groep D vind ons die verste afstand tussen tong en verhemelte asook die grootste afstand tussen die kakebene (*lae, oop klinkers*).

6. In Afrikaans kan ons nog die volgende groepe klinkers teenoor mekaar stel:

(a) rug, wit, dag

(b) miet, nuut, meet, met, sê, daag, môre, nog, moot, moet.

By die eerste groep is die spierspanning baie slap, terwyl daar 'n groter mate van spanning by groep (b) is. Hoewel daar in Afrikaans nie sprake is van baie gespanne klinkers nie, kan ons nogtans gespanne (b-groep) teenoor die ongespanne (a-groep) klinkers stel.

7. In die twee sinnetjies „Jan span in” en „dis 'n mooi boek” het ons albei gevalle dieselfde klinker, maar daar is 'n verskil tenopsigte van uitspraak. In die eerste geval sit die klinker van *in* hard in, dit is met stemploeploffer; in die tweede geval smelt „*dis 'n*” feitlik saam tot een woord en begin 'n nie hard nie. Vergelyk nou *boor* met *bo-oor*, *naaf* met *na-aap*, *seën* met *see-eend*, *g'n* met *geïn*. By die eerste woorde van elke paar is daar een klinker, by die tweede twee afsonderlike klinkers wat deur die oor as twee klinkers waargeneem word, omdat 'n skeiding deur 'n harde begin van die tweede klinker plaasvind. In woorde soos *bo-op*,

*wa-as, ru-olie* asook in feitlik alle saamgestelde woorde waarvan die tweede met 'n klinker begin, sit daardie klinker hard in. Tog het ons 'n klompie woorde waar twee afsonderlike klinkers naasmekaar voorkom, nie tweeklanke vorm nie en tog gewoonlik nie van mekaar deur die stemspleet-ploffer geskei word nie. By woorde soos *skerpioen, finansieel, prieël, provinsiaal* sit die tweede klinker van die groepe nie hard in nie, altans by die meeste mense. Dit is natuurlik moontlik om die klinkers sonder tussenklank op mekaar te laat volg. Baie mense doen dit egter nie. By *skerpioen* en *prieël* bv. ontwikkel 'n palatale wrywingsklank j, soos die eerste klank in *jaar*, maar ander gebruik by al die woorde 'n oorgangsklank-*h* soos die eerste klank in *hand*. Laasgenoemde word egter nie as standaarduitspraak beskou nie.

8. Kyk nou na die skuinsgedrukte spraakklanke in die volgende woorde: *kitaar, redeneer, verby, patroon, stoffasie, rosyntjies, rumoer, bytyds*. Die spelling is in elke geval anders. Spreek nou die woorde uit en luister na die spraakklanke. Hulle klink eenders, nie waar nie? Wat merk u op oor waar hulle in die betrokke woorde voorkom? Almal is in onbeklemde stand. Waar 'n klinker dus in onbeklemde stand te staan kom, gebeur dit dikwels dat dit in Afrikaans die neutrale e-klinker word. Ook woorde van vreemde oorsprong wat heeltemal ingeburger geraak het, is aan klinker-verandering onderhewig as die klinkers onbeklem is, vgl. *spekuleer (spikkeleer), intimiteit (intimmiteit)* e.a.

9. Die klem speel ook 'n rol by die uitspraak van woorde soos *protes, protesteer, proses, prosedeer*. Waar die klem op die onmiddellik volgende klinker rus, kan die o uitgespreek word as oo of oe, dus *protès* of *proetès, prosès* of *proesès*. As 'n ander klinker egter tussen die o en die beklemde klinker kom, word die o as o (*nog*) of oo (*rook*) uitgespreek, dus *prottes-tèer* of *protestèer, prossedèer* of *prosedèer*. By die e in woorde van vreemde afkoms soos *telegram, telefoon* e.a. vind 'n soortgelyke verlaging van die klinker plaas, wat glad nie 'n anglisisme hoef te wees nie: dus

*telegràm* of *tellegràm*, *telefòòn* of *tellefòòn*. Die klem moet egter nie verskuiwe na die eerste klinker nie, want anders kry ons 'n anglisistiese uitspraak.

10. As ons die Afrikaanse gebied deurreis, vind ons die uitspraak glad nie so homogeen as die verwagting is nie. Ten opsigte van die klinkers is die verskille soms individueel, soms is dit groter groepe wat dit besig, soms staan dit onder vreemde invloed en soms is dit die voortlewing in die mond van die volk van uitsprake wat selfs in die Middel-Nederlandse tydperk bestaan het. Dis partykeer baie moeilik om te sê wat ons as standaard moet laat geld. (Ons laat die Afrikaans van die Griekwas, die Rehoboth-basters, Kaapse kleurlinge en die natuurlike buite beskouing).

In die kort bestek van hierdie werkie kan ons 'n paar klinker-wisselvorms noem.

(i) Die gebruik van die *ie* en *oe* vir *ee* en *oo*, die sogenaamde verhoging van die klinkers wat hoofsaaklik tot die Westelike Provinsie beperk is en in die geval van *ie* orals behalwe voor *l* en *r*, in die geval van *oe* orals behalwe voor alveolare konsonante voorkom.

(ii) Die gebruik van *eə*<sup>1)</sup> of *iə* vir *ee*, *oə* of *oəə* vir *oo* en *euə* of *uuə* vir *eu*, wat hoofsaaklik in die Transvaal en die Vrystaat voorkom. Hierdie „brekings-uitspraak” kan òf selfstandig, òf onder Engelse invloed ontstaan het.

(iii) Die gebruik van *ie* vir *uu*, *ee* vir *eu*, *ə* vir *u* (*rug*). Ons noem dit ontronding en kan die gevolg wees van slap artikulasie, of Engelse invloed.

(iv) Die volgende wisselvorms is baie oud: *vleis*—*vlees*, *gemeinte*—*gemeente*; *tent*—*tint*, *swem*—*swim*; *speel*—*speul*, *sewe*—*seuwe*; *spuug*—*spoeg*, *sleutel*—*sluitel*; *duwel*—*duiwel*; *artappel*—*ertappel*; *sēs*—*ses*;

<sup>1)</sup> ə is die neutrale klinker in wit.

*wōrs—wors*, e.a. Die herkoms en verspreiding van hierdie wisselvorms vorm 'n baie interessante studie wat buite die bestek van hierdie werkie val. 'n Uitspraakwoordeboek<sup>1)</sup> sal aandui wat as standaarduitspraak geld.

(v) Die normale spraak verskil in baie opsigte van die sterk gevoelsgekleurde gebruik. Ons hoor *magtag* vir *magtig*, *duwel* vir *duiwel*, verlenging waar die klinker andersins kort is en omgekeerd. Dit moet in die bepaalde omstandigheid as standaard geld.

11. By die gebruik van Afrikaans as voordrag-medium hoor 'n mens verkragtings van ons taaleie t.o.v. die klinkers, wat hier dien genoem te word.

(a) By baie geld dit as vernaam om—

- (i) Die Nederlandse *oo*, *ee* en *eu* wat al drie 'n tweeklankleur het (*oo* plus *oe*, *ee* plus *ie* en *eu* plus *uu*) vir die Afrikaanse *oo*, *ee*, en *eu* te gebruik.
- (ii) Die Nederlandse *e*(tel) wat meer oop is vir die Afrikaanse klinker te gebruik.
- (iii) Die Nederlandse lang *aa* wat 'n voorklinker is i.p.v. die middel-agter Afrikaanse *aa*-klinker te gebruik (ook in *aai*-samestellings).
- (iv) Die Nederlandse *i* (wit) wat hoër is en meer na vore gevorm word as die Afrikaanse neutrale *ə*, in die plek van laasgenoemde te gebruik. Veral by die sang word dit deur onkundiges aanbeveel.
- (v) Die Nederlandse kragtige gestulpte liprondding vir *uu*, *eu*, *u* (rug), *oe*, *oo*, *o*, *ui*, *ooi*, *oei* vir die Afrikaanse klanke met matige liprondding te gebruik. Hierdie lagwekkende oordrywing kom 'n mens in die laerskool-onderrig dikwels teë.

---

<sup>1)</sup> Vgl. le Roux en Pienaar—*Afrikaanse Uitspraakwoordeboek* (J. L. van Schaik, 1945).

- (vi) Hoewel ons die verbinding *rm, rn* in woorde soos *arm* en *kern* met 'n neutrale ə-klinker uitspreek, moet geen ə tussen die konsonant-verbindings *-rg* (*verg*), *-lk* (*melk*), *-rk* (*werk*), *-rp* (*dorp*), *-rf* (*skurf*) gebruik word nie.
- (b) Engelse invloed op ons klinkervorming is geringer as op die uitspraak van ons konsonante. Om 'n paar te noem:—
- (i) Ontronding van geronde voorklinkers: dus *hys* vir *huis*, *niet* vir *nuut*, *nees* vir *neus*, *rig* vir *rug*. Geronde voorklinkers bestaan nie in Engels nie. Ontronding is egter 'n ou Nederlandse verskynsel.
  - (ii) Die „brekings”-uitspraak van *ieə* vir *ee*, *oə* vir *oo* kan miskien aan Engelse invloed toegeskrywe word.
  - (iii) Die weglaat van nasalisering kan onder Engelse invloed geskied, maar kan ook spellinguitspraak wees.
  - (iv) Die gebruik van 'n sagte i.p.v. van 'n harde begin by aanvangsklinkers in 'n woord of woordgedeelte.
  - (v) Die gebruik van Engelse kort o-klank (*not*) vir die Afrikaanse klank in *tot*.
  - (vi) Die uitspraak van *rooi*, *mooi*, ens. as *rôi*, *môi* (vgl. Eng. *boy*)
- (c) Die uitspraak van die lidwoordjie 'n dien hier behandel te word, omdat twee van die erkende standaard-uitsprake daarvan enkelklinkers is, nl. ə en ɛ̃ (genasaliseerde ə), dus heeltemal sonder die *n*. Die ɛ̃-uitspraak hoor 'n mens meer in die Boland en veral voor wrywingsklanke soos *s*, *f*, *g*; die ə meer in die res van Suid-Afrika. Daar word egter ander uitsprake gehoor: (i) Wat ook erken word, soos:—
- (a) ən, net voor alveolare konsonante soos *d*, *r*, *n* (ən *dam*, ən *tol*, ən *naam*) en voor veral dié klinkers wat nie hoofklem dra nie (ən *onbekookte spul*, ən *innemende laggie*).

- (b) *əm* wat net voor bilabiale klanke gehoor word, dus *əm buk*,  
*əm plant*.
- (c) *əŋg* wat net voor velare konsonante gehoor word *əŋg kerk*,  
*əŋg ghoen*.

Hierdie drie uitsprake is alternatiewe uitsprake vir *ə* of *â* en glad nie so algemeen verbreid soos veral die eerste van laasgenoemde twee nie.

- (d) Die uitspraak *hə* aan die begin van 'n sinsgroep, wanneer die volgende woord begin met hoofklem; *hə* appel is *ə* lekker vrug, *hə* oog om *ə* oog. Hierdie uitspraak is nie algemeen nie en kan deur *ə* vervang word. Prof. T. H. le Roux sê<sup>1)</sup>:  
*ə* „is verreweg die gewoonste, die algemeenste uitspraak van die onbepaalde artikel en word in al die vorige posisies gehoor.”
- (ii) Wat nie erken word nie, soos die uitspraak *n* sonder die neutrale klinker wat in baie Engelse skole waar Afrikaans geleer word, welig tier.

### Medeklinkers:—

By die afsluitings- en vernouingsklanke het ons verskeie groepe ingedeel, soorte klankgeruise wat ons met die gehoor waarneem (vgl. bl. 48). Kom ons kyk wat ons verder van die vorming van hierdie konsonantgeruise kan wys word.

### Ploffers.

Ons sê die sewe ploffers *p*, *b*, *t*, *d*, *tj*(ie), *k*, en *g* (ghoen). Is die ontploffingsgeruise eenders? Vreiers is daar die verskil tussen stemhebbende en stemlose spraakklanke wat ons hoërop genoem het: *pal-bal*; *tol-dol*; *koen-ghoen* of *berke-berge* en die stemlose *tj* in *bietjie* of *mandjie*. Die taalbou laat egter nie toe dat stemhebbende ploffers orals voorkom

<sup>1)</sup> *Afrikaanse Taalstudies* (J. L. van Schaik, Bpk., 3e druk), bl. 33.



nie. Vergelyk die slotklank in *tand* met die endklank in *tot*; die endklank in *rib* met die van *lip*. Eenders nie waar nie? 'n Woord kan nooit op 'n stemhebbende ploffer, eindig nie. Wat gebeur as 'n stemlose ploffer voor 'n ander stemhebbende ploffer staan, soos in *pitboom*, *dikbas*, *dipbak*, *witdoring*, *dikderm*? Afrikaans verskil hier van Nederlands wat die stemlose ploffer in die verbindings altyd stemhebbend uitspreek. In Afrikaans is die stemlose klank alleenlik in die verbindings *td*, *pb*, en *kgh* geneig om stemhebbend te word, maar dan met dié voorbehoud, dat in die uitspraak van die meeste mense *dd*, *bb* en *ghgh* saamsmelt tot een spraakklank: *d*, *b*, en *gh* respektiewelik.

Te wyte aan die stemlose uitspraak van uitgangs-*d*, het in die meervoud van woorde soos *saad*, *raad*, *rand*, *mied*, ens. ook vorms in gebruik gekom met die stemlose i.p.v. die oorspronklike stemhebbende ploffer. Dus het ons naasmekaar *sade-sate*, *rade-rate*, *miede-miete*, *rande-rante*, ens. Ook hoor 'n mens *geluite*, *soldade*, *potlote*, maar nie so algemeen soos eersgenoemde wisselvorms nie. Waar gebruikelike woordpare bestaan, het in party gevalle betekenis-differensiasie ook ingetree: *sade* (wat 'n mens saai) — *sate* (plantgedeeltes wat saad bevat); *rade* (soos skoolrade)—*rate* (hulpvoorstelle, soos in tyd van siekte) *rande* (van borde byvoorbeeld)—*rante* (heuwels).

Ons het nog nie gesê waarom *p*, *t*, *tj* en *k* enersyds en *b*, *d*, *gh* andersyds van mekaar verskil nie. Die eerste spraakklank van elke groep word met albei die lippe teenmekaar uitspreek. Hulle is dus *bilabial*. Die tweede van elke groep het die tongpunt en -blad teen die tandéboog en die syrande van die tong teen die boonste kieste en tandvleis (*alveolaar*); *tj* (bietjie) word met die punt van die tong teen die ondertande en die middel van die voor van die tong teen die middel van die harde verhemelte gevorm (*palataal*), terwyl die sye na agtertoe teen die boonste kiestande afsluit. Eindelijk die *k* en die *gh* wat met die agter van die tong teen die middelste gedeelte van die sagte verhemelte gevorm word — dus velaar.

Hierdie ploffers is gewoonlik kort, behalwe in verbindings waar twee gelyke ploffers toevallig langsmekaar te staan kom, soos in *klipplaat*, *kuipbad*, *uittrek*, *bakkop* en hier is die neiging om net een kort ploffer uit te spreek.

Die taalbou lê vas met watter ander medeklinkers elke ploffer kan verbind word. Probeer nou woorde vind wat die volgende verbindings inhou:—

(a) Voor klinkers: *pl, pr, sp, spr, spl, ps,<sup>1)</sup> pt,<sup>1)</sup> pn,<sup>1)</sup>*

*bl, br*

*tr, st, str, tl (vir kl), tn (vir kn), tw*

*kr, kl, skr, kn, kw, sk*

*ghr, ghw, ghn*

(b) Na klinkers: *lp, sp, rp, ns, mp*

*rt, ts, (st, en ft, Ned. hoest, drift kom in Afrikaans nie voor aan 'n slot van 'n woord nie), lt, nt*

*(gt, pt, kt, Ned. licht, loopt, rukt kom in Afrikaans nie aan slot van 'n woord voor nie) rk, lk, ngk, ks*

*lgh, rgh (tussen klinkers).*

Laat ons nou die ploffers afsonderlik nagaan of daar enige veranderinge voorkom van die uitspraak wat ons hoërop beskrywe het. U moet die bewerings hier toets deur in u omgewing goed te luister na wat die mense sê.

Is die uitspraak van *b* in dubbeld en troebel by u nog 'n ploffer? Baie gebruik tussen die klinkers 'n liptandwrywingsklank (*duwweld*, *troewel*) wat net so gangbaar is as die ploffer.

Sê die woorde *present*, *probeer*, *presies*, *plesier*, (*du*) *Plessis*. Die

---

<sup>1)</sup> Net vreemde woorde soos *psigologie*, *ptomaïen*, *pneumaties*; en hier hoef die *p* nie altyd uitgespreek te word nie.

klem is in elke geval nie op die *p*-verbinding nie. By baie sprekers vind 'n omstelling van die *l* of die *r* met die volgende klinker plaas: dus *pærsent*, *pærsies*, *pærbear*, *pælsier*, *pælsie*, hoewel by die *l*-verbinding die omstelling nie so algemeen plaasvind as by *p* plus *r* nie.

Let op hoe u die *d* uitspreek in *middag*, *padda*, *predikant*, *stadig*. In gewone woorde gebruik baie mense i.p.v. die ploffer in hierdie onbeklemde stand 'n een- of 'n meer-slag-triller, wat net so natuurlik is as die wrywingsklankuitspraak van die *b*. Nét waar 'n *l* of 'n *r* in die woorde volg, soos in *middel* en *bidder*, vind hierdie wisseling nie plaas nie. By sommige persone hoor 'n mens hierdie *r*-uitspraak selfs in geflekteerde vorms soos *brore*, *soldare* ens., maar dis nie so algemeen dat 'n mens dit as standaard-uitspraak kan toelaat nie.

Die *d*-ploffer verdwyn heeltemal in 'n woord as dit (i) na *r*, *l* of *n* staan, (ii) hierdie verbinding gewoonlik op 'n kort klinker volg, (iii) hierdie *d* nie klem het nie, (iv) dit nie 'n kultuurwoord is nie. Dus moet *d* in geen omstandighede uitgespreek word in gewone woorde soos *solder* (*soller*), *hinder* (*hinner*), *onder* (*onner*), hierdie (*hierie*) nie. Selfs in geflekteerde vorms soos *kinders*, *perde*, *wildebees* is die uitspraak sonder *d* algemeen en is die bewuste *d*-invoeging letter-uitspraak en daarom af te keur. Let op hoe die lang klinker in *maande*, *baarde* en *beelde* die verdwyning van die *d* gekeer het.

Die geskrewe *tj* het twee uitsprake: (a) Die stemlose palatale ploffer wat ook deur *dj* in die skrif voorgestel word (*mandjie*, *bietjie*). In die Noorde word 'n velare *k*-ploffer in die palatale se plek gebruik; dus *biekie* en *maingkie*. In die Westelike Provinsie word 'n voorpalatale ploffer plus 'n voorpalatale wrywingsklank in die plek van hierdie medeklinker gehoor, m.a.w. die affrikaat wat ons as begin-verbinding in *tjap* en *tjoekie* hoor.

(b) Die voorpalatale affrikaat waarvan ons reeds melding gemaak het en in woorde soos *tjek*, *tjalie*, *tjank* gehoor word. Baie Afrikaners gebruik in die plek hiervan die stemlose palatale ploffer wat in (a) genoem is.

In die standaard-uitspraak verskyn die palatale ploffer gewoonlik net in die verkleiningsuitgange en die affrikaat net as aanvangskonsonant-verbinding van 'n woordstam. Uitsonderings is woorde soos *atjar*, *Nortje*, *blatjang* waar *tj* die palatale ploffer kan voorstel, naas uitsprake in die geval van *atjar* en *blatjang* van alveolare ploffer *t* plus palatale skuurder *j*.

Ons het reeds melding gemaak van die verbinding van *k* met *l*, of met *n*. In albei gevalle is dit moontlik om 'n ploffer te hoor wat soos die *t* gevorm word, maar in die eerste geval sydelings in die mond en in die tweede geval deur die neus ontplof word. Die gebruik hiervan is baie algemeen.

As „plat” geld die uitspraak van *k* voor voorklinkers as *tj* soos in *tjar*; dus nie *tjeent* (kind) of *tjees* (kis) uitspreek nie.

*gh* is 'n skaars medeklinker. By 'n klein klompie leenwoorde staan die klank aan die woorbegin. In 'n paar gevalle verander die velare skuurder *g* (*gaan*) in die verbinding klinker plus *r* of *l*, plus velare skuurder, plus klinker, in *gh*, 'n velare ploffer (*gevolghe*, *berghe*, *morghe*, waar *gh* die ploffer is wat die skrif deur *g* voorstel).

Veral in die Noorde vind ons by die uitspraak van woorde soos *oë*, *dae*, *neë*, *hoë*, *êe*, *moeë*, *ploeë*, waar die velare skuurder in die standaardtaal tussen die klinkers weggeval het, 'n uitspraak met *gh*, die velare ploffer, in die plek van die velare skuurder: *oghe*, *daghe*, *hoghe*, *êghe*, *moeghe*, *ploeghe*. Die gebruik is baie algemeen in genoemde gebied en word nie as plat aangevoel nie.

**Anglisistiese Uitspraak:** By die ploffers kan die volgende Anglisistiese uitsprake gehoor word:

(a) Vireers die gebruik om die stemlose ploffers *p*, *b*, *k* so uit te spreek dat die lug sonder stemtrillings na die verbreking hoorbaar ontsnap vóór die volgende klinker. Ons het dit reeds *aspirasie* genoem. Veral in die verbindings *pr*, *pl*, *tr*, *tw*, *kr*, *kl*, *kw* is hierdie aspirasie baie duidelik merkbaar by diegene wat onder Engelse invloed staan.

(b) Aangesien die *tj*-klank (*bietjie*) nie in Engels bestaan nie, word *k* die velare ploffer in die plek daarvan gebruik, maar hierdie uitspraak word ook by su<sup>w</sup>er Afrikaans-sprekendes gehoor.

(c) Onder Engelse invloed staan die neiging om die geskrewe *d* of *b* aan die end van 'n woord stemhebbend in plaas van stemloos uit te spreek.

#### *Ratelklanke of trillers:*

Afrikaans besit net een ratelklank wat met die tongpunt teen die tandeboog gevorm word, terwyl die sye van die tong taamlik styf teen die boonste kiestande gedruk word (*alveolaar*). Sodoende word die punt elasties en die asemstroom kan dit herhaaldelik laat tril. In Afrikaans is daar hoogstens twee slaggies as die klank aan die woordbegin of slot staan. Tussen klinkers hoef daar net 'n enkel slag te wees. Dis beslis verkeerd om te veel tikkies met die tong te maak, omdat dit teen ons artikulasie-basis sondig. Andersyds is dit 'n anglisisme om die triller weg te laat na 'n klinker en te sê *wa* (*waar*), *dôp* (*dorp*).

Die *r* kom in die volgende verbindings voor: *tree, praat, krap, bring, draai, gort, dorp, werk, ghries, grys, fraai, wring, gerf, pers, verg.*

As die kleintongetjie (huig) in plaas van die tongpunt gebruik word om die tikkies te veroorsaak, sê ons so'n persoon „bry”. Die *bry*-klank word veral gehoor in die kusstreek van Van Rhynsdorp tot by Caledon, en verskillende variante van die *bry-r* word gehoor, vanaf die triller tot 'n stemhebbende sagteverhemelte-skuurder. In die gebied waar die *bry-r* so algemeen gebruik word, is dit natuurlik ondoenlik om grootskeepse veranderings te wil invoer. Ons herinner net daaraan dat in Duitsland en in Frankryk tipes van die *bry*-klank as standaard-uitspraak geld.

Waar 'n *bry-r* as 'n spraakfout voorkom in die gebied met tongpunt-*r*, is dit miskien gewens om die vorming na vore te verplaas.

*Anglisismes:* Die vernaamste is natuurlik die gebruik van 'n skuurder (soos in Engels *run* gehoor word) in die plek van die triller. Dis

veral merkbaar in die verbinding konsonant plus r (*fraai, wring, praat, kry, tree, bring, druk, groei*). Die weglating na die klinkers het ons reeds bespreek.

### *Die skuurders, wrywingsklanke of frikatiewe :*

Die Afrikaanse skuurders word almal gevorm met die asem wat deur die middel van die mondholte stroom. Daar is eintlik net sewe skuurderfoneme: *val, waar, sal, sjef, jaar, gaan, hand*, maar daar is nog twee wat as variante van twee van die genoemdes gehoor word, nl. die bilabiale (lip plus lip) skuurder wat in die noorde gehoor word in die verbindings *tw, dw, kw, ghw, sw* en die palatale skuurder (middel van voor van tong teen harde verhemelte) wat in die verbinding *g* (skuurder) plus voorklinker gehoor word. Albei variante geld as standaard-uitspraak.

Probeer of u kan beskrywe waar die Afrikaanse skuurders gevorm word en vergelyk met die volgende:

*f* (*fraai*) of *v* (*van*) is in Afrikaans dieselfde stemlose klank en word labio-dentaal gevorm, d.i. bo-tande teen die onderlip, net aan die binnekant. Dit kan aan die begin, aan die slot en in die middel van woorde voorkom.

In die middel van woorde wat nie verbuig is nie, kom *f* net voor waar in die oorspronklike Nederlands 'n stemlose klank gehoor word (*gaffel, stoffasie, tafel*); maar waar Nederlands 'n stemhebbende klank het, is daar in Afrikaans ook 'n stemhebbende skuurder as die klank nie die hoofklem dra nie vgl. *reserwe* (*w*) teenoor *reserveer* (*f*). By die verboë vorms, met die uitsondering van verkleinwoorde, is die neiging om die stemhebbende klank te gebruik baie algemeen, vgl. *skuiwe—skuiwie; skerwe—skerwie*. Vorms soos *lewe—leef, skrywe—skryf*, e.d.m. bestaan naasmekaar. By vreemde woorde word die geskrewe *v* gewoonlik stemloos uitgespreek waar dit die klem dra, dus *feto* (*veto*), *unifersum* (*universum*); maar waar dit nie die klem dra nie, kan die uitspraak of stemhebbend of stemloos wees: dus *universiteit* (met *f* of *w*), *vitalisme* (*f* of

w). Die stemhebbende klank hoef nie noodwendig 'n anglisisme te wees nie.

Die volgende verbindings word gehoor: *fraai, slaafs, golf, gerf, fnuik, vlok*.

Die stemhebbende lip-tand-skuurder kan alleenlik aan die begin en in die middel van 'n woord voorkom, maar nooit aan die end soos in Engels nie. Probeer Afrikaanse voorbeelde soek vir die volgende verbindings: *wr, tw, dw, sw, ghw, kw*. In die laaste vyf gevalle word veral in die Noorde 'n lip-plus-lip-skuurder i.p.v. die liptand-skuurder gehoor. Albei uitsprake geld as standaard. Hierteenoor hoor 'n mens onder Engelse invloed dieselfde klank as in Engelse verbindings *queen, twelve, dwell* gehoor word. Dis beslis af te keur.

Die s-skuurder word met die blad van die ~~tong~~ teen die tandeboog gevorm. 'n Nou gleufie word in die middel gelaat en die lugstroom stryk teen die boonste tande. Vanweë die sis-geluid, word dit 'n *sibilant* genoem. Net die stemlose s kom in Afrikaans voor, hoewel party mense baie vreemde woorde asook sommige klank-nabootsings met die stemhebbende skuurder (z) uitspreek: (*zero, zenit, zoem, zits*). Met baie konsonante vorm dit verbindings: *span, gesp, spring, staan,, string, rats, slaan, skop, skroei, sny, smelt, waks, wals, diens* (vir sover *n* nie wegval nie), *koms, lin(g)ks, snags, dors, sfeer, swaar, sinkings*.

Kleintjies het moeilikheid met hierdie klank gedurende die tande-wissel-periode en omrede die gleufie se grootte gekontroleer moet word. Dus hoor 'n mens in die plek van *s*, die stootong-klank van Engels *th(in)*, waarby die tong te ver na vore is, of die *sleptong-klank* van Zoeloe *hl(ala)*, waar die asem aan die sykant van die tong ontsnap, en nog baie ander soorte foutiewe of gebrekkige uitspraak.

Nog 'n sibilant is die *sj*-klank van woorde soos *masjien, Sjinees, sjieling*. Dit word verder na agter gevorm met die blad-voor-gedeelte

teenoor die voorste gedeelte van die harde verhemelte, net agter die boog. Die gleuf is breër en die sis-geluid laer. Dat dit 'n betreklike jong klank in Afrikaans is, wat ontleen is aan Engels, Frans en in party gevalle Nederlands, bewys die uitspraak van vorige geslagte: *snees(vark)*, *sieling*, *masien*, *sampioen* (vir *champignon*), *Sarel* (vir *Charl*). Woorde soos *sjeſ*, *sjokola* is jonger ontlenings. By 'n paar woorde word hierdie klank met *g* of *ch* geskrywe: *argitek*, *chirurg*, *regie*, *genre*, *chauffeur*. Die verbinding *s* plus *i* in nasionaal, pasiënt, pensioen stel ook hierdie klank voor, en dit hoef nie as 'n Anglisme aangesien te word nie.

In woorde soos *regie* en *genre*, wanneer die oorspronklike Franse uitspraak behou word, is die klank stemhebbend. By gewone Afrikaanse woorde word by 'n uitspraak wat as plat geld, die *sj*-klank gehoor in die plek van *g* voor voorklinkers: dus *sjee*, *sjelt*, *sjierter*, *sjeef* (*gif*), ens.

Die *j*-klank in *jaar* is 'n stemhebbende skuurder wat verder na agter gevorm word. Die middel van die voor is nou teenoor die middel van die harde verhemelte op dieselfde plek waar die *tj* van *bietjie* gevorm word, en die asem gaan deur die middel van die mondholte. Let op dat die skuurgeruis duidelik hoorbaar is, anders klink dit soos die eerste klank van Engels *yes* en dis bepaald on-Afrikaans. Hierdie skuurder kom alleenlik aan 'n woord- of woordstam-begin voor (*juig*, *gejaag*) en verbind nie in die stam met ander konsonante nie.

Gewestelik hoor 'n mens vir die *j* die stemhebbende variant van die *tj*(*tjap*), d.i. die eerste klankverbinding in Engels *John*, maar dit word glad nie in standaard-Afrikaans erken nie.

Sê die woorde *prieel*, *viool*, *skerpioen*. Hoor u 'n konsonant tussen die klinkers? Die meeste mense voeg die *j*-klank in tussen die klinkers in alledaagse woorde, dus *prajeel*, *vajool*, *skêrpajoen*.

Probeer nou die *j* sê sonder stem. Watter klank hoor u dan? Hierdie klank is 'n variant van *g* wat u net voor voorklinkers hoor, soos in *gieter*, *gee*, *geld*. Dit geld veral in alledaagse woorde.



Skuiwe nou die agterste gedeelte van die tong na die middel van die sagte verhemelte. Laat die asem daar 'n skuurgeruis maak waar dit oor die middel van die tong stryk. Dis die stemlose velare skuurder van *geen, goed, wag, waggel, ens.* Laat die skuurgeruis nie ontaard in 'n keelskoonmakery nie, want dis lelik.

Hierdie klank kan orals in 'n woord voorkom en verbind met die volgende ander konsonante: *gr(grys), gl(gly)* albei voor die klinker, *rg(sorg), lg(volg)* albei na die klinker, *-gs(slaags)*. By *-lg* en *-rg* moet daar nie 'n neutrale ə-klinker tussen die twee konsonante ontwikkel nie, want dit sou 'n Neerlandisme wees.

Waar *plœë* en *ploeg, sae* en *saag* naas mekaar bestaan, word albei erken, en word laasgenoemde by bepaalde gevoel-stemminge gebruik, of kan dit 'n jonger „taallaag” as eersgenoemde verteenwoordig.

Die stemhebbende variant van *g*, wat 'n algemene spraakklank van Nederlands is, het in Afrikaans weggeval, maar word gewestelik gehoor as 'n tipe van *bry-r*.

Eindelik die stemspleet-skuurder *h* wat ons in *hand, hy* hoor. In teenstelling met Engels waar hierdie klank stemloos is, is dit in Afrikaans stemhebbend en 'n mens moet waak teen die Anglisistiese stemlose uitspraak. Hierdie klank verbind nie met ander konsonante nie en kan ook net aan die begin van 'n woordstam staan.

Besonder baie Afrikaanse woorde eindig met die agtervoegsel *-heid*. Die *h* kan na konsonante of uitgespreek word, of wegval: dus *skoon(h)heid, genadig(h)heid, vaal(h)heid*. Na klinkers is dit gewoonlik *-heid*. In die plek van die *-heid*-agtervoegsel het *-geid* ontwikkel wat deur sommige net afkeurend gebruik word: *vuilheid* (toestand van vuil wees), *vuilgeid* (in 'n slegte sin). By ander weer neem *-geid* *-heid* se plek orals in, dus ook na klinkers.

By swakgebruikte *het, hy, haar, hom* kan *h* wegval: *ek-et-om gesien; hy-t-aar geroep*.

Om *jete* en *jeentemal* of *jeeltemal* vir *hele* en *heeltemal* te sê, klink vir baie plat en dit word nie deur die standaarduitspraak erken nie.

In Afrikaans is daar g'n skuurders by die vorming waarvan die asem aan die sy van die tong of deur die neus gestuur word nie.

### *Wrywinglose duurders of kontinuante :*

Hierdie afdeling stemhebbende klanke word net soos die skuurders gevorm, dog sonder die hoorbare skuurgeluid. Daar is net twee groepe : (i) dié waarby die asem oor die sy van die tong uitkom en (ii) dié waarby die asem deur die neus ontsnap.

(a) *Symond-duurder l*. By die vorming hiervan is die blad van die tong teen die tandeboog—alveolaar dus—en die tongrand teen die boonste kieste, behalwe daar waar die asem toegelaat word om deur te stroom.

Die l-konsonant kom aan die begin, middel en slot van woorde voor en in die volgende verbindings : *bl-* (*blad*), *pl-* (*plaas*), *kl-* (*klad*), *sl-* (*slaan*), *fl-* (*fluit*), *gl-* (*gly*) voor klinkers; *-lp* (*tulp*), *-lk* (*bulk*), *-lt* (*geld*), *-ls* (*wals*), *-lf* (*golf*), *-lg* (*volg*) na klinkers.

Gewaaak moet word teen die Neerlandisme om in die verbindings *lp*, *lk*, *lf*, en *lg* tussen l en die konsonant die neutrale ə-klinker in te voeg. By *kalm*, *psalm* moet die ə tussen l en m uitgespreek word; dus *kaləm* en *ʔəsələm*.

In Afrikaans word by die uitspraak van l die agter van die tong nie ook gelig na die sagte verhemelte nie, met die gevolg dat die l nie 'n donker kleur het soos in Engels na 'n klinker en voor 'n konsonant die geval is nie.

(b) Die neusgerigte duurders *m*, *n*, *n* (*tjie*) of *n* (*djie*) en *ng* (*nk*) word in die mondholte soos die ploffers *b*, *d*, *-t* (*jie*) en *gh* respektiewelik gevorm, maar die sagte verhemelte hang en die deurgang van die keelholte na die neusgange word nie daardeur afgesper nie; *m* is dus *bilabiaal*, 'n alveolaar, *n* (*tjie*) *palataal*, en *ng* velaar. *m* en *n* kan aan die begin, middel

en slot van 'n woord voorkom; n (tjie) net voor die uitgang -tjie, -djie en die palatale skuurder j (*Spanje, oranje*); en *ng* net voor *k* of *gh*, in die middel van 'n woord (*vinger, sanger*) en aan die slot (*ring*).

Verbindings: *-mp, -mb-, sm-, -ms, -mf* (triomf, nimf); *-nt, -nd, kn-, fn-, sn-, -ns* (hier val *n* gewoonlik weg met nasalisering van die voorafgaande klinker): *-ngs(hings), ngk(ink), nggh (anghora), ngg (aangenaam; hier is die neiging eerder om ng te laat wegval met nasalisering van die voorafgaande klinker)*.

## SAMESTELLING

Tot dusver het ons die afsonderlike spraakklanke van Afrikaans, soos hulle in woorde voorkom, beskrywe. Maar in die spraakuiting kan heelwat wysigings intree. Die spreker stel hom in om die vernaamste gedeeltes van sy mededeling pertinent onder die aandag van die hoorder te bring. Daardie gedeeltes word dan met meer krag uitgespreek, hulle word *beklemtoon*. Dis duidelik dat beklemde spraakklanke sorgvuldiger gevorm word en minder geneë is om wysigings te ondergaan. As die spraakklanke onbeklemtoon is, geld die teenoorgestelde: hulle het meer die neiging om verandering te ondergaan deur verswakking of weer-sydse beïnvloeding. Ons onderskei dus tussen *sterk* of *vol* vorms en die *swak vorms* in die spraakuiting. As ons in die spraakuiting net die *vol* vorms gebruik, sal dit onnatuurlik klink. Vergelyk die *vol* met die *swak* vorms in die volgende: *Hy het so maar net so as 'n kleinjong daar uitgesien met sy gesig vol modder*; ons sal sê: *hy't sommer nes 'n klong deruitgesien met sy gesig vol modder*. Hoewel die *swak* vorms nie in die skrif erken word nie [vgl. *wannər, hoefəl, ok, səl, -s (is)*] moet ons in die spraak rekening daarmee hou. Ook binne woorde word die *swak* gedeeltes voluit geskrywe: *president* vir *prəsədent*, *numoer* vir *rəmoer*, *rosyne*

vir *rāsye*, ens. Raadpleeg 'n Afrikaanse uitspraakwoordeboek vir die korrekte uitspraak wanneer onsekerte bestaan.

Aangesien, soos ons reeds hoërop verduidelik het, die spraakuiting as 'n eenheid in ons bewussyn ontstaan en vandaar die boodskappe na die verskillende spraakorgane gestuur word teen 'n snelheid van 120-140 woorde per minuut, spreek dit vanself dat die spraakklanke mekaar moet beïnvloed, veral omdat ons artikulasie-basis slap is en duidelike begrensing van die uitspraak nie nodig is nie.

Hierdie beïnvloeding is 'n heeltemal natuurlike ontwikkelingsproses in die taallewe en sprekers van 'n taal moet daarmee rekening hou. Hulle moet hulle nie verbeel dis slordige spraak om *soller*, *pêre*, *kinners*, *hierie*, *onner*, *implant*, *ongkerks*, *pasjent*, *willebees* e.d.m. te sê nie. Inteendeel *solder*, *perde*, *onder*, *inplant*, *pasiënt*, *onkerks*, *wildebees* e.d.m. is letteruitspraak en sterk af te keur. Die skryftaal gee mos nie getrou die uitspraak weer nie en hou ook nie tred met die ontwikkeling daarvan nie. Daarom moet sprekers hulle aan die sogenaamde assimilasiereëls hou, nie net teenopsigte van woord-uitspraak nie, maar ook wat die singroep-uitspraak betref. In laasgenoemde kan end- en beginklanke van woorde mekaar beïnvloed, bv. *he-jy geroep?* *Jan wil-ie kom nie;* *ek gā-slaap* (met nasalisering van klinker van *gaan* en wegval van *n* voor *s*).

Hier volg nou 'n paar assimilasiereëls:

(a) As 'n nasale duurder voor 'n konsonant staan, word dit gewoonlik op dieselfde plek as die konsonant gevorm, dus *implant*, *dongker*, *kleintjie* (met palatale nasaal), *intrap*. In woorde soos *onner* (onder), *Novemmer* (November) val die konsonant heeltemal weg onder die nasaal se invloed. As die konsonant na die nasaal 'n skuurder is wat op dieselfde plek gevorm word, val, soos ons reeds hoërop gesê het, die nasaal in alledaagse woorde gewoonlik weg en die voorafgaande klinker word genasaliseer (*āāgeneem*, *lāfer*, *īsak*).

(b) As 'n stemlose ploffer voor 'n stemhebbende ploffer staan en op

dieselfde plek gevorm word, word eersgenoemde ploffer ook stem as dit nie heeltemal weg val nie, dus: *kui(b)bad*, *wi(d)dulsies*, ens. Ingeval hulle nie op dieselfde plek gevorm word nie, vind hierdie assimilasië nie plaas nie. Daar moet op gelet word dat in hierdie klankverbinding die eerste ploffer nie verbreek word nie. Verbreking beteken onnodige oordrywing van die uitspraak.

(c) In party woordpare soos die volgende staan die stemlose konsonant aan die end van die woord, maar die stemhebbende variant tussen klinkers omrede die klinkers se stembehoudende invloed. Dus *rip-ribbes*, *leef-lewe*, *hant-hande*. Ook *berg-berghe* en *hoog-hoghe* (van die Noorde) kan ons hierby insluit.

Hierdie assimilasië vind nie by verkleinwoordjies plaas nie [*neef-nefie*, *bad-badjie* (*dj* is stemloos)]. Ook tussen woorde word die stemlose klank behou: 'n *rip* en 'n *blat*, *die tant is uit*.

(d) Die afsluitingsklanke *b* en *d* het die neiging om tussen oopklanke, as hulle nie die klem dra nie, vernouingsklanke te word: *b* word *w* en *d* word *r* (een slag), of *i*, of verdwyn in die ontwikkelingsproses van Nederlands na Afrikaans: dus *tawwerd*, *duwweld*, *starig*, *mirag*, *doeie*, *geboeie*, *breë*, ens.

(e) Soortgelyk aan (d) is die invloed van twee oopklanke op 'n vernouingsklank tussen hulle. Dit verdwyn heeltemal. Nederlands *nagel* is in Afrikaans *nael*; Afrikaans *swawel* word *swael*.

(f) Nasalisering is ook die gevolg van assimilasiëwerking.

(g) Klinker plus *l*, *n*, *r*, of *s*, plus *d* (onbeklem) plus nog 'n klinker, laat die *d* heeltemal wegval: *wil(d)e*, *an(d)er*, *per(d)e*, *nes-(d)ie*.

(i) Voorklinkers wat teenoor die hardeverhemelte gevorm word, beïnvloed ander klanke in hulle omgewing om ook palataal te word: ons het reeds die uitspraak van *gee* (palatale *g*), *jeel* (heel), *sjeef* (gif) genoem. Nie altyd word hierdie assimilasië deur die standaard-uitspraak erken nie (*jeel*, *sjeef*, *tjees* (*kis*), *njee*, ens.).

af te sluit, wil ons weer hier beklemtoon dat die goeie spreker gangbare assimilasies in ag sal neem. Letteruitspraak is sterk af te keur. Die taal wil, soos die groot taalgeleerde Jespersen dit uitgedruk het, die meeste bereik met die minste middele. Waar dit die verstaanbaarheid nie in die wiele ry nie, is assimilasies dus te verwelkom. Spreektaal boer altyd vooruit, en is nie afhanklik vir sy bestaan van die skrif nie. Omstandighede kan egter ook hier uitsonderings skep. Die spraak is nie bloot mededeling nie. Dis die openbaring van die gevoelsmens. Onder invloed van die gevoel kan op 'n bepaalde oomblik swak vorms sterk uitgespreek word, assimilasies in die sinsgroep nie plaasvind nie en soms selfs in 'n woord of woordgroep assimilasies agterweë bly. Ons dink aan die toneelspeler wat gevoelvol deklameer van „die *liewde*” wat in die gewone spraak meer prosaïes *liefde* heet.

Gevoelsgekleurde spraak is iets waaroor ons later meer sal sê.

## DIE RITMIES-MELODIESE EIENSKAPPE.

Soos ons hoërop gesê het, bestaan die spraak nie net uit 'n saamstrengeling van spraakklanke tot woorde of sinsgroepe nie. As 'n mens so ver van twee lewendige sprekers afstaan dat jy nie die woorde hoor nie, kan jy nogtans 'n algemene indruk kry deur te luister na die *spraakwysies* en die sogenaamde *aksentuering*, d.i. die gebruik van *krag* by die uitspraak, nl. *spierkrag* en *kragtige asemdruk*.

Net soos elke taal sy eie bepaalde patrone het waarvolgens spraakklanke tot woorde saamgevoeg word, het ook elke taal sy eie toonhoogte-wisseling, eie klemgebruik, eie verdeling van klanklengtes en, deur die gebruik van al drie saam, sy eie *ritme*. Vir die spreektaal moet dus die eienskappe van *toonhoogte*, *klem* en *tydsduur* net so in ag geneem word as die klankleur.

### *Toonhoogte-wisseling:*

Vir die verstaan van spraak speel die absolute toonhoogte geen rol

nie, net die verhouding van toonhoogtes tot mekaar. Vroue- en kinderstemme is gewoonlik 'n oktaaf hoër as manstemme, maar dit beïnvloed die onderlinge verstaanbaarheid van hulle spraak glad nie.

In Afrikaans, soos trouens in Nederlands, Duits en Engels ook die geval is, hang die toonhoogte-wysies baie nou saam met ons gevoelshandeling. Wanneer ons iets afdoende wil te kenne gee, beweeg ons die liggaamsdele, soos kop, hande en romp, na vore en af. Primêr is dit aggressiewe beweging. Presies dieselfde gebeur met die toonhoogte. 'n Uiting wat afdoendheid, finaliteit moet uitdruk, word met dalende toonhoogte aan die end weergegee. Die daling vind plaas vanaf die vernaamste woord(gedeelte) in die sinsgroep. Eers vind 'n styging van die toonhoogte tot by die vernaamste woordgedeelte plaas. Die laaste toonhoogte van so 'n sinsgroep is gewoonlik laer as die begin-toonhoogte.

Watter soort uitings vereis hierdie wysie? Vireers natuurlik 'n bewering wat 'n feit weergee. As dit 'n nugter mededeling is, sal daar nie te veel speling tussen die hoogste en laagste toonhoogtes wees nie.

Voorbeelde: *Die boek is swart.*

*As die son ondergaan, is dit donker.*

*Die see is vol visse.*

Tweedens kan ook 'n bepaalde soort vraag hierdie wysie hê. Dis dus verkeerd om aan te neem dat die toonhoogte van die vraag altyd moet styg aan die end. Vrae wat met 'n vraagwoord begin en 'n afdoende antwoord vereis, begin met 'n hoë toon op die vraagwoord en daal na die end toe.

Voorbeelde: *Wat maak jy daar? (Antw. 'n klei-os)*

*Wanneer begin die vertoning? (Antw. Om sesuur).*

*Waarom is Jan afwesig? (Antw. Hy is siek).*

As die eerste groep met die tweede groep vergelyk word, sal u oplet dat daar vir die tweede groep meer speling tussen die hoogste en laagste

c.  
b.  
a.  
g.  
f.  
e.  
d.  
c.  
B.  
A.  
G.  
S.



a nn ie



ee t



s l e g

'n *Bewering van 'n feit met dalende intonasie aan die slot soos met instrumentele middels bepaal is. Met behulp van die noteskryf links en 'n klavier kan lesers met hulle eie intonasie vergelyk.*



toonhoogtes is. Dis miskien toe te skrywe aan groter gevoelswaarde by die uiting van die vraag.

Derdens verwag ons hierdie wysie by 'n bevel. Die spreker deel iets mee wat hy as 'n feit aangeneem wil hê. Net soos by die mededeling styg die stem tot by die vernaamste woord en daal daarvandaan end-toe. Maar daar is 'n verskil tussen die bevel en die mededeling. Gee die volgende bevels en vergelyk met die mededelings wat hoërop verskyn!

*Jan maak die deur toe.*

*Sit regop.*

*Loop uit my kamer uit.*

By die bevel is daar baie minder speelruimte tussen hoogste en laagste toonhoogtes, en die hele toonsleutel word laag gehou. Het u al opgelet dat as u van iets groots, vernaams, onheilspellends vertel, die stem laag daal. By die bevel wil die bevelende sy bevel gehoorsaam hê, en druk met die lae toon sy eie vernaamheid uit.

Vierdens word hierdie wysie vir 'n uitroep wat 'n feit weergee, gebruik.

*Hoe pragtig gaan die son onder!*

*O, dis vreeslik om te moet ly!*

*Uitstekend!*

Eers styg die stem ook tot by die vernaamste woordgedeelte en daal vandaar na die end toe. Die uitroep bring natuurlik meer gevoelston mee en daarom is daar meer speling tussen hoogste en laagste toonhoogtes. Soms word die toonsleutel hoër verplaas, maar dit kan ook gebeur dat dit laer verplaas word, selfs fluistering word.

Daarteenoor is daar die *stygende* end-intonasie. Ook hier kan ons die noue verbondenheid van die intonasie-patroon met die gevoelsuiting sien. As ons onseker is trek ons die skouers op, draai die handpalms na bo en beweeg die hande op. Primêr is dit 'n verdedigende houding, soos

'n skilpad wat sy kop intrek. So ook styg die toonhoogte aan die end, wys dit na iets verder wat nog moontlik kan kom. Die intonasie-patroon is 'n bietjie meer ingewikkeld. Vireers styg die toonhoogte tot by die woordgedeelte wat die meeste klem dra, dan daal dit tot by die laaste beklemde woordgedeelte. As dit toevallig ook die laaste sinsgroepgedeelte is, sal die toonhoogte laag begin en dan styg. As daar ander woordgedeeltes na die laaste beklemde volg, sal die intonasie 'n gelykmatige styging toon vanaf die laaste beklemde.

By die Kaapse kleurlinge is o.a. die styging vanaf die eerste woordgedeelte tot die end toe waar te neem.

Stygende end-intonasie vind ons by: (a) mededelings wat iets meer suggereer as wat meegedeel word, wat ruimte vir eie aanvulling deur die hoorder laat, wat twyfel laat ontstaan omtrent die waarheid van wat meegedeel is.

Sê die volgende voorbeelde eers as gewone mededelings en dan met gebrek aan afdoendheid:

*Die droogte is nou gebreek . . . (maar . . .)*


*Jan is nie 'n slegte seun nie . . . (noggans . . .)*

*Hulle praat van hael so groot soos bakstene . . . (maar „ek glo dit nie”).*

(b) Daar is 'n soort vraaguiting waarby die intonasie stygend aan die end is. Dis die soort vrae waarop die antwoord of ja of nee kan wees, dus heeltemal onseker is. *Het jy toe die boek gekry?* (Ja of nee). *Is Oom Hans toe weg met die vrag?* (Ja of nee). *Werk jou volk ook Saterdag?* (Ja of nee).

Vergelyk hierdie vraagsinne wat werklik onsekerte uitdruk met die sogenaamde retoriese vraagsinne wat gladnie vrae is nie, maar mededelings in vraagvorm. Jy sien iemand met die boek wat hy gesoek het en sê: „*Het jy toe die boek gekry?*” Daar was oponthoud waarvan albei spreker en toehoorder bewus was. Spreker weet dat Oom Hans reeds vertrek het en sê as 't ware om bevestiging te verkry: „*Is Oom Hans toe*

C  
B  
A  
G



'n Bewering wat iets meer suggereer, met stygende slot-intonasie soos met instrumentele middels bepaal is. Met behulp van die noteskrif links en 'n klavier kan lesers met hulle eie intonasie vergelyk.

weg met sy vrag?" Jy kom by 'n kennis, sien sy volk besig aan arbeid en sê: „Werk jou volk ook Saterdag?" i.p.v. *Jou volk werk ook Saterdag.*

(c) Stel nou die bevel: *Maak die deur toe*, as 'n vriendelike versoek. Spreker is onseker of aangesprokene aan sy versoek gaan voldoen en laat die stem aan die end styg. Dit gebeur met alle vriendelike versoeke soos:

*Staan bietjie op.*

*Bring my pos tog saam.*

*Praat asseblief sagter.*

Hier is ook meer speling tussen die hoogste en laagste toonhoogtes en omdat daar g'n sprake kan wees van vernaamheid afdwing nie, sit die versoek ook hoër in.

(d) 'n Wens hou ook onsekerte in, of die wens vervul gaan word al dan nie. Daarom is daar ook 'n styging van die intonasie aan die end. By die wens is daar ook meer speling tussen hoogste en laagste toonhoogtes.

*As dit tog maar net wil reent!*

*Ek wens ek kon hom meer te sien kry!*

By sommige kan daar 'n gelykmatige styging wees van die begin na die end toe.

Wanneer ons met 'n mededeling besig is, kan dit gebeur dat ons dit moet onderbreek om asem te haal, of om die volgende spesiaal na vore te bring. In hierdie geval bly die toonhoogte swewend, d.i. dit daal of styg nie skerp nie. Die volgende gedeelte sit dan effens hoër in vir afbake-ningsdoeleindes. As ons lees en ons kom by 'n komma, is dit dus nie korrek om die toonhoogte te laat styg nie.

*Voorbeelde:*

*Die seun is ernstig beseer/toe sy pa se motor met 'n wa gebots het.*

*Hy ken my kwansuis nie meer/vandat hy in die hoë betrekking aangestel is nie.*

Bygedagtes wat tussen 'n hoofgedagte ingeskuiwe word, word ook deur die intonasie afgebaken. Gewoonlik word dit laag gehou, byna monotoon, en met vinniger tempo uitgespreek: *Die hoofonderwyser/dit erg my nog as ek daaraan dink/het ons kinders gruwelik mishandel.*

Ons het probeer om 'n paar algemene intonasie-patrone te gee. Maar by ons spraakuiting gaan dit nie heeltemal so eenvoudig nie. Die intonasiewysiging is as 't ware die barometer van die gevoel en die geringste gevoelskakerings word deur die spraakwysies vertolk. Dink maar hoe verskillend u die woordjie: „Ja”, sal beoordeel, al na sy intonasiepatroon gelyk en middelmatig-hoog; dalend van middelmatig-hoog; stygend van middelmatig-hoog; dalend-stygend; gelyk en laag is.

Ook is die intonasie baie nou verbonde met die *sinsklem*. Wat spesiale klem geniet, sal ook deur toonhoogtestyging (soms ook daling) na vore gebring word.

Hier is 'n mededeling wat heel eenvoudig op papier vertoon:

*Ek ry elke naweek na my ouers toe.*

Laat ons nagaan hoeveel betekenis-skakerings dit kan vertolk:

- (1) 'n Blote mededeling op 'n vraag waar ek naweke deurbring.
- (2) *Ek ry elke naweek...* ('n vergelyking met ander persone).
- (3) *Ek ry elke naweek...* (ek stap nie).
- (4) *Ek ry elke naweek...* (sonder uitsondering).
- (5) *Ek ry elke naweek...* (nie ander dae van die week nie).
- (6) *Ek ry elke naweek na my ouers toe* (nie van hulle af weg nie).
- (7) *Ek ry elke naweek na my ouers toe* (nie my vrou of vriend s'n nie).
- (8) *Ek ry elke naweek na my ouers toe* (nie ander persone nie).
- (9) *Ek ry elke naweek na my ouers toe* (met stygende intonasie vir „toe”, kan dit beteken: en nou's dit uit en gedaan).

(10) *Ek ry elke naweek na my ouers toe (en dit traak niemand iets nie), ens.*

Hier sien ons dus hoe ryk die spreektaal is om gevoelsnuanses en betekeniswysigings aan te bring. Dit kan die skryftaal alleen deur omskrywing en sinsverband bereik. Aangesien die literêre skryftaal, prosa en poësie veral, bedoel is om in die stilte gelees te word, het dit meestal weg van die spreektaal af ontwikkel. Die volgende uittreksel uit D. F. Malherbe se „Die Hart van Moab” sal ons nooit in die spreektaal hoor nie:

*„Hadath dans met behaagsieke glimlag om die mond, terugwykend met beheerste en sierlike onderlyfbeweging en naderend met na-voredringing van bolyf-kadansering, al maar aanvoelend die rustige aanslag van die harp — Hadath dans haar kalmerende eersteling van heldere lyne en deurgolf van ’n swaar ritme, want sy ken haar mag en nog ongebruikte drif van bewegings.*

Die literêre taal gebruik hier ’n ryker woordkeuse, sinswendige wat nooit in die spreektaal gehoor word nie — lang en ingewikkelde sinsbou wat die spreektaal nie ken nie. Dis ingestel om die kunstenaar se siening weer te gee en het vrede met die spreektaal se algemene vereistes. En tog word die literêre taal nie alleenlik in die stilte gelees nie, maar word dit ook voorgedra of vertolk. Sonder meer kan ons nie die tradisionele wysies van die spreektaal oordra op die gestileerde kunstaal nie. Dit moet aangepas word aan die kunstaal, net soos die volkswysies deur die groot komponiste aangepas is aan hulle kunsskeppings. Maar daarby moet die gevoel van vreemdheid aan ons volkseie nooit insluip nie. Die moontlikhede vir klankwisseling en toonhoogte-wisseling is bykans onbeperk, maar dit moet ’n Afrikaanse stempel dra.

By beide die lees van prosa of poësie en die vertolkende voordrag daarvan, is die algemene neiging om of ’n te monotone spreekwyse te besig, of om stereotipe wysies op mekaar te laat volg.

Natuurlikheid van segging wat sy oorsprong in die algemene spreektaal het, moet die kunstvolle vertolking ten grondslag lê.

Wat die spreekwysies vir die vertolking van literêre kuns betref, bestaan daar geen voorskrifte nie. Die vindingrykheid van die vertolker sal voortbou op sy kennis van die tradisionele spreektaal.

Al aanduidings vir toonhoogte-wisseling wat in die skrif bestaan, is die karige leestekens: die komma wat 'n geringe pouse aandui met swevende toonhoogte; die kommapunt en die dubbelpunt met langer pousering en dalende intonasie; die punt met die langste pousering en dalende intonasie; die vraagteken met die pousering van 'n punt, met of stygende of dalende intonasie; die uitroepsteken met die punt of dubbelpunt se tyds-waarde, maar 'n aanduiding van groter toonhoogte-verskille; die streep om bygedagtes (parentetiese sinsdele) weer te gee. Verder niks.

Vir die dramatiese kuns wat op die natuurlike spreektaal berus, staan sake anders. Daar dui die skrywer aan hoe die stemwisseling die gevoel van die spreker moet uitbeeld: bv. *met stygende hartstog; met angs; vraend; naief; kwaad* e.d.m.

Omdat ons taal-studie tot onlangs hoofsaaklik op die skryftaal gebaseer was, is die studie van intonasie as verneme bestanddeel van ons spreektaal-uiting verwaarloos. Net soos daar verskeidenheid is t.o.v. die gebruik van spraaklanke, woorde, sinsbou en betekenis in 'n groot spraakgebied, so ook bestaan daar in ons land streek-afwykings van die intonasie. Ongelukkig is 'n standaardiseringsmaatstaf vir intonasie-gebruik nog nie vasgelê nie, vanweë gebrekkige studie daarvan.

*Klem:*

By die bespreking van die toonhoogte-wisseling het ons nadruks-aksent ook genoem. Ons het gesê dat by nadruk in die sinsgroep een bepaalde woord of woorddeel bo die ander uitstaan: (a) deur verhoogde kraggebruik (energie) van die spiere van die spraaklanke van die benadrukte gedeelte.

Vergelyk: *Jan koop appels in die winkels met*

*Ján koop appels in die winkel,*

*Jan kóóp appels in die winkel*

*Jan koop áppels in die winkel*

*Jan koop appels in die winkel*

*Jan koop appels in dié winkel*

*Jan koop appels in die winkel*

Kan u al die betekenisskakerings verklaar? In Afrikaans is die energiefaktor by hierdie spesiale nadruk baie belangrik. Maar dis nie net in die sinsgroep waar die kragverdeling verskillend is nie. Ook in die woord self verander ons in Afrikaans die kraggebruik. Die plek waar die energie hoofsaaklik konsentreer, is op 'n klinker met of sonder omgewende konsonante. Party mense noem dit 'n *lettergreep*; maar ons praat mos nie met letters nie, dog met spraakklanke en dis nogal moeilik om 'n *klankgroep* te omskrywe.

Hoe dit ook al sy, ons weet dat, as 'n woord ses klinkerfoneme bevat, ons van 'n seslettergrepige woord kan praat. Die kraggebruik is in Afrikaans, anders as in Zoeloë (op die voorlaaste klinker) of in Tjeggies (op die eerste klinker), nie noodwendig op 'n bepaalde klinker van 'n woord nie. Sê die volgende en vergelyk met mekaar: *letter* (1e), *manèl* (2e), *manewàles* (3e), *rasonalis* (4e), *produktiwitèit* (5e).

Vir elke woord moet die klemgebruik afsonderlik geleer word en by 'n hele paar bestaan daar by beskaafde sprekers twyfel oor waar die sogenaamde woordklem val: vgl. *monopolie* (3e of 4e), *katalogus* (2e of 3e), *notule* (1e of 2e), *Spanjaard* (1e of 2e), *sillabus* (1e of 2e), *bakkery* (1e of 3e). Waar beskaafde sprekers albei gebruik, moet albei toegelaat word, hoewel daar nog nie statisties vasgestel is wat die meeste gehoor word nie.

By saamgestelde woorde is die *klem* gewoonlik op die eerste deel van die samestelling, vgl. *vêlkombers*, *dikkop*, *hanskakie*, *tafelkleedjie*. Maar



in Afrikaans is daar 'n hele klomp woorde met die klem op die tweede deel van die samestelling wat daarop dui dat vroeër hierdie gebruik baie algemeen was; *wildeëls, soetemaling, rooi-miënie, tarentaal* en name soos *Krugersdorp, Hannie-Koës, Volksrus*. By sommige het die jongere die ouer gebruik in die spraak van baie mense verdring.

By nog 'n groep woorde kan die klem of op die eerste, of op die tweede gedeelte van die woord val, met 'n aanduiding van verskillende betekenis of funksie: *ròòskleurig* (kleur van ligroos), *roosklèurig* (veelbelowend); *ròman* (vis, rooi spinnekop), *romàn* (boek); *kòpie* (slag wat iemand met 'n koop slaan), *kopiè* (afskrif, duplikaat); *òòrleer* (snw., 'n soort leer; w.w., weer leer), *oorlèer* (te veel leer); *vòòrsê* (vir ander om agterna te sê), *voorsê* (voorspel); *wàarteen* (vraende voornaamwoord, bv.: *wàarteen leun jy?*), *waartèen* (betreklike voornaamwoord, bv.: *dis 'n bewering waartèen 'n mens niks kan inbring nie*).

Skeibaar-saamgestelde werkwoorde, met gewoonlik 'n letterlike betekenis, het die klem op die eerste gedeelte van die samestelling (*ònderhou, dèurloop, inplant, afhaal*), terwyl onskeibaar-saamgestelde werkwoorde, met gewoonlik die figuurlike betekenis, die klem op die tweede gedeelte het (*omring, onderhòu, deurlòop, onderskèi*).

By woorde van vreemde oorsprong tier anglisismes welig t.o.v. die klemgebruik. Probeer die klemgebruik in die volgende woorde aangee: *manuskrip, telegram, minister, universiteit, eksperiment, elektrisiteit, bio-skoop, insek, atmosfeer, melodie, kontras, grammofoon, sipres, kontak* en vergelyk met die volgende sleutel wat die korrekte gebruik eerste en die anglisistiese tweede aangee:

3e—1e; 3e—1e; 2e—1e; 5e—3e; 4e—2e; 5e—3e; 3e—1e;  
2e—1e; 3e—1e; 3e—1e; 2e—1e; 3e—1e; 2e—1e; 2e—1e.

Soek nog meer sulke anglisismes.

Klem word ook gebruik om een woord (woordgedeelte) met 'n ander te kontrasteer. Hier is ons terug by die singsgroep: vergelyk: *optimis*

met *hy is geen optimis nie, maar 'n pèssimis; sowel natuur as skriftuur (natuur, skriftuur); dis nie die primêre onderwys wat verkeerd is nie maar die sêkondêre onderwys.* Die normale klemgebruik word hier versteur.

Met wisselende klemgebruik het ons dus weer 'n middel om betekenisverskil deur klankgebruik te laat ontstaan. In gewone omstandighede sal diê gedeelte van die woord wat die woordklem dra, ook die sinsklem dra: vgl. *inwillig met Jan het ingewillig om te speel.* Net waar spesiale kontras verlang word, kan die emfatiëse klemgebruik verskuiwing teweegbring: *uitwendig kan 'n mens niks merk nie, maar inwendig is hy ernstig beseer.*

Watter ryke verskeidenheid van verbinding met toonhoogte-wisseling kan ons nie deur hierdie krag-wisseling teweeg bring nie!

#### *Tydswisseling of kwantiteit:*

By die woordpare *dag-daag, koel-koeël, pers(druk)-pêrs, kersie-(vrug)-kêrsie, bort(siekte)-bôrd* wil ons deur die dubbele klinkerteken of deur die kappie uitdruk dat die klinker lank is. Die kort klinker word daarenteë in genoemde voorbeelde sonder kappie of met net een klinkerletter geskrywe. Ons het reeds, toe die klinkers bespreek is, tussen lang en kort klinkers onderskei en daarop gewys dat in sommige gevalle 'n verandering van tydsduur 'n verandering van betekenis meebring. Afgesien van hierdie betekeniswysigende funksie, is daar party klinkers wat lank, ander wat kort is. As die lang klinkers in onbeklemde stand voorkom, word hulle kort uitgespreek vir sover hulle nie 'n neutrale ə-klinker word nie: vgl. *sjokola met room, tabernakel met taal, resenseer met seer.*

Medeklinkers is in Afrikaans gewoonlik kort, behalwe in saamgestelde woorde van die volgende bou: *vissop, liggaam, dikkop, kapblok (bb)*, maar selfs hier is die algemene Afrikaanse neiging om net een medeklinker te sê.

In die sinsgroep, en veral onder invloed van die gevoel, wissel die klinker- en medeklinker-lengtes gedurig. Vgl. die klank-lengtes van die

treurige spreker wat alles rek met dié van 'n toornige persoon wat weer alles as 't ware kort afbyt. Dit bepaal die *tempo* van die spraak. Ook by gewone sinsklem en spesiale nadruk verander die lengtes. Net soos by toonhoogte-wisseling en energie-wisseling, bestaan daar by die tydsduur-wisseling 'n oneindige reeks moontlikhede tot die gevoelsgekleurde spraak se beskikking. Die goeie spreker sal weet hoe om dit reg te gebruik.

Pousering hoort ook tuis by die tydsduurbeskouing, maar dit geld hoofsaaklik die sinsgroep, nie die woord nie. In die sinsgroep kan die woord deur 'n pouse onderbreek word om die gevoel 'n kans te gee om „op te dam” vir die volgende kragvolle uiting: *Die slag het hom ver/niëtigend getref. Dit was ge/mèen van hom.*

Hoofsaaklik is pousering dus 'n middel om gevoelskleur aan 'n uiting te help gee. Maar, soos ons hoërop aangetoon het, kan pousering ook 'n gedagte-uiting in sy verskillende sinsgroepe onderverdeel en kan dit met die geskrewe uiting se leestekens saamval (komma die kortste; dan dubbelpunt of kommapunt; dan punt, uitroepteken of vraagteken wat 'n sin afbaken). Daar kan ook gepouseer word om asem te haal. By goeie spraak en by die sang is dit belangrik dat die pousering saamval met die grense van sinsgroepe of die mate van die musiek en nie daar binne nie.

By gedigte val daar gewoonlik 'n pouse aan die end van die reël, behalwe by die sogenoemde enjambement waar die een reël in die volgende oorloop:

Vgl. *Die nag is eensaam en geslote/  
en ek is diep daarin gespin/  
en wil deur U gemeenskap/grote  
Verduistering in my self oorwin.*

(C. M. van den Heever.)

Selfs by die enjambement sal die gevoel vir die versreël-eenheid miskien 'n baie kort pouse aan die end van die reël laat ontstaan.

Tempo hang af van die persoonlikheid; van die kulturele peil van die persoon se gemoedstemming waarin hy verkeer as hy praat; van die inhoud van wat gepraat word; van die indruk wat die spreker op sy gehoor wil maak. Ontwikkelde, wakker, opgewonde mense praat oor die algemeen vinniger as onontwikkelde, geestestrae, terneergedrukte persone.

Toonhoogte-wisseling, krag-wisseling, tydsduur-wisseling en selfs klankkleur-wisseling kan saamwerk om energie-kerns te skep wat van mekaar deur minder energieke gedeeltes, selfs pouses, geskei word. Die reëlmatig opmekaarvolgende energie-golftoppe pulseer deur die gedig of prosastuk as ons dit lees of voordra. Dit noem ons *ritme*. Die herhalingspatrone kan baie ingewikkeld wees net soos die ingewikkelde, wederkerende motiewe by die musiek. By prosa is die herhaling van die energie-kern minder reëlmatig as by die poësie. Maar ook by die poësie moet gewaak word teen die tok-tok-„ritme” wat alles in een patroon wil inpas en die natuurlike spraak geweld aandoen. Die goeie digter neem dan ook nie 'n bepaalde patroon en laat sy idees daarby inpas nie. Die idee self gee geboorte aan die ritmiese skema: vorm en inhoud is een.

En hiermee staan ons aan die einde van ons kort beskouing van die samestelling van ons Afrikaanse spreektaal. In die volgende bladsye sal ons probeer om een en ander te sê oor die funksie van die spreektaal.

## HOOFSTUK VI

### DIE SOSIALE FUNKSIE VAN SPRAAK

Die Romein Quintilianus het die volgende kernagtige gedagte geuit: „God, die Almagtige Vader van die natuur en Skepper van die wêreld, het nie nog so 'n kragtige karakteristiek gebruik om die mens bo die dier te verhef as sy spraak-moontlikheid nie.”

Daarmee het hy eerstens bedoel dat die mens deur middel van hoorbare en sigbare simbole in staat is om met sy medemens gemeenskap te hou — *die sosiale betekenis van spraak*. Maar sy groot insig het ook die ruimer betekenis van spraak besef, nl. die feit dat spraak en wat dit insluit, die mens in staat stel om met homself gemeenskap te hou, selfstandig te dink — *die spraak 'n skepping van die individu self*. Ook kan die middel tot verstaanbaarheid omgeskep word tot 'n middel vir kunsvolle weergawe, tot skoonheidskepping en genot vir die medegemeenskapslede — *'n deurvoelde beleving van die gemeenskapsmiddel*.

Laat ons sien wat die spraak as sosiale middel vir ons inhou.

Afgesien van die inhoud van wat gesê word, moet die spraak *verstaanbaar* wees. Dit beteken dat dit (i) genoeg *draagkrag* moet hê om die luisteraars te bereik. Draagkrag hang af van die beste gebruik van die resonatore, genoegsame asemdruk en trilling van die stemlippe. 'n Te harde stem is net so vermoeiend vir die luisteraar as 'n te flou stem. Die spreker moet natuurlik sy omgewing, die grootte van sy gehoor en die gedeelte daarvan aan wie hy hom op bepaalde oomblikke wil rig, die

ouderdom van sy luisteraars (ou mense se gehoor funksioneer nie so goed soos jongmense s'n nie), die weerklank van sy saal, en dies meer in aanmerking neem.

(ii) Tweedens moet die *artikulasie duidelik* wees, want 'n slordige artikulasie sal selfs 'n harde stem onverstaanbaar laat klink. Met „duidelik” bedoel ons nie oordrewe artikulasie wat teen die uitspraakbou sondig nie.

(iii) Derdens moet die stem- en spraakvorming *normaal* wees. 'n Spreker met stem- en spraaksteurings sal weens sy abnormaliteit onverstaanbaar wees.

(iv) Vierdens moet sy *uitspraak* vir die gehoor verstaanbaar wees, asook die res van die taalbou en woordgebruik. Die spreker moet sy gehoor bestudeer, sodat hy hulle nie oor-, of onderskat nie, en sy taalgebruik by hulle aanpas.

(v) Vyfdens moet die *toonhoogte* nie abnormaal hoog opgeskuif word (baie openbare sprekers sondig hierteen), of te laag daal nie, veral aan die end van 'n sinsgroep.

(vi) Sesdens moet die *tempo* d.i. die vinnigheid waarmee spraakklanke en woorde mekaar volg, by die inhoud van die spraak en by die ontwikkelingspeil van die gehoor aanpas. Vir wat benadruk moet word of wat moeilik verstaanbaar is, is stadig praat 'n vereiste. Die minder belangrike word vlugtig gesê.

(vii) Ook moet die spreker *beheer oor sy asemhaling hê*, want dit is die dryfkrag van die spraak. Te veel uitaseming sal die spraak onverstaanbaar maak deur die geruis-ïnvloed wat die oormatige uitaseming meebring. Verkeerde indeling van die inasemingperiodes, sodat dit nie saamval met die betekenisgroepe nie, sal ook vir die verstaanbaarheid hinderlik wees.

Nou aansluitend by verstaanbaarheid is die vereiste dat die stem *aangenaam* moet wees om na te luister. As die stem ons laat voel asof

ons wil wegkom daarvan, dan sal 'n begrip van die mededeling wat die spreker wil doen, wis en seker daaronder ly. Die draagkrag het natuurlik baie met die aangenaamheid te doene, want 'n mooi stem wat mollig is, durf nie te hard of te sag wees nie. Ook die toonhoogte-wisseling bepaal die aangenaamheid van 'n spreker se stem. Eentonigheid is vervelend. Gepastheid van tempo, afwisseling van die kraggebruik, m.a.w. buigsaamheid en begrensdeheid van die artikulasie, sal almal in 'n meerdere of mindere mate die aangenaamheid van die eindresultaat bepaal.

Derdens moet die spraak *natuurlik* wees. Oordrewe artikulasie, oordrewe toonhoogte-, krag- en tempo-wisseling sal dadelik die gehoor ontstem deur die onegtheid. Dit sluit baie nou aan by wat ons gaan sê van die spraak as 'n openbaring van die spreker. Hier kan ons ook waarsku teen onnodige spierspanning, gestremdeheid, as gevolg van vrees en onsekerheid. As die spiere oormatig saamtrek, sal die spraak hard, metaalagtig wees; sal dit min afwisseling toelaat; die toonhoogte te hoog opskuiwe; gou heesheid en vermoeienis ten gevolge hê. Die goeie spreker weet dus om te ontspan, wanneer gevoelsomstandighede miskien 'n mate van stremming meegebring het.

Vierdens moet die persoon *vlot* praat. Iemand wat struikel oor sy woorde, wat soek na sy stof, wat bly steek en weer van vooraf begin, verveel 'n gehoor baie gou. Die spreker moet die draad van sy gesprek geleidelik arol. Tog moet ons waarsku teen dié soort spraak wat „afrol” asof dit op geoliede wieletjies loop en wat klink asof dit van buite geleer is en soos deur 'n skoolkind afgerammel word. Sulke spraak is karakterloos.

Maar die spraak is meer as net 'n verbindingsmiddel tussen gemeenskapslede. Dis ook die uitingsproduk van die spreker self. Dit leer ons heelwat van die liggaamlike en geestestoestand van die spreker.

Liggaamlik kan ons aan die spraak hoor of iemand moeg of vaak is, gespanne of ontspanne is, te veel gehuil, geskree, gerook of gedrink het, siek of gesond is.

Geestelik is die spraak 'n openbaring van: ons gemoedstelling op 'n gegewe oomblik; ons karakter; die peil van kulturele ontwikkeling; ons herkoms. Ons persoonlikheid word blootgelê deur die spraak: of ons onderdanig, gedwee, impulsief of agressief is; of ons in ons self gekeerd, of openhartig is; of ons selfvertroue het, al dan nie. Ons gemoedstemming op 'n bepaalde oomblik word daardeur geopenbaar: of ons opge-ruimd of tērneergedruk, kwaad of opgewonde is. Al probeer ons dit versluier, kan die spraak ons houding teenoor die spraaksituasie openbaar: of ons verveeld is; of ons belangstel; of ons verras, teleurgesteld, oorbluf, tevrede, vyandiggiesind, sarkasties, ongelowig is. Ons hele agtergrond: die huis, die gemeenskap waaruit ons spruit; die invloed van die opvoeding wat ons gehad het op ons gees, word daardeur geopenbaar. Die volgende woorde van Diesterweg stel die saak mooi:

„Innerlike onbeskaafdheid word duidelik geopenbaar deur 'n onbeskaafde manier van praat. Ek wil vernaamlik in hierdie opsig onderskei: die luie, slepende toon as 'n teken van geestestraagheid, van 'n huigelig-agtige, liefdelose karakter; die breë, plompe, onverfynde toon as 'n teken van gemeenheid.

Ware beskawing gaan van die innerlike uit en veredel die toon, maar ook die uiterlike beskawing werk op die innerlike terug. Om tegnies korrek te praat, is 'daarom inderdaad 'n gimnastiek van die gees. „Praat en ek sal u sê wie u is.”

Die betekenis van die geestesgesteldheid van die individu vir goeie spraakgebruik kan ons kortliks opsom:

(i) Die individu moet met sy hele gees die inhoud steun wat hy wil meedeel. Hy moet in so 'n mate daarin *belangstel* dat wat hy sê as'tware op die golf van belangstelling vorentoe beweeg. Dis net wanneer die reaksie van die spreker tot sy stof maksimaal is dat lewendige spraak



volg; dat die persoon die fynbeleefde, gedrae gevoelswisselinge wat lewe en kleur bring in sy spraak kan openbaar.

Die spreker moet die wilskrag besit om hom in sy stof te verdiep en om dit gevoelsgedrae weer te gee op so 'n wyse dat dit sy hoorders tevrede sal stel. 'n Paar eienskappe van goeie spraak wat met die geestgesteldheid van die spreker saamhang, is:

(1) *Lewendigheid* wat deur gesig en gehoor waarneembaar moet wees, en in die spraak deur buigsaamheid en soepelheid weergegee word.

(2) *Eerlikheid en opregtheid* om die hoorders te oortuig dat jy glo wat jy sê.

(3) 'n Openbaring dat die spreker nie senuweeagtig, bang of onseker is nie, dat hy *op sy gemak voel*, kalm is en daardeur vertrouwe inboesem. Vrees bring stremming, oormatige spierspanning, gebrek aan vlotheid, gejaagdheid, vermoeienis en dies meer.

(4) *Doelbewustheid en doelgerigtheid*. As die gedagtes onseker dwaal, sal die hoorders se belangstelling verflou.

(5) Dit soek *aansluiting* met die spreker se luisteraars. Die spreker bestudeer sy gehoor, bestudeer die inslag van sy woorde, speel met hulle soos 'n kat met 'n muis, gee skiet en vat dan weer vas; is een van die gehoor. Die gedurige wisselwerking van spreker op hoorder(s) en omgekeerd is een van die vernaamste vereistes van effektiewe spraak en die onmiddellike gevolg van doelgerigtheid van die spraak.

(6) *Natuurlikheid*. Dit is eintlik die gevolg van al die ander eienskappe wat ons reeds genoem het. Die opgeskroefde, gemaakte spreker is nie eerlik, op sy gemak, lewendig, doelgerig, het nie die aansluiting met sy luisteraars nie. Veral moet die spreker met sy hele wese in sy spraakuiting opgaan, sonder om te oordrywe. Dan sal die „liefde” waarvan Paulus (1 Kor. 13) praat een van die kenmerke van sy spraakuiting wees: „Al sou ek die tale van mense en engele spreek en die *liefde* nie hê nie, so het ek 'n luidende metaal geword of 'n klinkende simbaal.”

### *Die verskillende soorte Spraaksituasies :*

Die leser sal begryp dat dit onmoontlik is om die hele gebied van die spraak se belangrikheid in die gemeenskap te dek. In 'n werkie van hierdie aard wat net bedoel is om belangstelling aan te wakker, kan ons alleenlik aanstip waar die spraak van besondere betekenis is en in die algemeen leiding gee.

Hugo von Hoffmannsthal het gesê: „Kerke en skole, reg en geregtigheid, oorlog en vrede, handel en wandel, doen en late, word by ons verkry, gelei en voortgeplant deur middel van ons Duitse taal (spreektaal word bedoel): ons tree daardeur tot God in die Hemel, ja ons behou daardeur liggaam en siel.” Dis eers as ons die spraakmoontlikheid verloor (deur beroerte of deur verwydering van die strottehoof byvoorbeeld) dat ons besef hoe die gemeenskapswese, die mens, van sy spraakgebruik afhanklik is. Sommige beroepe is meer afhanklik van die spraak as ander: die toneelkunstenaar, onderwyser, wetsagent, prediker, vendusie-afslaer, radio-omroeper, politikus, mediese praktisyn o.a. kan alleen 'n sukses van hulle onderskeie beroepe maak, as hulle suksesvolle sprekers is. Dog in ons daaglikse lewe is spraaksituasies iets waarmee ons heeldag besig is solank ons wakker is. As ons met iemand gedagtes wil wissel, moet ons die spraakmeganisme in werking stel. Net as die persoon weg van ons is of nie kan hoor wat ons sê nie, gebruik ons die skryftaal (of mis-kien gebaretaal in laasgenoemde geval).

Die algemeenste gebruik van spraak deur twee of meer individue is om kennis uit te ruil deur met mekaar te gesels. Selfs om lekker te gesels is 'n kuns. 'n Amerikaanse geleerde het gesê: „'n Goeie geselsers is 'n interessante persoon wat interessante dinge het om mee te deel en 'n slag het om homself met gemak en vlot uit te druk.” Openhartige, opregte mense met takt, aanvoeling vir en belangstelling in die beskouings van ander het van die vernaamste eienskappe vir goeie geselskuns, afgesien van die grondreëls vir goeie spraakgebruik wat hoërop behandel is. Die

geselende spreker moenie wil domineer en sy sienswyse by ander wil afdwing nie. Gee en neem, veral 'n gebruikmaking van die belangstellende vraag om die ander se mening te verkry, moet beoefen word.

Geselskuns lê ook aan die *bespreking* ten grondslag, of dit nou 'n diskussie tussen twee of meer persone is, 'n wetenskaplike simposium, of 'n debat. Hier is die doel ernstiger en omvangryker. Dit wil probleme probeer oplos; 'n saak van verskeie kante belig; iets krities beoordeel; 'n aanduiding gee van ontwikkeling op bepaalde gebiede.

Die dialoog van die drama is ook op geselskuns gebaseer. Hier moet die spelers hulle eie-ek aflê en dié aanneem van die persone wat hulle probeer voorstel.

Tweedens is daar die spreker wat voor 'n gehoor optree en 'n *toespraak* moet hou. Toesprake word ingedeel in (a) bespieëlende uiteensetting (soos 'n mens op feesdae soos Dingaansdag sal verwag); (b) geregtelike opsomming, soos van 'n advokaat of 'n regter; (c) demonstratiewe uiteensetting, soos 'n mens by politieke sprekers hoor wat hulle beskouings wil afdwing; (d) lesings wat logiese uiteensetting van feite gee; en (e) preke.

Van so'n spreker wat 'n toespraak hou, verwag 'n mens dat hy hom aan die reëls van welsprekendheid of retorika, wat ons aanstonds sal bespreek, sal hou; dat sy stof goed gekies is vir sy gehoor en bo enige bedenkinge staan; dat hy self 'n ewewigtige persoonlikheid is wat 'n saak objektief kan voorstel, maar met genoeg gevoel om sy eie belangstelling daarin te toon, 'n persoon wat die gehoor instinktief kan vertrou en met wie hulle kan saamwerk; dat hy sy woorde sal weeg, want elke woord het 'n logiese betekenis en 'n gevoelswaarde al na die spreker dit besig. Dit moet duidelik wees dat die spreker *iets* het om mee te deel en dat hy dit doen sonder om sy woorde te omsluit met allerhande bedekte sinspelings wat vir die luisteraars moeilik is om te snap.

Vir die spreker wat 'n toespraak moet hou, is daar 'n wisselwerking

tussen (i) spreker, (ii) onderwerp, (iii) geleentheid waarby die toespraak gehou word en (iv) die ontwikkelingspeil en stemming van die gehoor.

Wanneer die spreker sy onderwerp gekies het, moet hy sy toespraak uiteensit en sorg dat daar behoorlike koördinasie van die onderdele is wat logies opmekaar volg. Die uiteensetting moet so helder en eenvoudig moontlik plaasvind en moet 'n lewendige voorstelling van die feite gee.

Die spreker verlang dat die toespraak 'n gewenste uitwerking op sy gehoor moet hê. Daartoe rig hy vireers sy stof in om hierdie doel te bereik. Tweedens is daar die kragte wat in die persoonlikheid van die spreker self skuil wat sy luisteraars beïnvloed. Sy kennis, sy opregtheid, sy aansluiting by sy gehoor waartoe hy homself as gelyke reken in plaas van hom te probeer verhef bo hulle — dit is die vernaamste kenmerke van 'n persoonlikheid wat 'n gehoor trek. Derdens rig hy bewus 'n appèl op die verstand en gevoel van die luisteraars. Hierin moet hy baie versigtig wees, want as hy nie self deurvoel wat hy probeer opwek by sy gehoor nie, sal sy poging misluk. Wat sy stof betref, moet die spreker nie met veralgemenings die gehoor verbluf nie. Hy sal baie meer sukses behaal met eenvoudige, konkrete uiteensetting wat hy met voorbeelde illustreer as met algemene bewerings.

Die mate van sukses wat 'n spreker behaal, hang ook van sy styl af. Natuurlik is die styl afhanklik van 'n spreker se persoonlikheid, maar dit word ook deur die gegewe oomblik, die gehoor en die onderwerp bepaal. Vir die duidelikheid en verstaanbaarheid sal eenvoudige taal en kort samehangende sinsgroepe gebruik word. Die spreker moet sorg vir gevoelsgedrae afwisseling, en die woordgebruik moet nie aanleiding tot misverstand gee nie.

Die spreker wat die toespraak hou, maak van gesigsimbole (gebare en mimiek) en gehoorsimbole (spreektaal) gebruik. Oor die vereiste vir goeie spraakgebruik het ons hoër opleiding gegee.

Oor die gesigsimbool kan ons in 'n werkjie van hierdie aard nie veel sê nie. Dis die openbaring van die gevoel deur die liggaam-as-geheel en

derhalwe verlang ons die beweging van die liggaam as 'n eenheid by die spraak. Dit moet ten nouste aansluit by die gedagte-inhoud wat weer-gegee word en nie aangeplak word as 'n soort bygedagte nie. Liggaamlike beweging vereis 'n hoë mate van beweeglikheid en spierwakkerheid en nie luiheid en traagheid wat die bewegings te laat vir die gedagte laat geskied nie. Veral moet die spreker sy gebare wat wel gevoelsgedrae is, leer betueel, sodat hulle nie oordrewe is nie, nie spasties of rukkerig nie, maar soepel. Hulle moet die openbaring van 'n ewewigtige, geordende gees wees.

In 'n sekere mate sal die gebaar 'n vriendelike uitnodiging vir die luisteraars wees om saam te werk. Die spreker praat *met* hulle, nie *voor* hulle nie.

Eindelik hang die sukses van 'n toespraak ook af van die bevatlikheid van 'n spreker se geheue en sy vindingrykheid om sy gedagtes vinnig in goeie spreektaal om te stel. Dus om 'n toespraak ván buite te leer en dit soos 'n masjien weer te gee, is net so verkeerd as om dit af te lees. Die beste is om uit die vuis te praat, maar dan na deeglike voorbereiding, waarby die raamwerk op papier gestel word, as die spreker dit nie aan die geheue kan toevertrou nie.

Elders kan lesers wat belangstel in verskillende beroepe waarby die spraak belangrik is, meer inligting oor die toepassing van die algemene reëls op bepaalde spraaksituasies vind.<sup>1)</sup>

Ons wil egter in die volgende paar bladsye die verskil verduidelik tussen die toespraak of gesprek as mededelingskuns en die kunsvolle vertolking van geskrewe letterkundige uiting van ander.

### *Die Vertolkende Funksie van Spraak :*

Alle voordrag, of dit toneelspel, karakteruitbeelding of vertolkende weergawe van poësie of prosa is, verskil van die gesprek deurdat dit

---

<sup>1)</sup> *Praat u Beskaaf*: P. de V. Pienaar, Voortrekkerpers, 1939.

berus op geskrewe taal van ander. Alle voordrag berus dus op hardop lees, die gedagtes van 'n skrywer aan iemand anders oordra; die sigbare geskrewe of gedrukte simbole word in hoorbare klanksimbole omgestel.

Die skrywer stel sy gedagtes op papier met 'n hele aantal verskillende oogmerke om uit te kies: hy wil miskien kennis meedeel, iets verduidelik; hy wil 'n beskrywing gee, iets vertel; hy wil 'n vraag beredeneer of 'n stelling bestry; hy wil dinge vir die leser suggereer, of toestand of gebeure dramaties voorstel. Om hierdie verskillende doelstellings te bereik het hy 'n menigte uitingsvorme om uit te kies o.a. wat die letterkunde betref: die opstel, liriese en epiese poësie, ballade, kortverhaal, roman, dramatiese monoloog, drama. Hy doen 'n beroep op die verstand (met 'n meer prosaïese uitingsvorm), of op die gevoel (met 'n meer poëtiese uitingsvorm). Die taal wat hy gebruik (afgesien van die dramatiese kuns) is nie die spreektaal nie; die geskrewe sinne is gewoonlik langer; die woordgebruik en woordorde nie die van die alledaagse spreektaal nie.

Wanneer die leser dit wil weergee, moet hy hom dus eers goed vergewis van wat die skrywer probeer meedeel; hoe hy die gedagtes aanmekaar bind; wat die gevoelswaarde en betekenis van sy woorde is. hoe die woorde hulle tot sinsgroepe groepeer. Want elke skrywer het 'n eie skryfstyl, sy eie ritmiese gang. Dis die plig van die leser of vertolker om soveel as moontlik van die skrywer se lewe en strewe uit te pluus en te begryp, indien hy sy skeppings met artistieke aanvoeling wil weergee. Dis nie maklik om goed hardop te lees nie. Om die waarheid te sê, is daar min mense wat dit goed kan doen, en die leesonderrig van kinders op skool is gewoonlik beroerd. Dit mis eenvoud, begrip van wat gelees word, natuurlikheid en lewendigheid.

By gewone lees probeer ons natuurlik nie ons persoonlikheid wegsteek nie. Wat ons in die lewe ondervind het, sal die eindproduk kleur. Die Amerikaanse skrywer J. B. Kerfoot (*How to Read*) sê dan ook kernagtig: „Ons lees dan letterlik met ons eie ondervinding; ons lees met wat ons gesien, gehoor, geruik, geproe en gevoel het. Ons lees met die

emosies wat ons gehad het, met die liefde waarmee ons lief gehad het, die vrees waarmee ons gevrees het, die haat waarmee ons gehaat het. Ons lees met die waarnemings wat ons gemaak het en die gevolgtrekkings waartoe ons geraak het; met die ideale wat ons daardeur gebou het; met die meegevoel wat ons ontwikkel het en die vooroordeel waarvan ons nie geslaag het om onself te bevry nie... Ons ontvang as ons lees, ons ontvang egter nie direk wat die skrywer ons vertel nie, maar indirek deur die nuwe vergesigte waartoe hy ons prikkel om ons ondervinding in diens te stel."

Die leser wat voor 'n gehoor optree, moet beide objektief teenoor sy inhoud staan sodat hy homself kan betoel en hy moet 'n hoë mate van selfvertroue besit wat hy gebruik om beheer oor die gedagtes en gevoelens van sy luisteraars uit te oefen. Om gedurige aansluiting met hulle te verkry, moet die leser nie lank sy oë op die skrif voor hom hou nie, maar moet sy luisteraars so dikwels moontlik in die gesig kyk.

Die leser, of liever die vertolker van 'n kunstenaar se uiting, gee natuurlik sy eie vertolking van wat die kunstenaar kon bedoel het. Hoe groter die kunstenaar, hoe meer ruimte daar vir vertolking moontlik sal wees. So'n vertolker moet in die spraaktegniek grondig geoefen wees, want deur middel daarvan moet hy die kunstenaar se uiting aan die luisteraar onthul. Die gewone spraaktegniek moet verhoog word tot 'n artistieke peil, met miskien meer afwisseling as wat 'n mens in die gewone spraak aantref, veral wat klankkleur, tempo en toonhoogte betref. Die luisteraar moet nooit van hierdie spraaktegniek bewus word nie. Inhoud en vorm van die vertolkte stuk en die wyse van weergawe moet 'n eenheid vorm. Na hy 'n deeglike studie gemaak het van die stuk wat hy wil vertolk, sal hy nagaan wát benadruk moet word en wat nie; hoe hy sy klankkleur-skakerings moet aanwend; hoe die tempo-wisseling by die inhoud moet aanpas; hoe die stuk vertolk moet word dat die luisteraar dit as 'n eenheid aanvoel.)

---

<sup>1)</sup> Vgl. P. de V. Pienaar, *Praat u Beskaaf*, Hoofstuk VI.

Die gewone spraak is vormloos as ons dit vergelyk met die artistieke weergawe. By laasgenoemde moet taalbeweging en gebaar saamwerk: die skrywer gee die taal, maar die klankvorm en beweging is die vertolker s'n, wat deur 'n eie begrip bo die algemene of gewone sal uitstyg.

Voordrag is vertolkend lees — of dit nou met die hulp van die teks is of nie — deur iemand wat sy eie identiteit bewaar. By karakteruitbeelding en toneelspel word die spreker se eie-ek vervang deur dié van die karakter wat hy wil uitbeeld. Hy word hierin gehelp deur kostumering ens. Die vertolkende leser wil net die gehoor lei, sodat hulle in hulle eie verbeelding kan herskep wat gegee is. Hy lig net voor waar skoonheid te vinde is, hulle belewe dit self.

Die vertolker (anders as die gewone spreker) kan hom as een van die gehoor voorstel, of hy kan hom deur sy estetiese beleving van hulle verwyder, solank hulle van sy egtheid oortuig bly. Ons kunsvolle beleving verwyder ons van die werklikheid. Daarom kan ons luister na wat vertolk word sonder om daaraan aktief deel te neem. Ons vorm dan 'n oordeel — hetsy goed of kwaad — van die vertolking.

Die spreker in die gesprek of toespraak praat *met* sy gehoor, dog ons vind by die vertolking van kunswerk dat hy *voor* sy gehoor praat, hulle na hom opsien en die vertolkte weer herbelewe.

Die vertolker moenie *te veel* uiterlike bewegings uitvoer nie, meer innerlike ontroering suggereer. Hierdie uiterlike bewegings is egter 'n essensiële deel van die hele eenheidspatroon, solank hulle beheers en natuurlik is. Dis die vertolker-kunstenaar se selfopgelegde taak om sy eie samestelling van beweging, klank en toon by die inhoud te laat aanpas.

Goeie vertolking is 'n aktiwiteit van die hele mens se persoonlikheid; daarom is alle groot vertolkingskuns 'n hegte eenheid. Die kunstenaar is iemand wat nie los van die lewe staan nie. Fyngvoelig vir indrukke sien hy die diepere lewenswaarhede in die stuk wat hy vertolk. Die uiterlike is bysaak. Soos alle groot kuns uitstyg bo die persoonlike en die nasionale, so sal groot vertolkingskuns die ster van die universele



volg. Die vertolker sal 'n lewensbeskouing ontwikkel wat geleidelik aan rypheid toeneem. Deur self die lewe te verstaan, sal sy insig in die kuns van ander verdiep en sal hy weet om aan sy luisteraars daardie vergesigte van die literêre kunstenaar wat wegdof in die oneindige deur sy vertolking te onthul.

Nog 'n groter mensekennis word van die karakteruitbeelder verwag, wat sy eie persoonlikheid moet vervang deur die van 'n ander. By die dramatiese kuns loop die leek gevaar om 'n halfslagtige wese te skep wat nóg sy eie, nóg 'n nuwe persoonlikheid het. Soos dr. Mallory geskrywe het, word die ware drama dan so maklik bombas; ware pathos, bathos; ware gevoel, sieklike sentimentaliteit; egte humor, goedkoop vulgariteit. Die karakteruitbeelder moet 'n nuwe mens voorstel, nie net wat uiterlike handeling betref nie, maar veral wat die verstandelike en emosionele eenheid van optrede betref.

Op alle vertolkingskuns is die woorde van die Franse skrywer A. de Saint Exupéry van toepassing: „'n volkome geïsoleerde individu bestaan nie. Diegene wat treurig is, maak ander ook verdrietig.”

## HOOFSTUK VII

### DIE SPRAAKGESTEURDE.

Ons wat die goddelike gawe van spraak ongeskonde besit, het geen besef van wat hulle wat dit nie het in die gemeenskap moet ontbeer nie. Saam met die blindes, die dowes en die kreupeles vorm hulle die verstoteling van die gemeenskap. Dis nie net 'n saak van 'n sosiale gemis nie, maar ook van persoonlike ongemak, ongerief en in baie gevalle van groot geestelike lyding. Die gemeenskap voel ook ongemaklik met 'n spraakgesteurde in hulle midde. Hy word 'n voorwerp van spot of van oormatige medelye wat in albei vorme miskien vir hom skadelik is. Soos ons reeds aangehaal het: „As iemand treurig is, maak hy almal in sy omgewing verdrietig.” Dit is dus ons plig om vir die spraaksieke kind en volwassene te sorg: (i) om hòm te rehabiliteer en (ii) om die gemeenskap se ontwil, want 'n normale burger is 'n bate vir die staat.

Algemeen word beskou dat ongeveer vier persent van alle skoolgaande kinders aan spraaksteurings ly. In die meeste gevalle word die kinders deur die spraaksteuring in hulle vordering op skool vertraag. Normale kinders is geneig om afwykings te bespot deurdat dit vir hulle snaaks is, en daardeur ontwikkel 'n spraakgesteurde in die meeste gevalle 'n minderwaardigheidsgevoel. Die kind se hele persoonlikheid loop dus gevaar om deur die spraaksteuring verwronge te word.

Die ekonomiese gevolge is vir 'n spraakgesteurde kind nie minder onrusbarend nie. Die Franse skrywer Duhamel druk dit in een van sy

romans mooi uit: „Al bestaan daar ook watter regeringstelsel, vind ons dat hulle wat die magsoffisie beklee, altyd goeie sprekers is. Diegene wat nie weet hoe om te praat nie, bly houthakkers en waterdraers.” Die aantal beroepe wat 'n spraakgesteurde kan volg, sal beperk wees en miskien gladnie geskik wees vir die aanleg van so'n kind nie.

'n Kind word met sy spraakmoontlikheid gebore. Die taal moet hy van sy omgewing aanleer. Hierdie aanleer-proses vind geleidelik plaas en word feitlik nooit voltrek nie. Tog kan ons aanneem dat die kind op twee en 'n halfjarige leeftyd die taal-instrument redelik goed kan hanteer om hom in sy omgewing verstaanbaar te maak. Laat ons kortliks die verskillende ontwikkelingsstappe gedurende hierdie tydperk aanstip:

(a) Die pasgebore kind maak bepaalde ongedifferensieerde geluide deurdat sekere prikkels in die nuwe omgewing en binne in hom op hom inwerk. Die drang om hierdie geluide te maak, is ingebore. Die tydperk van hierdie „vormlose” geluide duur omtrent twee tot drie weke.

(b) Dan begin die tydperk van gedifferensieerde huilgeluide. Prikkel soos honger, koue, dors, ens. laat huilgeluide, ooreenkomstig die bepaalde prikkels, ontstaan. Die verstandige, oplettende moeder sal weet waarom haar kind huil.

(c) Wanneer die kind van twee tot vier maande oud is, begin hy tekens toon dat hy bewus word van die geluide wat hy maak. Hy maak babbel-geluidjies soos hy met sy spraakorgane speel. Hierdie geluide hoef nie noodwendig ooreenkoms met die spraakklanke van die ouers se taal te vertoon nie. Geleerdes meen dat die kind gedurende hierdie tydperk sy spraakorgane oefen vir latere spraakuiting. Alle kinders of hulle kan hoor of nie, maak hierdie ontwikkelingsgang deur.

(d) Die volgende tydperk (vier tot nege maande) vereis dat die kind kan hoor. Die kind herhaal spraakklanke of samestellings wat hy hoor. Veral die herhaling van klanke wat hyself voortbring en waarin hy genot skep, kenmerk hierdie sogenaamde lal-periode.

(e) Na nege maande volg naäperry van spraakklank-samestellings wat ander maak. Dis bes moontlik dat die kind nog nie begryp wat hy herhaal nie. Bedrewendheid om te herhaal, is nie 'n teken van genialiteit nie.

(f) Op eenjarige leeftyd begin die kind betekenis heg aan wat hy sê. Hy begin dan werklik praat. Eers is dit eenwoordsinnetjies, lang-samerhand langer samestellings: eers name van dinge in sy beperkte sfeer van belangstelling; daarna handelings en verhoudings, soos hy geleidelik ontwikkel tot sy derde lewensjaar. Dan eers is hy 'n pratende kleuter wat sy plek in die samelewing begin inneem.

Vaste grense tussen die verskillende tydperke bestaan daar nie. Ons herinner net daaraan dat baie volwassenes napraters is. Ouers moet ook nie onnodig onrustig word nie as daar effens 'n vertraging van die spraakontwikkeling bestaan, aangesien party heeltemal normale kinders stadig is „om te leer praat.”

Vir die normale ontwikkeling van die kind se spraak stel ons die volgende vereistes:

(a) Die kind moet goed kan sien en hoor. By die eerste aanleer van die omgewing se spraak, maak die kind baie staat op wat hy kan sien. Daarom is die eerste medeklinkers ook die wat met die lippe gevorm word, soos p, b, m, f, w (*waar*). 'n Gesigsgebrek sal die kind heeltemal van sy gehoor afhanklik maak en die leerproses vertraag. As die kind egter doof gebore word, bereik sy „spraak”-ontwikkeling net die babbels stadium. Doofheid kan net die hoë of die lae toonhoogtes aantast. In dié geval sal die kind òf net sekere klinkers en die melodie van die spraak kan hoor en glad nie die medeklinkers nie (as hoë toonhoogtes uitgeskakel word), òf net hoofsaaklik medeklinkers, veral die *s, f, t, k, p*, ens., met hoë geruis-inhoud (as lae toonhoogtes uitgeskakel word). As die kind se gehoor voor sy sewende jaar so beskadig word dat hy nie kan hoor nie, sal hy al die spraak wat hy magtig is, weer verloor.

Daar kom seldsame gevalle voor van kinders wat goed kan hoor, verstandelik normaal is, maar tog stom is vanweë psigiese steurings. Hierdie stomheid moenie met die verlies van die gehoor verwar word nie.

(b) Die liggaam van die kind moet normaal gebou wees en normaal funksioneer. As die bou van die spraakorgane nie normaal is nie, kan dit die spraak beïnvloed, maar nie noodwendig nie. Party kinders toon 'n merkwaardige aanpassingsvermoë en sal by groot gebreke byna normaal praat. By ander is die teenoorgestelde weer waar. Liggaamlike gebreke wat die spraak kan beïnvloed, is o.a. 'n gesplete verhemelte, 'n te kort sagte verhemelte, 'n onreëlmatige gebit, 'n te groot tong, 'n tongpunt wat nie beweeglik genoeg is nie, 'n te diep verhemelte, verstopte neusgange, siekte-toestande van die stemlippe, haaslip, ens.

Wat die funksionering van die liggaam betref, dien veral gelet te word op normale klierafskeiding veral van die skildklier wat die stofwisseling bestuur; die harsingslymklier wat beengroei beheer; die bynier; die harsingegel wat die groeikrag beheer e.d.m.

(c) Die kind se verstand moet normaal wees. By die idioot, die imbisiel en die moron kan die verstandelike agterlikheid die oorsaak van die kind se spraak-agterlikheid wees. Die kind sal laat leer praat, die vordering sal stadig wees, die woordeskat sal klein bly, die uitspraak sal foutief wees e.d.m. Die geestelik-minderwaardige mongool kan 'n mens dadelik herken aan die amandelvormige oë, die kenmerkende gesigsuitdrukking met oophangende mond, die slordige artikulasie en hese stemvorming.

Ongelukkig loon dit skaars die moeite om hierdie groep se spraaksteurings te behandel.

(d) Die senuweestelsel wat gevoelsindrukke na die harsings bring en wat die boodskappe van die harsings na die spraakorgane beheer, moet normaal werk, anders kan spraakklanke wat ons goed hoor, verkeer weergegee word.

(e) As gevolg van beskadiging en siekte van die harsinggedeeltes waarvandaan die willekeurige bewegings van die spraakorgane vir die vorming van spraakklanke bestuur word, kan spraaksteurings intree.

(f) Slegte voorbeelde kan spraakfoute tengevolge hê. Die kind leer, soos ons hoërop gesien het, deur naäping. As daar dus slegte voorbeelde aan die kind gestel word, is dit vanselfsprekend dat hy hulle sal aanleer. Daarom is dit verkeerd om geradbraakte kindertaal met kinders te praat. Laat aan hulle van kleinsaf goeie voorbeelde gestel word.

(g) By die ontwikkeling van die normale kind se spraak is aan die begin die woordvinding en groepering nie aan die beheer van die spraakorgane gelyk nie. In hierdie stadium sal die kind baie herhaal (drie tot ses jaar). Dis 'n verskynsel van verbygaande aard en ouers moenie die kind se aandag deur berisping en andersins op sy spraak vestig nie. As die kind erflik neuroties-belas is, kan dit gebeur dat die kind gaan hakkell as sy aandag op sy spraak gekonsentreer word. Welmenende ouers sal dan eërs peuter met die kind se spraak, totdat hy so'n stadium bereik het dat hy heeltemal moedeloos word en daar weinig kans op algehele herstel is.

Andër sielkundige oorsake van spraaksteurings kan intree as gevolg van skok, geestelike abnormaliteit, siekte e.d.m.

Alvorens ons ouers, onderwysers en belangstellendes van 'n paar wenke voorsien t.o.v. die afweer en behandeling van spraaksteurings, wil ons kortliks 'n indeling van die vernaamste spraaksteurings gee.

### *I. Taalsteurings:*

Gebrekkige vermoë om taal te verstaan en te gebruik, kan onder twee hoofde ingedeel word:

(a) Steurings wat die gewaarwording van die gesproke taal betref. Hieronder ressorteer die verskillende soorte doofheid en hardhorendheid.

(b) Steurings ten opsigte van die uiting van gesproke taal. As die taaluiting onsamehangend is of heeltemal uitbly, val dit onder hierdie hoof. Dit sluit in: die gebrekkige uiting van die verstandelik-agterlikes; die gebrek aan vermoë om 'n idee te vorm, te hou en aan die verklanking daarvan vas te knoop, hoewel die persoon andersins verstandelik normaal is — dit is te wyte aan harsingskorsbeskadiging; die onvermoë om sinne te vorm, om die regte woordorde te gebruik, om te onderskei tussen enkelvoud en meervoud, tye e.d.m.; steurings wat deur psigopatologieë veroorsaak word, d.i. steurings van die gees wat nie aan verstandelike agterlikheid of aan harsingbesering te wyte is nie.

## *II. Artikulasiesteurings en -afwykings:*

Onder hierdie hoof kan ons die meeste spraaksteurings in deel. Iemand met 'n artikulasiesteuring kan nie 'n bepaalde spraakklank of 'n groep spraakklanke reg vorm nie. Onder ander noem ons:—

(a) Traag-slepende of krampagtige artikulasie wat te wyte is aan beskadiging van die harsings, rugmurg en die spraaksenuwees deur ongeluk (bv. geboortebeskadiging), gewasse, bloeding, siektes soos senuweetrekkings, Engelse siekte, harsingvliesontsteking, witseerkeel e.d.m.

(b) Klankvervanging en -verdraaiings, waaronder baba-spraak wat die kind nie afleer nie, stootong, sleeptong en verskillende ander spraakklank-vervangings wat nie as dialektiese wisselvorms opgevat kan word nie.

(c) Artikulasie-afwykings wat aan dialektiese eienaardighede gewyt moet word.

(d) Artikulasie-steurings te wyte aan organiese gebreke soos verstopte neus, gesplete verhemelte, groot tong, ens.

## *III. Stemsteurings:*

Onder hierdie hoof sluit ons in (i) algehele stemloosheid te wyte aan

siekte of verlamming van die stemlippe, verwydering van die strottehoof, psigiese toestande.

(ii) Kroniese heesheid.

(iii) Stemswakheid te wyte aan oormatige verkeerde gebruik soos by sangers, onderwysers, predikante e.d.m.

(iv) Steurings van toonhoogte te wyte aan gebrekkige klierafskeiding, verkeerde funksionering van die stemapparaat en psigiese toestande.

(v) Steurings van die krag, te wyte aan gebrekkige asemhaling en beheer.

(vi) Steurings van die stemkleur te wyte aan organiese gebreke van die asemhalingsmeganisme, in die strottehoof en in die aansetstuk bo die strottehoof; verkeerde funksionering van die stemapparaat en psigiese steurings. O.a. noem ons keelstem, skel, geaspireerde, en hol stemme.

#### *IV. Steurings van die ritme:*

'n Ritmiese steuring hoef nie noodwendig 'n taalsteuring te wees nie. Die gelykmatige afloop van die spraak word onderbreek. Onder hierdie hoof kan ons die groot hakkelaar-klas reken wat tussen een tot twee persent van die bevolking tel. Hierdie klas kan ooreenkoms vertoon met groep (a) van die artikulasiesteurings, maar is so algemeen bekend dat dit in die meeste gevalle nie foutief beoordeel sal word nie. Oorsake kan verskillend wees: oorgeërfde neurotiese swakheid, gebrekkige senuweekoördinasie en beheer, psigo-neurotiese steuring van die spraak, skok, naäperry van ander hakkelaars e.d.m.

Die eintlike oorsaak van hakkell of stotter is duister. Vandag bestaan daar 'n menigte behandelingsmetodes, elk waarvan 'n ander simptoom of beweerde oorsaak behandel, dog — net soos met baie siektes waarvoor daar nog geen onfeilbare middel gevind is nie ( die gewone griep bv.) die geval is — kan genesing van die hakkelaar nie gewaarborg word nie. Baie is egter deur die verstandige behandelingsmetodes van vandag



genees en baie is gehelp om beter by die samelewing aan te pas. Leke met hulle kwaksalwer- en skokmetodes moet vër van die hakkelaar gehou word. Hulle kan baie geestelike lyding veroorsaak. Die beste is om by die eerste hakkeltkens 'n bevoegde spraaktherapeut te raadpleeg.

Hier volg 'n paar algemene aanbevelings ter handleiding vir hulle wat kinders moet grootmaak of leiding gee.

(a) Bygeloof in verband met gebreklikheid van die spraakorgane of met spraaksteurings moet met wortel en tak beveg word. Dikwels is aan volwassenes met gesplete verhemeltes gevra waarom hulle nie voor die tweede lewensjaar geopereer is nie en dan kom die antwoord: „Ons ouers het gesê dis 'n straf wat die Here op hulle gelê het en ons moenie ons teen Hom verset nie.” Haaslippe moet baie gou na geboorte toegerwerk en gesplete verhemeltes geopereer word voor die spraakontwikkeling vaste gewoontes gevestig het. Neusverstoppings moet verwyder word as hulle die spraak belemmer en dië gebit, as dit baie oneweredig is, moet onder die toesig van 'n tandarts geplaas word.

(b) Ouers moet altyd die ore van hulle kinders dophou. Daar kan so maklik verstopping plaasvind. 'n Kind wat in die klas vir agterlike kinders geplaas is, is eendag na my verwys vir sy spraak. Sy gehoor is swak bevind en na ondersoek het geblyk dat albei sy ore toerverseël is deur ou swart was. Dit het binne verswering veroorsaak met die gevolg dat die trommelvlies van die een oor heeltemal deurgevreet was.

As 'n kind se ore loop, moet hy dadelik deur 'n neus-, oor- en keelarts ondersoek word.

As 'n kind se spraak agteruitgaan, of dit skyn asof hy nie altyd hoor as 'n mens met hom praat nie, moet die ouer sonder versuim sy ore laat nasien.

(c) Die ouers moet sorg dat vanaf die prilste jeug goeie spraakvoorbeelde aan hulle kinders gestel word, sonder dat die kind onnodig attent gemaak word op sy spraakfoute of steurings.

(d) Spot in verband met spraaksteurings, veral hakkell, moet soos die pes vermy word.

(e) Kinders wat aan senuweesteurings ly, moet in 'n rustige omgewing grootword en nie daar waar gedurige hoogspanning is nie.

(f) Na siektes soos witseerkeel, masels, skarlakenkoors, kinkhoes, harsingvliesontsteking, te ng, geslagsiekte moet ouers baie oplet of die gehoor of die spraakorgane nie aangetas is nie.

(g) Ouers huldig die verkeerde mening dat hoe meer 'n kind huil hoe beter dit vir sy stem is. Oormatige huilery bring kroniese heesheid en beskadiging van die strottehoof se spiere mee.

(h) Ouers bestee gewoonlik nie genoeg aandag aan die versorging van die kind se stem as hy die puberteitsleef tyd bereik nie, die tyd wanneer die seun se stem breek, die dogter s'n voller en klankryker word. Gedurende hierdie tydperk moet die kind aan geen ooreisende praat, skree- of singwerk deelneem nie.

(i) Waar 'n ouer merk dat iets met sy kind se spraak of gehoor verkeerd is, behoort hy dadelik 'n bevoegde spraakterapeut te raadpleeg. Met spraakterapeut bedoel ek nie 'n sogenaamde elokusieonderwyser (es) nie. Hulle word opgelei om vertolkingskuns te leer en het met normale sprekers te doen.

Die wetenskap wat spraaksteurings behandel, is aanverwant aan die mediese wetenskap, maak van baie van sy bevindings gebruik en werk in nouste samewerking daarmee.

Die spraakterapeut weet hoe om die spraaksteuring in verband met die hele persoonlikheid te bring en om dit dienooreenkomstig te behandel. Hy sal weet waaraan hy die steuring moet toeskrywe en sal oordeel of 'n operasie nodig is, of die gehoor normaal funksioneer, watter sosiologiese en psigologiese middels aangewend moet word om hom te help in sy voorgestelde behandeling. Hy sal hierdie behandeling lei en wysig volgens die spraaklyer se vordering. Hy sal hom probeer rehabiliteer in

die gemeenskap waaruit hy 'n banneling was, maar waartoe hy kragtens sy menswording noodwendigerwyse behoort.

Die Apostel Johannes het gesê: „In die begin was die *Woord*, en die woord was by God, en die *Woord* was God.” Laat ons hierdie goddelike gawe wat ons bo die dier stel, nie misbruik nie, maar dit deur ons toewyding en aandag die verdiende eer bewys.

# MONUMENT-REEKS

No. 1	<b>Die Geboorte van Suid-Afrika.</b> 'n Simboliese toneelspel, deur W. Hessels	2/-
No. 2	<b>Trekvoëls,</b> deur Sangiro	3/-
No. 3	<b>Oom Gideon ontmoet die Voortrekkers,</b> deur J. van Melle	2/-
No. 4	<b>Die Afrikaanse Psalmberyming,</b> deur dr. G. Dekker	3/-
No. 5	<b>Die Epos van Trichardt en Van Rensburg,</b> deur Manfred Nathan	3/-
No. 6	<b>Bearys.</b> 'n Middeleeuse Juweel. In Afrikaans oorvertel deur dr. P. C. Schoonees	2/-
No. 7	<b>Opstelle oor Poësie,</b> deur H. A. Mulder	3/-
No. 8	<b>Leesgoed. Gedagtes oor Taal, Volksgeloof, Kultuur,</b> deur dr. Abel Coetzee	2/-
No. 9	<b>Die Nuwe Testament</b> deur die <b>eeue bewaar,</b> deur Prof. dr. E. P. Groenewald	3/-
No. 10	<b>Die Moderne Opvoeding,</b> deur Prof. dr. J. C. Coetzee	3/-
No. 11	<b>Gesprekke met Dr. W. J. Leyds,</b> deur Kees van Hoek	3/-
No. 12	<b>Berigte te Velde.</b> Opstelle oor die idee van 'n Afrikaanse Letterkunde, deur N. P. van Wyk Louw	4/-
No. 13	<b>Jan Lion Cachet met sy Sewe Duikwela,</b> deur dr. P. J. Nienaber	3/-
No. 14	<b>Dink vir Jouself,</b> deur dr. P. C. Schoonees	3/-
No. 15	<b>Da. S. J. du Toit,</b> die eensame Ismael, deur dr. P. J. Nienaber	3/8
No. 16	<b>Onderwys in Kaapland, 1652-1939,</b> deur dr. P. S. du Toit	5/-
No. 17	<b>Onderwys in Transvaal 1838-1938.</b> 'n Historiese oorsig deur Prof. dr. J. Chr. Coetzee	5/-
No. 18	<b>Onderwys in Natal 1824-1940,</b> deur Dr. I. Steenkamp	5/8
No. 19	<b>Onderwys in die Oranje Vrystaat,</b> deur Thos. Blok (Op die pers).	
No. 20	<b>Taklelossie</b> deur Dr. Abel Coetzee.—'n Bydrae tot die Afrikaanse Volkslewe en Taalkunde. Uitgegee in opdrag van die Universiteit van die Witwatersrand	4/-
No. 21	<b>Sestig jaar belevenis van Dietsse Kultuur,</b> deur Prof. Dr. G. Besselaar	3/6
No. 22	<b>Taalgeografie.</b> Inleidende gedagtes oor Dialekstudie deur S. A. Louw (Universiteit van Pretoria)	5/-
No. 23	<b>Fabrieksgeheimen</b> deur J. Greshoff. Prys 5/- (gebind) Oor die ontstaan van poësie.	6/-
No. 24	<b>Muse, mijn Vriendin</b> deur J. Greshoff	5/6
No. 25	<b>Bestendige Onbestendigheid</b> deur O. van Oostrum	4/6
No. 26	<b>Onderwys aan die Kaap</b> onder die Bataafse Republiek 1803—1806—deur P. S. du Toit	6/6
No. 27	<b>Merkwaardige Figure van die Oudheid,</b> deur dr. H. Muller	3/9
No. 28	<b>Die Afrikaanse Spreektaal</b> deur P. de V. Pienaar.	

J. L. VAN SCHAİK, BEPK., UITGEWERS, PRETORIA.